

OPVOEDING TOT BEROEPSVOLWASSENHEID IN DIE
TRANSVAAALSE SPESIALE SKOLE

Ingedien deur

Jacobus Petrus Johannes Goussard, B.Ed.

Skripsie goedgekeur vir die gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys

Studieleier: Prof. C.J. Meyer

Hulpleser : Mev. J.H. Coetzee

POTCHEFSTROOM

1984

DANKBETUIGING

By die voltooiing van hierdie studie is dit 'n voorreg om my dank en erkentlikheid te betuig aan my geagte studieleiers, Prof. C.J. Meyer en Mev. J.H. Coetzee vir hulle wetenskaplike insig, leiding, aanmoediging en belangstelling. Sonder hulle volgehoue hulp en raad sou hierdie studie nie gerealiseer het nie.

Aan die T.O.D. betuig ek graag my dank vir die beskikbaarstelling van materiaal en die toestemming verleen tot hierdie studie.

'n Besondere en opregte woord van dank aan Prof. D.P. Wissing vir die keurige en wetenskaplike taalversorging.

My innige dank aan my vrou Trudie, my kinders Raymond, Tessa, Truida, Pieter en Nicolette wat my met sovele opofferinge gedurende hierdie studietydperk altoos verdra, gedra en aangemoedig het.

Ten slotte my dank en lof aan die Skepper wat my deur Sy genade in staat gestel het om die studie te voltooi.

J.P.J. Goussard

DESEMBER 1984

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

AGTERGROND, PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING, DOEL EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

1.1	INLEIDEND	1
1.2	ALGEMENE HOUDING EN BETROKKENHEID VAN DIE OUEERS EN DIE GEMEENSKAP	3
1.3	PROBLEEMSTELLING	5
1.4	MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK	5
1.5	DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	6
1.6	PROGRAM VAN ONDERSOEK	6

HOOFSTUK 2

OPVOEDING EN BEROEPSVOLWASSENHEID

2.1	INLEIDING	8
2.2	OPVOEDING	8
2.3	BEROEPSVOLWASSENHEID	11
2.3.1	Inleiding	11
2.3.2	Volwassenheid	11
2.3.3	Beroepsontwikkelingsteorieë	13
2.3.3.1	Beroepsontwikkelingsteorie van Super	14
2.3.3.1.1	Agtergrond van die teorie	14
2.3.3.1.2	Super se beroepsontwikkelingsteorie	14
2.3.3.1.3	Determinante van beroepspatrone	16
2.3.4	Beroepsvolwassenheid	17
2.4	SAMEVATTING	21

HOOFSTUK 3

SPESIALE ONDERWYS

3.1	INLEIDING	22
3.2	VERSTANDELIKE GESTREMDHEID	22
3.2.1	Definisies	22
3.2.2	Identifisering	24
3.2.3	Klassifikasie	26
3.2.4	Klassifikasie en intelligensiemeting	27

3.3.5	'n Algemene perspektief op verstandelike gestremde leerlinge	28
3.2.6	Psigologiese behoeftes	30
3.2.7	Oorsake	32
3.2.8	Omvang	36
3.2.9	Internasionale beskerming van die verstandelik gestremde kind	36
3.2.10	Spesiale skole	37
3.3	GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN SPESIALE ONDERWYS	39
3.3.1	Gedifferensieerde onderwys	39
3.3.2	Wetsbepalings ten opsigte van Spesiale Onderwys	41
3.3.2.1	Woordomskrywing: Spesiale Onderwys	41
3.3.2.2	Skoolplig	41
3.3.2.3	Vrystelling, uitstel of oorplasing	43
3.4	VERWYSINGSKRITERIA EN PLASINGSMETODE VIR LEERLINGE NA SPESIALE ONDERWYS	43
3.4.1	Uitkenning van verstandelik gestremde leerlinge	43
3.4.2	Aanmelding en plasingprosedure	44
3.5	SAMEVATTING	46

HOOFSTUK 4

KURRIKULUM EN BEROEPSMOONTLIKHEDE VIR SPESIALE-SKOOLEERLINGE

4.1	INLEIDING	47
4.2	KURRIKULUM VIR SPESIALE ONDERWYS	47
4.2.1	Algemene perspektief	47
4.2.2	Doelstellings van die kurrikulum	50
4.2.3	Kurrikulum vir die Transvaalse spesiale skole	51
4.2.3.1	Verpligte vormende, nie-eksamenvakke	51
4.2.3.2	Verpligte skolastiese eksamenvakke	52
4.2.3.3	Praktiese vakgroepe	52
4.3	BEROEPSMOONTLIKHEDE VIR SPESIALESKOOLEERLINGE	54

4.3.1	Inleiding	54
4.3.2	Oorsigtelike beskouing	54
4.3.3	Beroepsmoontlikhede vir verstandelik gestremde leerlinge	55
4.4	SAMEVATTING	57

HOOFSTUK 5

MEETMIDDELS

5.1	INLEIDING	58
5.2	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	58
5.3	METODE VAN ONDERSOEK	58
5.3.1	Keuse van metode	58
5.3.1.1	Voor- en nadele van persoonlike onderhoude as navorsingsmetode	59
5.3.1.2	Voor- en nadele van vraelyste as navorsingsmetode	61
5.3.2	Die vraelys as empiriese navorsingsmetode	62
5.3.2.1	Inleiding	62
5.3.2.2	Die ontwerp van die vraelys	63
	i. Konstruksie van die vraelys	63
	a. Gestruktureerde items	64
	b. Ongestruktureerde items	64
	ii. Kriteria vir die ontwerp van items	65
	iii. Tegniese versorging	66
	iv. Anonimiteit	67
	v. Samestelling van die voorlopige vraelys	67
	vi. Verspreiding en terugontvangste	68
5.4	DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	68
5.4.1	Keuse van proefpersone	68
5.4.2	Samestelling van die vraelys	69
5.4.2.1	Motivering en ontwerp van die vraelys	69
5.4.2.2	Keuse van die soort items vir die vraelys	70
5.4.2.3	Eerste redaksie van die vraelys	70
5.4.2.4	Tweede redaksie van die vraelys	70
5.4.2.5	Aspekte van die finale vraelys	71
	a. Breë temas wat deur die vraelys gedek word	71
	b. Lengte van die vraelys	72

	c. Anonimiteit van die vraelys	73
	d. Voorkoms van die vraelys en begeleidende brief	73
5.4.2.7	Terugontvangste	73
5.5	DEPARTEMENTELE OPNAME VAN SKOOLVERLATERS	74
5.6	SAMEVATTING	75
HOOFSTUK	6	
EMPIRIESE	ONDERSOEK	
6.1	INLEIDING	76
6.2	Vraag 1(a) en 1(b)	76
6.2.1	Inleiding	76
6.2.2	Vraelysresponse	76
6.2.3	Analise van response	76
6.2.4	Vraag 1(b)	77
6.2.5	Gevolgtrekking	77
6.3	Vraag 2	77
6.3.1	Inleiding	77
6.3.2	Vraelysresponse	78
6.3.3	Analise van response	78
6.3.4	Gevolgtrekking	78
6.4	Vraag 3(a) en 3(b)	79
6.4.1	Inleiding	79
6.4.2	Vraelysresponse	79
6.4.3	Analise van response	79
6.4.4	Vraag 3(b)	79
6.4.5	Samevattende gevolgtrekkings	80
6.5	Vraag 4(a) en 4(b)	80
6.5.1	Inleiding	80
6.5.2	Vraelysresponse	81
6.5.3	Analise van response	81
6.5.4	Vraag 4(b)	81
6.5.5	Gevolgtrekking	82
6.6	Vraag 4(c) en 4(d)	82
6.6.1	Vraelysresponse	82
6.6.2	Analise van response	82
6.6.3	Vraag 4(d)	82

6.6.4	Gevolgtrekking	83
6.7	Vraag 5(a) en 5(b)	83
6.7.1	Inleiding	83
6.7.2	Vraelysresponse	83
6.7.3	Analise van response	84
6.7.4	Vraag 5(b)	84
6.7.5	Gevolgtrekking	85
6.8	Vraag 6(a) en 6(b)	85
6.8.1	Inleiding	85
6.8.2	Vraelysresponse	86
6.8.3	Analise van response	86
6.8.4	Vraag 6(b)	86
6.8.5	Gevolgtrekking	87
6.9	Vraag 7(a) en 7(b)	87
6.9.1	Inleiding	87
6.9.2	Vraelysresponse	87
6.9.3	Analise van response	87
6.9.4	Vraag 7(b)	88
6.9.5	Gevolgtrekking	88
6.10	Vraag 7(c)	89
6.10.1	Inleiding	89
6.10.2	Vraelysresponse	89
6.10.3	Analise van response	89
6.10.4	Gevolgtrekking	89
6.11	Vraag 8(a) en 8(b)	90
6.11.1	Inleiding	90
6.11.2	Vraelysresponse	90
6.11.3	Analise van response	91
6.11.4	Vraag 8(b)	91
6.11.5	Gevolgtrekking	91
6.12	Vraag 9(a) en 9(b)	92
6.12.1	Inleiding	92
6.12.2	Vraelysresponse	92
6.12.3	Analise van response	92
6.12.4	Vraag 9(b)	93
6.12.5	Samevattend	93
6.13	Vraag 10(a), 10(b) en 10(c)	93
6.13.1	Inleiding	93

6.13.2	Vraelysresponse	94
6.13.3	Analise van response	94
6.13.4	Vraag 10(b)	94
6.13.5	Vraag 10(c)	94
6.13.6	Gevolgtrekking	95
6.14	Vraag 11(a), 11(b) en 11(c)	95
6.14.1	Inleiding	95
6.14.2	Vraelysresponse	96
6.14.3	Analise van response	96
6.14.4	Vraag 11(b)	96
6.14.5	Vraag 11(c)	97
6.14.6	Gevolgtrekking	97
6.15	SAMEVATTING	97

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	INLEIDING	98
7.2	SAMEVATTING	98
7.2.1	Agtergrond van die studie	98
7.2.1.1	Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid	98
7.2.1.2	Probleemstelling	99
7.2.1.3	Motivering vir die ondersoek	99
7.2.2	Opvoeding en beoepsvolwassenheid	99
7.2.2.1	Inleiding	99
7.2.2.2	Opvoeding	99
7.2.2.3	Beroepsvolwassenheid	100
7.2.3	Spesiale Onderwys	100
7.2.3.1	Inleiding	100
7.2.3.2	Verstandelike gestremdheid	101
7.2.3.3	Definisies	101
7.2.3.4	Identifisering van verstandelik gestremde leerlinge	101
7.2.3.5	Klassifikasie	102
7.2.3.6	Algemene perspektief op verstandelik gestremde leerlinge	102
7.2.3.7	Psigologiese behoeftes	102

7.2.3.8	Oorsake	102
7.2.3.9	Omvang	103
7.2.3.10	Internasionale beskerming van die verstandelik gestremde kind	103
7.2.3.11	Spesiale skole	103
7.2.4	Die gedifferensieerde onderwysstelsel en Spesiale Onderwys as 'n noodwendige faset hiervan	103
7.2.4.1	Gedifferensieerde onderwys	103
7.2.4.2	Wetsbepalings ten opsigte van Spesiale Onderwys	103
7.2.5	Verwysingskriteria en plasingsmetodes vir leerlinge na spesiale skole	104
7.2.6	Kurrikulum en beroepsmoontlikhede vir spesialeskoolleerlinge	104
7.2.6.1	Inleiding	104
7.2.6.2	Kurrikulum vir Spesiale Onderwys	104
7.2.6.3	Doelstellings van die kurrikulum	104
7.2.6.4	Kurrikulum vir die Transvaalse spesiale skole	105
7.2.7	Beroepsmoontlikhede vir spesialeskoolleerlinge	105
7.2.8	Meetmiddels	105
7.2.8.1	Die doel van die ondersoek	105
7.2.8.2	Die metode van ondersoek	105
7.2.8.3	Die empiriese ondersoek	106
7.2.9	Departementele Opname van Skoolverlaters	106
7.2.10	Empiriese ondersoek	106
7.2.10.1	Bespreking van elke vraeysitem	107
7.3	GEVOLGTREKKINGS	107
7.3.1	Inleiding	107
7.3.2	Skolastiese aangeleenthede	107
7.3.3	Die beroepsgerigte vakke en indiensnemings- moontlikhede	108
7.3.4	Die volwassenheidspeil van leerlinge wat die skool vir indiensneming verlaat	109
7.3.5	Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid	110
7.4	AANBEVELINGS	110
7.4.1	Inleiding	110
7.4.2	Aanbevelings	111

7.4.2.1	Aanbevelings ten opsigte van skolastiese aangeleenthede	111
7.4.2.2	Aanbevelings ten opsigte van die voorberoeptionsgerigte vakke met gepaardgaande in- diensnemingsmoontlikhede	112
7.4.2.3	Aanbevelings ten opsigte van leerlinge se verstandelike en psigiese volwassen- heidspeil by skoolverlating	114
7.4.2.4	Aanbevelings ten opsigte van die ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid	114
7.5	SLOT	115

SUMMARY

BIBLIOGRAFIE

- BYLAAG A: BEGELEIDENDE BRIEF VAN DIE VRAELYS
 BYLAAG B: VRAELYS AAN HOOFDE VAN SPESIALE
 SKOLE IN TRANSVAAL
 BYLAAG C: DEPARTEMENTELE OPNAME VAN SKOOLVER-
 LATERE VAN SPESIALE SKOLE (1982)

LYS VAN TABELLE

HOOFSTUK 1

AGTERGROND, PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING, DOEL EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDEND

God het die mens geskape na sy beeld en hom beveel om die aarde te onderwerp en daaroor te heers (Gen. 1:27 - 28). Die opdrag ná die sondeval van die mens bring 'n wending aan die eerste bevel....die "heers" sal nou gepaard gaan met arbeidsweet. God stel egter vir die mens die voorbeeld. Hy maak vir hulle rokke van vel (Gen. 3:21). Jesus in die timmermanswinkel en Paulus as tentmaker het ook die arbeidsveld betree.

"As gevolg van die oneindige Wysheid van God is elke mens anders as die ander mens. In baie opsigte is hy ook eners" (Maat, 1975:255). "En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë...(Matt. 25:15). Van elkeen van hulle word egter verwag om dit met honderd persent te vermeerder. Ook Niemann (1979:1) stel dit baie duidelik wanneer hy sê dat die ongelikheid van mense openbaar word in hulle onderskeidende vermoëns waarmee hulle gebore is. Die verskille is opvallend ten opsigte van die intellektuele, volisionele en emosionele vermoëns van mense.

Die verstandelik minder begaafdes, waaronder die spesialeskoolleerlinge, het dus dieselfde verantwoordelikheid teenoor die Skepper ten opsigte van sy arbeidsopdrag as die meer begaafdes.

Die skole is vandag verantwoordelik vir die onderwys van alle leerlinge. 'n Onderwysstelsel wat nie toesien dat elke leerling slegs die beste geleenthede gegun word om ten beste te ontplooi nie, doen onherstelbare skade aan sowel die kind as die gemeenskap. Ook die verstandelik gestremde kind mag met reg aanspraak maak op sy eiesoortige onderwys. Hierdie kind moet, afgesien van sy beperkte talente, deur sy onderwys gelei word om 'n eerbare en 'n menswaardige bestaan binne sy gemeenskap te voer (Van Wyk, 1974:1).

Die verstandelik gestremde wil soos alle gemiddelde en bo-gemiddelde kinders ook sy plek in die arbeidsopset volstaan, hy wil ook sy brood verdien en die genot smaak van 'n self-onderhoudende bestaan (Robbertse, 1972:204).

Verder moet deeglik besef word dat die voorkoms van verstandelike gestremdheid nie die persoon ontsien nie. Die kinders van ryk of arm, gesond en siek, oud of jonk, geletterd of ongeletterd mag dit almal ten prooi val (Love, 1970:67).

Ordonnansie R 2029 van 12 November 1971 bepaal die volgende:- "Leerlinge wat nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale loop van die onderwys verskaf word nie maar nogtans opvoedbaar is en wat nie in artikel 1 (ix) van die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet 41 van 1967), bedoelde gestremde kinders wat behoort tot 'n kategorie kinders wat in Bylae 1 van daardie Wet vermeld, is nie, ontvang onderwys van 'n gespesialiseerde aard in spesiale klasse of skole".

Tereg kan gevra word wat in Transvaal gedoen word vir hierdie leerlinge. Die R.S.A.-onderwysstelsel onderskryf die Christeliknasionale karakter van ons onderwys (Wet 41 van 1967) waarmee akkoord gegaan word in hierdie bespreking. Borst (1983:32) stel dit baie pertinent dat die Christelike huis van die opvoeding vereis dat dit die geleentheid aan die kind moet bied sodat hy aan sy hoogste doel van sy geskapenheid sal beantwoord. Hy moet deur alles wat hy dink en doen sy Skepper verheerlik.

Die onderwys, en meer spesifiek die Spesiale Onderwys, het 'n besondere taak ten opsigte van die leerlinge aan hulle toevertrou. Kortliks kom die doelstellings van die Spesiale Onderwys op die volgende neer:

In die opvoeding en onderwys moet die kind gehelp word om al sy gawes van hoof, hart en hand optimaal te verwerklik sodat hy 'n lewe van diens aan God en medemens kan lewer tot eer van God (Gunter, 1970:57)... "sodat die mens volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:17).

Du Preez (1977:84) sien die doelstelling van Spesiale Onderwys in 'n breë perspektief. Die kind moet nie slegs gesien word met 'n gestremdheid nie, maar sy totaliteit moet die kern vorm. Hulpverlening aan die verstandelike gestremde lewer 'n bydrae tot die algemene persoonlikheidsgroei en help dat die kind positief staan tot die lewe en sy Skepper.

1.2 ALGEMENE HOUDING EN BETROKKENHEID VAN DIE OUERS EN DIE GEMEENSKAP

Die verstandelik gestremde kind is deel van sowel 'n gesin as van die gemeenskap. Die ontplooiing van sy

persoonlikheid, sy algehele ontwikkeling en sy uiteindelijke inskakeling by die volwasse lewe word beslissend beïnvloed deur die houdinge en betrokkenheid van die gesin en die gemeenskap. Die sekuriteit en stabiliteit van alle kinders word bepaal deur die houdings van hulle ouers. Dat ouers gunstig reageer op suksesse van hulle kinders en teleurgesteld is in hulle mislukkings en misstappe, is natuurlike reaksies. Normale emosionele spanning word dikwels aangevuur deur die besorgdheid van die ouer oor die kind se mislukkings. Die verstandelike gestremde kind is dikwels in 'n meerdere mate onbevoeg om ouerlike reaksies te vertolk en gedragsprobleme mag ontwikkel wat die kind se aanpassing nog verder sal strem (Erickson, 1965:103).

Uit 'n psigologiese perspektief beskou is Johnson (1971:521-2) van mening dat ouers die kinders se probleme op intellektuele vlak aanvaar maar nie op die emosionele vlak nie. Die opleidingsprogram of die geskikste terapeutiese behandeling is soms vir hulle eenvoudig onaanvaarbaar.

Grobler (1967: 45-6) se siening van die houdings van ouers en die gemeenskap vind baie goeie aanklank by bogenoemde uiteensetting. Grobler is van mening dat die swak kennis en 'n gebrek aan inligting tot ontaktvolle houdings lei.

Die moontlikheid bestaan dat die verstandelik gestremde kinders in die spesiale skole deur die houdings van hulle ouers en die gemeenskap baie nadelig getref kan word. In sy boek "The backward child" waarmee Burt (1969:604-5) in Engeland ten opsigte van Spesiale Onderwys baanbrekerswerk gedoen het, bied hy 'n pleidooi vir ouerlike en

gemeenskapsbetrokkenheid wat nooit verontagsaam mag word nie. Alles moontlik moet gedoen word om die ouers se nouste samewerking met die skool te verkry. Ouerdae moet gereël word, ouerkomitees moet gestig word, verduidelikende omsendbriewe moet gereeld uitgestuur word en persoonlike gesprekke met die onderwyspersoneel moet gevoer word om die beste metodes vir die kind se hantering binne en buite die skool vas te stel. Bo alles behoort die skool vir die kinders wat tuis in ongunstige omstandighede verkeer, 'n veilige hawe, 'n tweede huis te vorm.

Die ouers, die skool en gemeenskap het dus 'n onbetwisbare verantwoordelikheid teenoor hierdie leerlinge wat ook eendag as volwassenes in die beroepswêreld hulle regmatige plekke moet beklee.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die leerlinge in spesiale skole word afgesonder op grond van hulle verstandelike gestremdheid. Hulle unieke behoeftes ten opsigte van opvoeding en onderwys verg gereelde en deurgronde besinning deur alle betrokkenes.

Die vraag ontstaan dus nou of ons huidige Transvaalse onderwysstelsel voldoende opvoedingsfasiliteite bied om reg te laat geskied aan hierdie leerlinge se latere beroepsvolwassenheid.

1.4 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

In hierdie eeu, wat gekenmerk word deur 'n snelle en onstuitbare tegnologiese ontwikkeling, moet daar deur die

belangstellendes en betrokkenes verantwoordelik besin en beplan word wanneer die opvoeding en onderwys van spesiale-skoolleerlinge ter sprake kom. Hulle beroepskeuses word beperk en die beroepsvereistes word daaglik verhoog.

Verdere motivering spruit voort uit die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se ondersoek (Onderwys en Skool-voorligting vir Verstandelik Gestremde Leerlinge). Hierin word aanbeveel dat die kurrikulum en leerplanne van spesiale skole meer gerig behoort te wees ten opsigte van dië leerlinge se beroepsbehoeftes (Maat, 1975: 258-9).

Ook Van Wyk (1974: 278-9) se aanbevelings lewer 'n bydrae tot die aktivering van hierdie ondersoek: Die indiensplasingmoontlikhede van dogters wat die spesiale skool verlaat, en die werksmoontlikhede vir spesialeskoolseuns vereis verdere navorsing.

Hierdie navorsing sal dus ook poog om genoemde aspekte van nader te beskou.

1.5 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek is om moontlike bydraende faktore en probleemareas in die huidige Spesiale Onderwys vas te stel wat daartoe kan lei dat die verstandelik gestremde leerlinge in hulle latere beroepskeuses as volwassenes benadeel mag word.

1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK

In Hoofstuk 1 word 'n bepaalde lewens- en wêreldsbeskouing, naamlik die Christelike, as begronding vir hierdie studie aangebied. Dan volg die blootlegging van sommige verantwoordelikhede wat rus op die skouers van ouers, skole en die

gemeenskap ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders. Laastens word die probleem, die motivering en die doel van hierdie ondersoek ter tafel geplaas.

In Hoofstuk 2 word die begrippe opvoeding en beroepsvolwassenheid gedefinieer en omskryf met spesifieke beklemtoning ten opsigte van die Spesiale Onderwys.

In Hoofstuk 3 word Spesiale Onderwys op die voorgrond geplaas. Spesiale Onderwys as 'n besondere komponent van die breë onderwysstelsel bring mee dat spesiale skole, leerlinge van hierdie skole, en hulle eiesoortige behoeftes in oënskou geneem moet word.

Hoofstuk 4 bied 'n kort weergawe van die kurrikulum van spesiale skole asook sommige van die beroepsmoontlikhede wat aan hierdie leerlinge gebied word.

Hoofstuk 5 meetmiddels is 'n besinning oor die doel en die metode van ondersoek en 'n motivering vir en bespreking van die vraelys en Departementele Opname van Skoolverlaters vir die insameling van die nodige data.

In Hoofstuk 6 word die resultate van die empiriese ondersoek bespreek.

Hoofstuk 7 bied 'n samevatting met algemene gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit hierdie studie voortvloei.

OPVOEDING EN BEROEPSVOLWASSENHEID

2.1 INLEIDING

Die mens, en in besonder die kind, is op opvoeding aangewese; trouens, sonder die nodige opvoeding is sy latere bestaan en deelname aan sy gemeenskapsaktiwiteite haas ondenkbaar.

Die opvoedingsdoel is gerig op die volwassewording van die kind op elke lewensterrein. Hier in besonder impliseer opvoeding die begeleiding tot beroepsvolwassenheid.

In hierdie hoofstuk word daar aan die volgende begrippe aangedag gegee: opvoeding, volwassenheid, beroepsontwikkelingsteorieë en beroepsvolwassenheid, met spesiale verwysing na die beroepsvolwassenheid van spesialeskoolleerlinge.

2.2 OPVOEDING

Alle opvoeding word gerig en gelei deur 'n lewens- en wêreldbeskouing. Die Christengelowige opvoeder put sy raad en leiding uit die Woord van God.

"Christelike opvoeding sal dus 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde daad wees waarby 'n Christelike opvoeder, wat uit sy liefde vir God en die naaste gedwonge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot ontsluiting van die kosmos, 'n onmondige persoon (-e) tot ontsluiting bring en sodoende lei, help vorm, toerus en oorhaal tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy taak om God met sy lewe te dien, sy koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder

en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring" (Van Wyk, 1975:39).

Gunter (1970:57) asook Kohnstamm (1963:136-7) onderskryf die Christelike onderwysbeginsels. Gunter sonder spesifiek die omhoogleiding van die verstandelike, sedelike, sosiale en godsdienstige komponente van die opvoeding uit wat by die kind moet lei tot 'n volle selfstandige, vrugbare en nuttige lewe van arbeid en diens met en vir sy medemens tot eer van God. In sy ooreenstemmende siening ag Kohnstamm dit gerade om te waarsku teen die opvoeder se eiewysheid. Alle opvoeding moet slegs Godsgerig wees.

Soos reeds gestel (vgl.1.3) is 'n deeglike besinning nodig ten opsigte van die Spesiale Onderwys. Sou daar enigsins nagelaat word om slegs die beste geleenthede en fasiliteite vir hierdie leerlinge te skep, mag die woorde van Jesus ook spreek teenoor die verantwoordelike ouers en gemeenskap:

"Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie" (Matt. 25:45).

Carl Rogers (1961:282-5) skets 'n baie insiggewende essensie ten opsigte van onderwys en leer wat opvoedkundiges nie uit die oog mag verloor wanneer hulle gemoeid is met Spesiale Onderwys nie. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van die regte verhouding tussen onderwyser en leerling (-e):

- . Die kind moet bewus daarvan wees dat hy 'n probleem in die gesig staar - dit moet vir hom 'n uitdaging inhou om dit op te los.
- . Daar moet 'n duidelike kongruensie vanuit die onderwyser

straal. Hy moet bloot homself wees - daar mag geen sprake van enige pretensie wees nie. Die kind voel veilig en ontspanne in hierdie tipe verhouding.

- . Die kind moet onvoorwaardelik en positief as 'n unieke persoonlikheid aanvaar word. Hy moet oortuig daarvan wees dat hy die reg het tot eie opinies en gevoelens. Aanvaarding moet gesien word as 'n basiese menslike behoefte.
- . Duidelike blyke van empatiese meelewing moet deur die onderwyser gegee word. Die kind se angs, vrese en verwarring moet hanteer word sonder dat die onderwyser se eie gevoelens enige inbreuk hierop maak.
- . Dit is noodsaaklik dat die kind bewus moet wees van die onderwyser se kongruensie, aanvaarding en empatie. Hierdie toestande moet nie slegs by die onderwyser teenwoordig wees nie - dit moet ook suksesvol oorgedra word aan die kind.

Vir Van Zyl (1973:198) word die opvoedingsdoel ingebed in dié opvoeding wat as steunaanbieding deur die opvoeder en steunaanvaarding deur die opvoedeling daarop gerig is dat dit die opvoedeling help tot geleidelike selfstandigheid totdat hy as mondige volwasse mens sy lewenstaak selfstandig kan behartig.

Alle opvoeding en onderwys is doelgerig. Gedifferensieerde onderwys bied teoreties die moontlikhede aan alle leerlinge om met inagneming van hulle verstandelike potensiaal, hulle belangstellings en aanleg en hulle ideale ten opsigte van hulle toekomstige beroepe te verwesenlik.

Spesiale Onderwys as eiesoortige komponent van onderwys het

sekere kenmerkende doelstellings wat nadere toeligting moet geniet as hierdie leerlinge se beroepsvolwassenheid in oënskou geneem wil word (vgl. 2.3.4).

2.3 BEROEPSVOLWASSENHEID

2.3.1 Inleiding

Eerstens word algemene volwassenheid aangedui, daarna 'n kort weergawe van Super se beroepsontwikkelingsteorie voordat beroepsvolwassenheid en die doelstellings van die Spesiale Onderwys bespreek word.

2.3.2 Volwassenheid

Volwassenheid word as die einddoel van opvoeding gestel. Die begrip is relatief van aard en is dus moeilik om presies te omlyn.

Volgens Van Zyl (1973:213-218) moet kriteria vir die evaluering van volwassenheid gevind word na aanleiding van 'n soeke na die wese van volwassenheid. Garbers (1961:71-2) beklemtoon sekere kriteria wat op beroepsrypheid dui en wat hy ook as die aanvang van volwassenheid beskou. Deur hierdie twee gedagterigtings te integreer word 'n duideliker beeld van volwassenheid verkry, wat vervolgens kortliks weergegee word:-

- . Die verbesondering van die gewete spruit voort uit die geheel van die gevoelsontwikkeling en dit lei tot die besef van 'n lewenstaak. Die individu word in staat gestel tot selfdistansiëring en die beoordeling van sy eie dade.
- . Volwassenheid veronderstel die aanvaarding van eie lyflikheid. Hier gaan dit nie slegs oor die liggaamlike

versorging nie maar ook oor die beheer van die biologiese drifte en drange. Verder eskaleer dit na die aanvaarding van rolverwagtings wat gestel word aan man- of vrouwees en die uiteindelijke huweliksvolwassenheid.

- . Volwassenheid impliseer die realistiese aanvaarding van eie begaafdheid en 'n beroepstaak. Van Zyl (1973:215) is van mening dat die beroepskeuse, die beroepsvoorbereiding, asook die beroepsbeoefening self die eis stel van verantwoordelikheid, redelikheid en sedelikheid wat ingebed is in menslikheid.
- . Die volwassene moet outonome gewetensbeslissings maak en aanvaar persoonlike verantwoordelikheid vir sy besluite. Hy moet bereid wees tot stellinginname in enige groepsituasie.
- . Die volwassene aanvaar verantwoordelikheid vir sy vryheid, dusdoende aanvaar hy die sin van die lewe en gepaardgaande hiermee die sin van eie bestaan. Hy moet ook die moed hê om hom in sy selfopgelegde gebondenheid te waag. Die volwassene kan hom berus in die onvermydelike sonder om sy eie verantwoordelikheid prys te gee en sonder om hom van sy eie skuld te onthef.
- . Die volwassene word gelei deur 'n lewensopvatting. Dit bied aan hom die nodige koersvastheid, betroubaarheid en vertroue. Garbers (1961:72) voorsien ook hier 'n goeie ewewigtige werkhouding wat tot stand moet kom en waarin 'n hiërargie van gehuldigde waardes hulle uitdrukking vind. Die volwassene se taakaanvaarding moet steun op 'n wêreldingewing en hy moet die lewe as opgawe aanvaar.

. Volgens Van Zyl (1973:217-8) kom die volwassene se selfstandigheid en volwassenheid waarskynlik die beste tot uitdrukking wanneer hy bereid is om sy hoof te buig voor die hoogste gesag, naamlik God.

Die beroepskeuses en indiensneming van leerlinge geskied nie sonder 'n bepaalde aanloop nie. Daar is sekere determinante en fases wat 'n beslissende effek het op leerlinge se finale beroepskeuses en by die aanvaarding van beroepe.

2.3.3 Beroepsontwikkelingsteorieë

Tans is daar etlike beroepsontwikkelingsteorieë waaraan opvoedkundiges aandag bestee. Norris, et al. (1979:105-124) bespreek onder meer die volgende:-

Ginzberg, Ginzburg, Axelrod & Herma (1951): Hierdie outeurs sluit vier veranderlike faktore in by hulle proses van beroepskeuse: realiteit, die opvoedkundige proses, emosionele faktore en die waardesisteem van die individu.

Holland (1958): Holland se teorie is gerig op ontwikkeling en die determinante van beroepskeuse word beklemtoon.

Roe (1951): Haar teorie word geklassifiseer as 'n behoefte-teorie, omdat primêr aandag gegee word aan die noodsaaklikhede en begeertes wat die individu stimuleer om beroepsvoorkeure te maak.

Super (1957): Sien latere bespreking.

Tiedeman & O'Hare (1963): Hierdie teorie behels twee periodes, wat elkeen uit 'n reeks fases bestaan. Die eerste periode (antisipasie) het vier fases: eksplorاسie, kristallisasie, keuse en helderheid/opklaring. Die tweede periode word gekenmerk deur implementering en aanpassing.

2.3.3.1 Beroepsontwikkelingsteorie van Super

2.3.3.1.1 Agtergrond van die teorie

Volgens Norris et al. (1979:114) het Super sy beroepsontwikkelingsteorie vir die eerste keer in die American Psychologist (8, 1953:185-190) gepubliseer met tien stellings oor beroepsontwikkeling. Gedurende 1957 het Super hierdie stellings tot twaalf uitgebrei.

Omdat Super se teorie meer omvattend en toepaslik in die Spesiale Onderwys is, word spesiale aandag hieraan geskenk.

2.3.3.1.2 Super se Beroepsontwikkelingsteorie

Norris et al. (1979:114-117) asook Mortensen & Schmuller (1976:457-8) bied uiteensettings van Super se teorie wat soos volg saamgevat kan word:-

Stelling 1: Beroepsontwikkeling is 'n voortdurende kontinue en gewoonlik onomkeerbare proses.

Stelling 2: Dis 'n ordelike gepatroneerde en voorspelbare proses.

Stelling 3: Beroepsontwikkeling is 'n dinamiese proses.

Stelling 4: Selfkonsepte word voor adolessensie gevorm en word duideliker en neem definitiewe "beroeps-patrone" gedurende adolessensie aan.

Stelling 5: Werklikheidsfaktore (persoonlike karaktereienskappe en die realiteit van die samelewing) speel 'n toenemende rol in beroepskeuse vanaf adolessensie na volwassenheid.

Stelling 6: Identifikasie met die ouers of substitute hou direk verband met die ontwikkeling van gepaste rolvervulling.

- Stelling 7: Die vertikale beweging van een beroepsvlak na 'n ander hou verband met intelligensie, sosio-ekonomiese vlak van die ouers, drang na status, waardes, belangstellings, aanleg, interpersoonlike verhoudings en die ekonomiese vraag en aanbod.
- Stelling 8: Die beroepsveld wat die individu betree, hou verband met sy belangstellings, waardes en behoeftes, sy identifikasiemodelle, die gemeenskapsbronne wat hy benut en die beroepstruktuur, asook die -neigings en -houdings van sy samelewing.
- Stelling 9: Hoewel elke beroep sekere kenmerkende vermoëns, belangstelling en persoonlikheidseienskappe verg, is daar genoeg ruimte sodat verskeie individue in 'n bepaalde pos aangestel kan word en dat dieselfde persoon 'n wye keuse kan uitoefen ten opsigte van verskeie beroepe.
- Stelling 10: Lewens- en werksbevrediging is afhanklik van die mate waarin die individu voldoende uitlewing van sy vermoëns, belangstellings en aanleg kan realiseer.
- Stelling 11: Die mate van bevrediging wat die individu van sy beroep verkry, is in verhouding tot die mate waarin hy sy selfkonsep kan implementeer.
- Stelling 12: Werk en beroep is 'n bron van persoonlikheidsvorming en bied geleenthede vir die uitlewing van lewens- en wêreldbeskouing vir die meeste individue.

2.3.3.1.3 Determinante van beroepspatrone

Volgens Mortensen & Schmuller (1976:458-9) maak Super die stelling dat daar sekere determinante is wat die beroepspatrone onvermydelik help bepaal. Hierdie determinante kan nie tot 'n formule gereduseer word nie. Die belangrikheid van 'n determinant wissel na gelang van die lewensfase, van individu tot individu, en van beroep tot beroep.

* Individuele eienskappe en ervaring

- . Psigologiese eienskappe, soos verstandelike vermoë, aanleg, prestasie, persoonlikheid (insluitende houdings, waardes en behoeftes), selfkonsepte en motiveringsvlak.
- . Fisieke eienskappe, soos lengte, gesondheid, liggaamsbou en spesiale fisieke bates of swakhede.
- . Ervaring, soos opleiding, aanleg, stokperdjies, werksge-skiedenis, ontspanningsaktiwiteite, sosiale vermoëns en die identifikasie of verwerping van identifikasiemodelle.

* Persoonlike omstandighede van die individu

- . Gesinsagtergrond, soos die sosio-ekonomiese status, die beroepstatus, finansiële status, interpersoonlike verhoudings en reputasie en aspirasies van die ouers.
- . Eie gesinsomstandighede, soos huwelikstatus, aantal afhanklikes en hulle ouderdomme, aspirasies van die eggenote en die gesin se interpersoonlike verhoudings.
- . Algemene omstandighede, soos ras, godsdiens, mededinging, houdings van andere, sosio-ekonomiese en finansiële posisie, geografiese gebied en burgerskap.

* Die situasie van die individu insluitend die ekonomiese toestande, internasionale verhoudinge, nasionale beleid en

ander algemene kenmerke van die gemeenskap en volk.

* Onvoorspelbare faktore, soos verliese, ongelukke, siektes, sterftes en onverwagse geleenthede.

Al hierdie determinante kan bydraes lewer ten opsigte van die wisselende beroepspatrone in 'n samelewing.

Na die bespreking van die begrippe opvoeding, volwassenheid en die beroepsontwikkelingsteorie van Super word die aandag vervolgens gevestig op die begrip beroepsvolwassenheid.

2.3.4 Beroepsvolwassenheid

Opvoeding, en in die besonder die onderwysdoelstellings, is ook gerig op die beroepsvolwassenheid van leerlinge. Die mate van volwassenheid wat hulle bereik het, sal by hulle indiensneming gemanifesteer word.

Mortensen & Schmuller (1966:115) bied 'n weergawe van die kriteria wat Gordon Allport neergelê het ten opsigte van beroepsvolwassenheid. Hierdie persoon behoort:-

- . 'n omvattende gesonde en ewewigtige selfbeeld te hê;
- . daartoe in staat te wees om goeie kontak met andere op sowel 'n intieme as 'n nie-intieme vlak te maak;
- . 'n fundamentele emosionele sekuriteit te hê en homself aanvaar;
- . te dink en te handel in ooreenstemming met die werklikhede van die lewe;
- . daartoe in staat te wees om homself objektief met 'n gepaardgaande goeie humorsin te kan sien;
- . 'n harmoniese lewe te kan lei met 'n basiese rigtinggewende lewensfilosofie.

Die spesiale skole het ook opvoedkundige doelstellings wat

hulle beoog vir die leerlinge wat die skole vir indiensneming verlaat. Uiteraard vorm die aspekte wat tot dusver bespreek is integrale dele van hierdie leerlinge se beroepsvolwassenheid.

"Die werklike taak van die skool is egter om aan die hand van sy opvoeding die kind in sy volkomenheid te ontsluit. Die skool lei die kind om 'n verantwoordelike volwassene te word wat hom vrywillig aan die hoogste gesag, dit is God, onderwerp. Die skool berei hom ook voor om 'n loopbaan te kan volg, maar steeds as verantwoordelike volwassene" (Borst, 1983:32). Spesialeskoolleerlinge kan tereg aanspraak maak op eiesoortige opvoeding en onderwys wat hulle moet help en lei na beroepsvolwassenheid. Verskeie outeurs laat hulle hieroor uit en stel goed oorwoë vereistes wanneer hierdie leerlinge se opvoeding en onderwys ter sprake kom.

Love (1970:69) is die mening toegedaan dat die beste plek vir enige verstandelik gestremde leerling dié is waar hy slegs die beste geleentheid gebied word vir sy eie groei en ontwikkeling. Daar moet 'n gunstige omgewing wees vir die vaslegging van goeie gewoontes en vir die bevordering van die leerhandeling wat 'n bydrae moet lewer tot die volheid van sy lewe. Hierteenoor rig Cruickshank (1958:63) egter 'n duidelike waarskuwing. Volgens hom moet die opvoedkundiges wat hierdie leerlinge se opvoeding en onderwys hul erns maak, deeglik besin of die spesiale skool op 'n realistiese wyse kan voorsien in hulle behoeftes. Hulle moet hulle ook daaryan vergewis

dat geen ander onderwysinstelling hieraan kan voldoen nie. Dit moet beklemtoon word dat leerlinge eers na deeglike identifisering en klassifisering na hierdie skole verwys word. Hulle kan dus met reg aanspraak maak op dié onderwys wat reg sal laat geskied aan hulle vermoëns, aanleg en belangstellings, te wete hulle potensiaal. Die bes moontlike geleenthede moet aan hulle gebied word vir hulle latere ontplooiing in die volwasse beroepswêreld. Na sy deeglike ondersoek stel Robbertse (1972:198) die aangeleentheid ook baie duidelik as hy hom soos volg hieroor uitlaat: "Die grondfeit wat dan ook in hierdie verband menigmaal, hetsy uit oorgretigheid, hetsy uit onkunde, jammerlik misken word, is dat die misdeelde kind, van welke aard of graad sy misdeeldheid ook al mag wees, net soos alle ander mense sy weg in die wêreld as mensekind bewandel en hy via die weg van die opvoeding 'n volwassene-bestaanswyse moet verower".

Opvoeders kan hulle maklik vergis met hierdie leerlinge se volwassenheidspeil en beroepsgereedheid as die insiggewende raad van Maat (1975:218) geïgnoreer sou word. Volgens hom is die ontstaan van die regte arbeidsingesteldheid verbind aan 'n bepaalde wordingsvlak. Eers wanneer 'n verstandelik gestremde leerling duidelike tekens toon van gereedheid, is dit 'n teken van die aanvang van sy volwassening.

Die onderwys aan spesialeskoolleerlinge verskil van die onderwys aan die gewone leerlinge veral daarin dat daar 'n mindere beklemtoning van skolastiese prestasie en 'n meer ernstige beklemtoning van persoonlikheidsontwikkeling en

bekwaamheid ten opsigte van die beroepslewe en sosiale inskakeling plaasvind.

Outeurs soos Erickson (1965:46), Kirk & Johnson (1954:117), Van Wyk (1974: 235-6) asook Barnard (1979:199) beklemtoon die volgende doelstellings in die onderwys aan leerlinge in spesiale skole:-

- . Selfverwesenliking

Die leerlinge moet sover as wat prakties moontlik is gelei en gehelp word sodat hulle aanleg, talente, belangstellings en vermoëns ten volle kan realiseer.

- . Menslike verhoudings

Die regte gesindhede moet by die leerlinge gekweek word vir suksesvolle inskakeling by hulle gemeenskappe.

- . Ekonomiese doeltreffendheid

Beroepsonderrig (in Transvaal voorberoepsonderrig) word universeel beklemtoon. Leerlinge moet deur die onderwys geleer en opgevoed word om 'n selfstandige verantwoordelike ekonomiese bestaan na hulle skoolverlating te voer.

- . Gemeenskapsbetrokkenheid

As volwaardige lede van die gemeenskap moet hulle opgevoed en onderrig word om eendag hulle verpligtinge teenoor hulle eie gesinne, die gemeenskap en die staat verantwoordelik na te kom.

- . Verstandelike, psigiese en godsdienstige aspekte

Hierdie leerlinge moet geleer en gelei word tot selfstandige denke en nugtere besluitneming. Op psigiese vlak moet hulle opgevoed word tot emosionele stabiliteit, in volle beheer van hulle drifte en drange. Hulle moet gelei en gehelp word so 'n mate van selfvertroue te verkry dat hulle hulle in die

alledaagse omgang suksesvol kan handhaaf. As skepsels van God moet hulle omhoog gelei word na die Skepper. Sonder voorbehoud kan daar akkoord gegaan word met die tot nadenke stemmende aanhaling van Steyn (1979:2): "Dit impliseer dat elke leerling gelei en begelei sal word tot sinvolle optimale selfverwerkliking ten opsigte van arbeid in die algemeen en beroepskeuse in die besonder. Die einddoel is om die kind op te voed tot beroepsvolwassenheid sodat hy ten volle sal inskakel in die beroepslewe en sy beroep as roeping tot voordeel van homself, die samelewing en tot eer van God sal beoefen".

2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar besin oor opvoeding as voorwaarde tot volwassenheid en meer spesifiek die beroepsvolwassenheid van die verstandelik gestremde leerlinge.

Wie hierdie leerlinge is, hoe en waarom hulle geïdentifiseer en geplaas word, en die besondere tipe skole en onderwys wat vir hulle afgestem word, sal in Hoofstuk 3 die aandag geniet.

HOOFSTUK 3

SPESIALE ONDERWYS

3.1 INLEIDING

Spesiale Onderwys impliseer spesiale leerlinge (met ander woorde verstandelik gestremde leerlinge), spesiale skole, en spesiale kurrikula wat op die behoeftes van genoemde leerlinge ingestel is.

Eerstens sal hier kortliks gelet word op verstandelik gestremdheid wat onder andere toegelig sal word met definisies, die oorsake en die omvang hiervan.

Hierna geniet die gedifferensieerde onderwysstelsel waarvan Spesiale Onderwys 'n voortspruitende konsekwensie is die aandag.

Ten besluite word daar aandag gegee aan die verwysingskriteria en plasingmetodes vir leerlinge na Spesiale Onderwys.

3.2 VERSTANDELIKE GESTREMDHEID

3.2.1 Definisies

Wanneer die verstandelik gestremde kind gedefinieer of omskryf moet word, moet dit met die grootste omsigtigheid gedoen word. Dit is dan ook gepas dat 'n outeur soos Heber, aangehaal deur McLeod et al., (1968:1) 'n waarskuwing rig: "definitions and classifications (of mental retardation) are..always of a tentative nature and subject to continuing revision with advances in knowledge".

Koch & Koch (1974:5) haal The American Assosiation for Mental

Deficiency se definisie soos volg aan: Verstandelike gestremdheid is "subaverage general intellectual functioning which originates during the developmental period (conception to seventeen years) and is associated with impairment in adaptive behavior".

Volgens Koch & Koch (1974:5) het verstandelik gestremdes skade opgedoen ten opsigte van hulle denk-, leer- en redeneervermoë. Kirk & Johnson (1954:13) het twee dekades vroeër ook ander belangrike aspekte uitgelig. Volgens hulle moet die kind ge-diagnoseer word as een met 'n lae intelligensie, wat nie by die gewone kurrikulum van die openbare skool voldoende baat kan vind nie, maar wat wel tot so 'n mate opgevoed kan word dat hy sosiaal en beroepsgewys sy plek kan volstaan op voorwaarde dat spesiale opvoedkundige fasiliteite vir hom voorsien word.

Vir Stander (1981:151-2) dui die gestremdheid primêr op 'n intellektuele tekort. Die intelligensiekwosiënt van hierdie leerlinge strek van 50 af tot 80.

Gemeet aan hierdie kriteria laat die omskrywing van die Wet op Onderwysdienste, 41 van 1967, nog meer reg geskied aan hierdie leerlinge, want hiervolgens is 'n "gestremde kind 'n kind wat behoort tot 'n kategorie kinders wat in Bylae 1 vermeld word en wat, behalwe in die geval van 'n kind bedoel in artikel 37, onder die ouderdom van 18 jaar is, en wat na die oordeel van die Direkteur-generaal, in so 'n mate in liggaam, verstand of gedrag van die meerderheid kinders afwyk, dat hy -

- (a) nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale loop van die onderwys verskaf word nie;
- (b) onderwys van 'n gespesialiseerde aard nodig het om sy aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik; en

(c) nie 'n gewone klas in 'n gewone skool behoort by te woon nie, omdat sodanige bywoning vir hom of vir ander leerlinge in daardie klas skadelik kan wees, maar nogtans opvoedbaar is en voldoende baat sal vind by onderwys bedoel in paragraaf (b)".

Hierdie gespesialiseerde onderwys ontvang hulle in spesiale klasse of skole (Jooste, 1972:45).

Verskillende outeurs bied hulle kriteria aan vir die identifisering van hierdie leerlinge. Vervolgens word 'n kort oorsig betreffende hierdie aspek gebied.

3.2.2 Identifisering

As heterogene groep vertoon verstandelik gestremde leerlinge oor die algemeen wel sekere algemene eienskappe. Dit moet egter beklemtoon word dat nie al die eienskappe by een en dieselfde kind aangetref word nie.

Hierdie leerlinge word nie altyd geredelik deur die ouers, maats en gemeenskap aanvaar nie. Dikwels gaan die verstandelike gestremdheid gepaard met ander gebreke soos swak motoriese koördinasie of ouditiewe en visuele belemmeringe.

Etlike outeurs laat hulle uit oor sekere eienskappe van hierdie leerlinge. Hier word slegs 'n kort samevatting gebied van die algemene eienskappe van die verstandelik gestremde leerlinge:-
Die verstandelik gestremde leerlinge.....

+ leer moeilik, daarom is verhoogde motivering absoluut essensieel. Stap-vir-stap verduidelikings is altyd wenslik (Jungbluth, 1972:54 en Steenkamp et al.,1981:13);

+ is aangewese op die konkrete denkvlak (Steenkamp et.,1981:12), want hulle abstrakte denkvermoë is uiters beperk (Hamilton, 1969:68);

- + ondervind probleme met die hantering van nuwe of vreemde situasies (Jungbluth, 1972:54) en hulle in- en aanpassingsgedrag is dikwels gebrekkig (Stander, 1981:151);
- + ondervind vry algemeen minderwaardigheidsgevoelens (Jungbluth, 1972:54) en dit lei ook tot probleme by selfaanvaarding (Steenkamp et al., 1981:13 en Stander, 1981:151) vgl. 3.2.6;
- + presteer swak op akademiese vlak (Hewett & Forness, 1974:76). Hulle insig- en begripsvermoë is beperk en dit gaan dikwels gepaard met 'n kort fluktuierende aandagspan en 'n swak geheue (Hamilton, 1969:69 en Steenkamp et al., 1981:13);
- + vertoon lae intelligensiemetings in IK-toetse (Jungbluth, 1972:54) en het gevolglik 'n ondergemiddelde intellektuele funksionering (Hewett & Forness, 1974:76);
- + se taalvermoë wat lees, skryf en praat betref, is swak (Hamilton, 1969:68 en Steenkamp et al., 1981:13);
- + vertoon dikwels 'n negatiewe selfbeeld (Steenkamp et al., 1981:13 en Stander, 1981:151) vgl. 3.2.6;
- + beleef frustrasies as gevolg van hulle swak akademiese vermoëns en dit lei tot verdere verhoogde emosionele spanning (Steenkamp et al., 1981:13 en Stander, 1981:151);
- + het minder inhibisies en kommunikeer dikwels baie spontaan met andere (Steenkamp et al., 1981:13);
- + is ten spyte van sekere beperkings sosiaal en akademies opvoedbaar (Kirk & Johnson, 1954:10), en dit wil voorkom asof hulle makliker opvoedbaar is ten opsigte van die voorberoepsgerigte onderwys;
- + openbaar gedragsafwykings (Stander, 1981:151); hierdie leerlinge is volgens Steenkamp et al., (1981:13) baie besitlik,

jaloers en afknouerig.

Die kernfaktor by hierdie leerlinge is hulle onvermoë om noemenswaardig baat te vind by die gewone kurrikulum en dat hulle 'n spesiale kurrikulum benodig vir hulle sosiale en beroepsgerigte groei (Kirk & Johnson, 1954:11 en Telford & Sawrey, 1977:239).

Burt (1969:594) beveel vroeë identifisering ten opsigte van hierdie leerlinge aan. Voor elfjarige ouderdom is hulle nog nie so begaan oor hulle "ongelukkige" omstandighede nie. Gedurende hulle puberteitsjare begin hulle om hulle met hulle portuurgroep te vergelyk. Hulle voel dikwels gekrenk as hulle 'n laer graad van onderwys moet ontvang.

Weiner (1978:182-4) het 'n versigtige benadering. Volgens hom kan onherstelbare skade aan die kind en sy ouers gedoen word deur 'n oorhaastige of twyfelagtige klassifikasie. Alle vorme van diagnose moet as tentatief beskou word en dit is onderhewig aan hersiening, selfs nadat geskikte programme ontwerp is vir ingryping by hierdie leerlinge se opvoeding. "A lifelong label with negative connotations risks the inhibition of professional interest, parental hope and personal selfesteem" (Weiner, 1978:182-3).

Vervolgens word die klem verskuif na die klassifisering van hierdie leerlinge.

3.2.3 Klassifikasie

By die klassifisering van verstandelike gestremdheid is dit opvallend hoe die terminologie en groeperings van outeurs varieer. Volgens die definisies sorteer die spesialeskoolleerlinge onder die groep met 'n IK wat wissel van ± 50 tot ± 80 (vgl. Stander 3.2.1). Hewett & Forness (1974:77)

identifiseer hulle as die opvoedbare verstandelik gestremde leerlinge of die stadige leerders. Le Roux (1970:6-7) groepeer hulle as die verstandelik vertraagdes. Maat (1975:16) verwys na hulle as die abnormale groep. Steenkamp et al., (1981:3) se indeling bestaan uit vyf subgroepe. Die uiters, erg, matig en lig gestremdes, asook die grensgevalle ($IK^{\pm} 80 - \pm 90$). Telford & Sawrey (1977:18) beskou hulle as die imbi-siele, die lig gestremdes of die stadige leerders.

Vir eenvormigheid in die Republiek van Suid-Afrika is dit wenslik om te volstaan by die subgroepering soos deur Maat (1975:16) voorgestel:-

- " (1) IK hoër as 90 - verstandelik normale en bo-normale leerlinge.
- (2) IK tussen 80 en 90 - verstandelik domnormale (beperk-normale) leerlinge.
- (3) IK tussen 50 en 80 - verstandelik gestremde (subnormale) leerlinge.
- (4) IK laer as 50 - verstandelik ernstig en uiters gestremde leerlinge".

Maat (1975:16) stel dit duidelik dat daar by die derde groep geen sprake mag wees van skynsubnormaliteit (onderprestasie) nie; dit moet werklike verstandelike subnormaliteit of gestremdheid wees.

3.2.4 Klassifikasie en intelligensiemeting

Dit word algemeen aanvaar dat 'n enkele intelligensietoets geensins geldig is nie. Volgens Kirk & Johnson (1954:40) is psigoloë dit eens dat intelligensie 'n komplekse samestelling behels en dat dit nie deur 'n enkele instrument of toets gemeet kan word nie.

Ook Barbe (1963:9-10) toon besorgdheid oor onverantwoordelike intelligensiemetings, en Le Roux (1970:7) lewer 'n ernstige pleidooi dat die mens en in die minste nog die verstandelik vertraagde, bloot in ronde syfers opgesom moet word.

Met hierdie sieninge word akkoord gegaan. In die kriteria wat die Transvaalse Onderwysdepartement toepas vir die verwysing en plasing van die verstandelik gestremde leerlinge is intelligensiemeting nie van deurslaggewende belang nie.

Vervolgens word daar gelet op die algemene sienings van gesaghebbendes as verstandelik gestremde leerlinge vir hulle ter sprake kom.

3.2.5 'n Algemene perspektief op verstandelik gestremde leerlinge

Outeurs het uiteenlopende menings in hulle beskrywings van hierdie leerlinge.

Telford & Sawrey (1977:22-3) tipeer hulle as "spesiale, besondere of buitengewone" kinders. Hulle uitgangspunt is dat daar slegs graadverskille tussen individue bestaan. "Understanding handicapped children means first understanding them as children, and only then understanding the ways in which their deviations may influence their development and behavior". Die basiese sosiale, psigologiese en opvoedkundige behoeftes van hierdie leerlinge is ooreenstemmend met dié van alle ander kinders. Verskille tree slegs na vore wanneer daar aan hulle besondere behoeftes aandag gegee moet word (vgl.3.2.6) (Telford & Sawrey, 1977:23).

Cruickshank (1958:20) beklemtoon hierdie leerlinge se verskille. Dié verskille vestig die aandag van opvoedkundiges op hulle. Sy regverdiging vir die noodsaaklikheid van Spesiale Onderwys

fundeer hy op die andersheid van die verstandelik gestremde leerlinge. "Special education exists because some children present problems which cannot be readily solved by general education" (Cruickshank, 1958:20).

Barbe (1963:2) skryf dat hierdie kinders in so 'n mate van die "gewone" kinders verskil dat dit essensieel is dat hulle gewysigde onderwys in die gewone of spesiale klasse moet ontvang.

Vedder (1978:37-8) klassifiseer die verstandelik gestremde as 'n debiel en beklemtoon die verstandelike gebrek. Vir Burt (1969:606) is die verstandelike gebrek ook oorheersend, want "with the majority the backwardness is all-round, innate, and ineradicable. Their school progress is retarded because their whole mental growth is retarded".

Burt (1969:606) rig na sy jarelange ervaring en deeglike navorsing met die verstandelik gestremde leerlinge 'n ernstige waarskuwing: "With those who are likely to be permanent cases the ultimate aims should not be too ambitious".

Johnson & Myklebust (1967:12) aanvaar dat verstandelik gestremde leerlinge 'n leergebrek het wat deur geen remediërende onderrig oorbrug sal kan word nie. Die taak van die onderwysers is daarop afgestem om die mees effektiewe leermetodes vir hierdie leerlinge vas te stel en om hulle dan by te staan om tot die maksimale vlakke van hulle potensies te leer.

Hier ter lande is ook Barnard (1975:2) dieselfde mening as Burt, Johnson & Myklebust toegedaan as hy sê: "Met die beste wil ter wêreld en die beste hulpmiddels en onderwysers tot hulle beskikking, sal hulle nooit 'n sekere maksimum kan oorskry nie".

In die volgende paragraaf sal daar kortliks gelet word op sommige behoeftes van hierdie leerlinge.

3.2.6 Psigologiese behoeftes

Hierdie leerlinge het basies dieselfde psigologiese behoeftes as ander leerlinge; tog vertoon hulle graadverskille. "As groep toon hulle minder inisiatief, pligbesef en volharding en is hulle leergewete swakker ontwikkel" (Steenkamp et al., 1981:9).

Hamilton (1969:76-80) wys veral op die volgende behoeftes:-

+ Behoefte aan veiligheid en geborgenheid

Hierdie behoefte word dikwels geïntensieer deur 'n onstabiele gesinslewe, sy persoonlike gevoel van ontoereikendheid as gevolg van fisieke en verstandelike onvermoë en/of sy onvermoë om sy emosies te beheer.

Volgens Du Preez (1977:81) kan emosionele frustrasies, gevoelens van insekureit en minderwaardigheid, gebrekkige selfbeheer en groter emosionele onvolwassenheid manifestasies wees van hierdie kind se besondere gestremdheid.

+ Behoefte aan gee en ontvang van liefde

Dat die verstandelik gestremde dikwels moet voel dat hy nie voldoen het in die verwagtinge van sy ouers nie is verstaanbaar. Volgens Burt (1969:604-5) moet die skool aan hierdie behoefte voldoen deur 'n tweede tuiste vir hierdie leerlinge te skep.

+ Die behoefte om deur ander aanvaar te word

Die behoefte aan aanvaarding vorm 'n motiverende krag in elkeen se lewe, ook die verstandelik gestremde leerling s'n. Verwerping deur andere, byvoorbeeld die portuurgroep en die ouers, skaad die verstandelik gestremdes se

persoonlikheidsontwikkeling.

Selfs goedaangepaste leerlinge ondervind probleme wanneer hulle soms tydelik deur hulle portuurgroepe verwerp word. Die verstandelik gestremde kind word uit sy portuurgroep verwyder as gevolg van sy gebrek. Hy kan dus in 'n groot mate verworpe voel, en boonop moet hy opnuut aanvaarding vind by sy nuwe omstandighede.

Volgens Love (1970:60-1) dra ouers soms onbewustelik daartoe by dat hulle kinders nie deur andere aanvaar word nie. Soms word 'n negatiewe of pessimistiese houding ingeslaan wanneer hulle verstandelik gestremde kinders ter sprake kom. Soms is die ouers ongeneë om hulle kinders geredelik te aanvaar omdat hulle teleurgesteld is in hulle verwagtings. Hierdie outeur is van mening dat daar deeglike leiding aan hierdie ouers voorsien moet word.

Radley (1962:95) huldig dieselfde mening. Hy meld dat ouers soms 'n neiging openbaar om skaam te wees vir hulle verstandelik gestremde kinders. Soms ontstaan daar ook skuldgevoelens by die ouers, veral as hulle sou voel dat hulle gestraf of geblameer word vir die toestand van hulle kinders. Hierdie verkeerde vertolkings kan daartoe lei dat die kinders bespot of verwerp word, of 'n oordrewe simpatie mag ontstaan wat slegs die kind se persoonlikheid kan skaad (vgl. ook 3.2.2).

+ Behoefte aan selferkenning

In die gewone skool en samelewing word die verstandelik gestremde dikwels misken en weinig geleenthede tot aktiewe bydraes word hom gebied. Du Preez (1977:84) is van mening dat gereëld mislukkings op skool ook aanleiding tot 'n

negatiewe selfkonsep gee en omgekeerd.

+ Behoefte aan onafhanklikheid en verantwoordelikheid

Misgunning van hierdie behoeftes lei tot ontevredenheid, soms selfs opstandigheid. Volgens Hamilton (1969:79) moet hierdie leerlinge geleidelik gelei word tot meer onafhanklikheid en groter verantwoordelikheid. Volgens hom het die praktyk reeds getoon watter trots en geluk die verstandelik gestremdes smaak as daar ook na hierdie behoeftes van hulle omgesien word.

3.2.7 Oorsake

Hierdie aangeleentheid het in die verlede wel die aandag geniet, maar Perry (1974:7) opper die dringende noodsaaklikheid van deegliker wetenskaplike navorsing vir verdere eksplorering. Hierdie soeke na die oorsake van verstandelike gestremdheid word gemotiveer deur die begeerte om dit te voorkom. As sommige oorsake sonder twyfel uitgewys kan word, kan definitiewe voorsorgmaatreëls getréf word vir die bestryding van hierdie gestremdheid (Kirk & Gallagher, 1979:115).

Verstandelike gestremdheid gaan volgens Steenkamp & Steenkamp (1979:3) dikwels gepaard met een of ander vorm van fisiologiese gestremdheid. Sommige leerlinge beleef soms epileptiese toevale, het dikwels 'n swak koördinasievermoë of gebrekkige waarnemingsvermoë sodat simptome van outisme en afasie mag voorkom.

Outeurs bied uiteenlopende sienings aan van die oorsake van verstandelike gestremdheid. Vervolgens word 'n kort samevatting van die mees algemene oorsake gebied soos dit deur die volgende outeurs weergegee word:-

Kirk & Gallagher, 1979:115-129; Slater & Roth, 1972:695-709; Steenkamp & Steenkamp, 1979:2-3; Telford & Sawrey, 1977:244-264 en Wolman, 1965:840-844.

+ Genetiese oorsake

Volgens Kirk en Gallagher het ontdekkings in biochemie en genetica gelei tot die deliniasie (uitwysing) van 'n aantal genetiese oorsake van verstandelike vertraging wat voorheen onbekend was.

Biochemiese afwykings sluit onder andere die volgende in:-

Fenielketonurie: dit is die oorgeërfde abnormaliteit van die aminosuur-metabolisme, met ander woorde die onvermoë om fenielalanien te verwerk tot triosien as gevolg van 'n afwyking van 'n spesifieke lewerensiem.

Gelaktosemie: Dit is die gevolg van defektiewe koolhidraat-metabolisme en word gesien as 'n resessiewe eienskap. Die kind kom geelsugagtig voor by geboorte, vertoon vroeë vertraagde groei, voedingsprobleme en soms oogpêrels. Vroeë vasstelling van hierdie toestande is omkeerbaar en lei tot 'n beter prognose vir hierdie kinders (Kirk & Gallagher, 1979: 116-7).

Chromosomiese abnormaliteite

Die mees algemene chromosomiese afwyking is bekend as die Downsindroom. In dié geval is daar 47 chromosome en die afwyking kom voor by die 21ste chromosomepaar, waar daar 'n triologie gevorm word (Kirk & Gallagher, 1979:117-8; Slater & Roth, 1972:706-7; Steenkamp & Steenkamp, 1979:2; Telford & Sawrey, 1977:248, en Wolman, 1965:847-8).

+ Prenatale oorsake

Daar is verskeie toestande wat die ontwikkelende embrio mag

affekteer en sodoende wanontwikkeling van die senuweestelsel met gevolglike verstandelike gestremdheid kan veroorsaak. Die baba se intelligensie mag beïnvloed word deur die voeding van die moeder of deur haar psigologiese en fisieke omgewing. As bekende voorbeelde van prenatale oorsake kan rubella (Duitse masels), die onverenigbare bloed van die ouers (Rh-faktor) en oormatige radioaktiewe bestraling van die swanger vrou genoem word (Kirk & Gallagher, 1979:118-9; Slater & Roth, 1972:707; Telford & Sawrey, 1977:250-3, en Wolman, 1965:849).

+ Perinatale oorsake

Hierdie oorsake verwys na die toestande wat die kind gedurende die geboorte mag affekteer. Die volgende kom redelik algemeen voor: beserings by geboorte, asfiksie¹⁾ en vroeë geboortes. Beserings gedurende die geboorteproses mag geskied as gevolg van 'n verlengde geboorte, instrumentale of foutiewe verlossingsmetodes.

Vroeë geboortes mag 'n oorsaak wees van verstandelike gestremdheid, maar eersgenoemde lei nie altyd noodwendig tot laasgenoemde nie (Kirk & Gallagher, 1979:119-120; Wolman, 1965:842-3).

+ Postnatale oorsake

Sekere omstandighede en siektes mag verstandelike gestremdheid veroorsaak as dit gedurende die kleuter- of vroeë kinderjare voorkom.

1) "asfiksie is 'n koma wat ontstaan weens 'n gebrek aan suurstof" (Gouws et al., 1982:23).

Traumatiese breinbeserings lewer bydraes tot verstandelike gestremdheid. Skietwonde, motorongelukke en kopbeserings kom soms voor by kinders vanaf drie- tot sesjarige ouderdom. Aansteeklike siektes: Alle breininfeksies kan permanente breinskade meebring met gevolglike verstandelike gestremdheid.

Ensefalitis verwys na inflammasie van die sentrale senuweestelsel wat deur 'n virus veroorsaak word. Ensefalitis omvat 'n verskeidenheid van infeksies op 'n vroeë ouderdom. Dit gaan gepaard met hoë koors en lei daartoe dat breinselle vernietig word. Meningitis ontstaan as gevolg van bakteriële infeksie en gevolglike inflammasie van die harsingvlies en skade aan die sentrale senuweestelsel. Hierdie toestand is 'n potensiële oorsaak van doof- en blindheid, asook van verstandelike gestremdheid (Kirk & Gallagher, 1979:120-1; Telford & Sawrey, 1977:259-260).

Voedingsprobleme: Volgens Telford & Sawrey (1977:261) is daar duidelike bewyse dat wanvoeding veral gedurende die eerste twee lewensjare verstandelike gestremdheid tot gevolg kan hê.

+ Sosiokulturele faktore

Etlike psigoloë en opvoedkundiges aanvaar dat die omgewing 'n besliste bydrae kan lewer tot 'n kind se verstandelike ontwikkeling. Buitengewone negatiewe toestande se invloed is volgens Kirk en Gallagher (1979:122) reeds in 1932 deur Itard aangetoon. Perry (1974:8) gee besondere aandag aan psigologiese verwaarlosing en postuleer dat hierdie tipe omgewing kan meehelp dat die kind se mindere verstandelike vermoëns nie optimaal kan ontplooi nie.

3.2.8 Omvang van verstandelike gestremdheid

Tans geniet verstandelike gestremdheid internasionale aandag en belangstelling, en intensiewe navorsing word op hierdie gebied gedoen: "Within the past few years, the study of mental retardation has been subject to a knowledge implosion of unprecedented dimensions" (Hewett & Forness, 1974:75-76).

Die omvang van verstandelike gestremdheid is aansienlik.

Volgens Johnson (1971:500) was ongeveer 2,7% (27 uit elke 1 000) van die skoliere in die V.S.A. gedurende 1971 verstandelik gestremd. Die jongste opgawe van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing toon 'n voorkoms van 2,8% (28 uit elke 1 000) ten opsigte van die Transvaalse skoliere (R.G.N., 1981:97).

Aan die einde van 1982 was daar 26 spesiale skole met 'n totale inskrywing van 9 548 leerlinge in Transvaal (T.O.D.-Verslag, 1982:39).

3.2.9 Internasionale beskerming van die verstandelik gestremde kind

Volgens Koch & Koch (1974:9-11) stel The International League of Societies for the Mentally Handicapped die algemene en spesifieke regte van die verstandelik gestremde kind soos volg:-

Artikel 1: Hierdie kind het dieselfde regte as die ander inwoners van die land.

Artikel 2: Hy kan met reg aanspraak maak op geskikte mediese behandeling en sorg. Hy mag dié opvoeding opeis wat hom in staat sal stel om sy vermoëns en potensiaal maksimaal te ontwikkel, afgesien van die graad van sy onvermoë.

Artikel 3: Hy het die reg op ekonomiese sekuriteit, 'n behoorlike lewenstandaard en 'n betekenisvolle bestaan.

Artikel 4: Hy is daarop geregtig om by sy ouers te woon, en volle deelname aan die gemeenskapslewe te hê. Indien inrigtingsorg vereis word, moet dit in ooreenstemming wees met die normale lewenswyses.

Artikel 5: Indien nodig, behoort hy 'n gekwalifiseerde en uitgesoekte voog te hê om na sy persoonlike wel-syn en belange om te sien.

Artikel 6: Hy moet beskerm word teen uitbuiting, mishandeling en laegraadse versorging.

Artikel 7: Sommige verstandelik gestremdes mag as gevolg van die erns van hulle gestremdheid nie in staat wees om hulle regte sinvol uit te oefen nie; vir ander moet gedeeltelike aanpassings gemaak word.

In hierdie ondersoek sal daar ook getrag word om vas te stel in welke mate ons huidige onderwysstelsel daarin slaag om hierdie leerlinge se besondere saak ten opsigte van opvoeding en onderwys te bevorder.

3.2.10 Spesiale skole

Die vraag kan gestel word of spesiale skole geregverdig is vir die verstandelik gestremde leerlinge, en of hulle nie op 'n ander wyse geakkommodeer kan word nie.

Die literatuur wat in hierdie studie geraadpleeg is, weer-spieël opvallende pleidooie vir spesiale skole vir hierdie leerlinge.

Hoewel hierdie leerlinge deur hulle verstandelike vermoëns gekortwiek word, is hulle met die nodige weldeurdagte en

goedbeplande onderwys tot so 'n mate opvoedbaar dat hulle in hul latere lewe sonder enige steun hulle lewenstake kan volbring (Kirk & Johnson, 1954:115).

Die belangrikheid vir onderwys vir alle kinders word beklemtoon. Dit impliseer dat spesiale metodes en geleenthede voorsien moet word vir die gestremdes wat nie in die tipiese raamwerk van die gewone onderwys gebied word nie (Cruickshank, 1958:20).

As daar ná 'n deskundige ondersoek vasgestel is dat 'n kind verstandelik gestremd is, het dit geen sin om hom op die gewone skool te hou nie. As dit wel sou gebeur, mag dit lei tot geestelike verwaarlosing en tot die pleeg van 'n onverantwoordelike daad. Die onderwyser wat daarvan bewus is dat die kind kognitief nie in staat is om die pas vol te hou nie en daaglik minderwaardigheidsgevoelens moet ervaar omdat hy nie die aangebode stof kan begryp en verwerk nie, moet deeglik besef dat hy die kind se persoonlikheidsvorming en werksywer onberekenbare skade aandoen (Vedder, 1978:38).

In die R.S.A. laat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing hom na 'n deeglike ondersoek soos volg uit..."Opvoedende onderwys is die belangrikste vorm van hulpverlening wat die gevolge of implikasies van verstandelike gestremdheid kan help verlig of verminder" (R.G.N., 1975:18).

In die uiteensetting tot dusver is daar kortliks gelet op verstandelike gestremdheid. Vervolgens sal gedifferensieerde onderwys en Spesiale Onderwys as 'n erkende komponent hiervan die aandag geniet.

3.3 DIE GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYSSTELSE EN SPESIALE ONDERWYS AS 'N NOODWENDIGE FASET HIERVAN

Gedurende die laaste dekade geniet gedifferensieerde onderwys baie aandag en belangstelling in die R.S.A. Gedifferensieerde onderwys en die implementering hiervan sal eers kortliks weer-gegee word en daarna sal wetsbepalings wat direk betrekking het op Spesiale Onderwys onder oë geneem word.

3.3.1 Gedifferensieerde onderwys

"Die aankondiging deur die Minister van Nasionale Opvoeding in die Staatskoerant van 12 Nov. 1971 het 'n nuwe onderwys-bedeling in Suid-Afrika daargestel wat as grondslag kan en moet dien vir die ontwerp en implementering van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel" (Jooste, 1972:30-1).

Volgens Kok (1972:3) is differensiasie 'n ou beginsel wat toegepas word by die beplanning en voorsiening van onderwys en skoolaktiwiteite. Afsonderlike skole vir leerlinge met diverse begaafdhede, diverse stremminge, diverse aanleg en belangstelling is bewys van die bestaan hiervan.

Gedifferensieerde onderwys en opvoeding word redelik volledig uiteengesit deur etlike gesaghebbendes op die gebied van die opvoedkunde.

Van der Merwe (1973:3-7) en Jooste (1972:25-30) gee duidelike uiteensettings wat met gedifferensieerde onderwys verstaan en beoog word. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing bied 'n volledige samevatting van hierdie begrip: "Gedifferensieerde onderwys het as onderliggende onderwysfilosofie die gelykwaardigheid van alle leerlinge, die erkenning van individuele verskille en die reg van elke leerling om onderwys te ontvang volgens sy unieke behoeftes en potensiaal".

"Die grondslag is dat onderwys gedifferensieerd verskaf moet word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van elke leerling en die behoeftes van die land" (R.G.N., 1981:6).

Die wetlike aspekte van gedifferensieerde onderwys word vasgelê deur Ordonnansie R 2029 in die Staatskoerant van 12 Nov. 1971 en bepaal dat die volgende beleid ten opsigte hiervan vanaf 1 Jan. 1972 toegepas moet word:-

Daar is vier skoolfases:

Primêre onderwys bestaan uit die junior primêre skoolfase - skooljare een tot drie; die senior primêre skoolfase - skooljare vier tot ses. Middelbare (Sekondêre) onderwys bestaan uit die junior sekondêre skoolfase - skooljare sewe tot nege; die senior sekondêre skoolfase - skooljare tien tot twaalf.

Die volgende studierigtings word op senior sekondêre vlak aangebied:

- . Tegniese studierigting
- . Handelsrigting
- . Landboustudierigting
- . Geesteswetenskaplike studierigting
- . Natuurwetenskaplike studierigting
- . Kunsstudierigting
- . Huishoudkundestudierigting
- . Algemene studierigting, en
- . Praktiese studierigting (Staatskoerant 12 Nov. 1971, Ordonnansie R 2029: 19-20).

Soos uit hierdie uiteensetting afgelei kan word, word daar in 'n ruim mate veral op senior sekondêre vlak voorsiening gemaak vir leerlinge se bekwaamhede, aanleg en belangstellings.

Hierdie ordonnansie strek egter nog verder, sodat daar ook voorsiening gemaak word vir 'n uitsonderlike groep wat ressorteer onder Buitengewone Onderwys. Spesiale Onderwys ressorteer ook onder Buitengewone Onderwys en word as 'n faset van gedifferensieerde onderwys bespreek.

3.3.2 Wetsbepalings ten opsigte van Spesiale Onderwys
"Spesiale Onderwys verteenwoordig een van die vernaamste fasette van gedifferensieerde onderwys en staan nou aan die vooraand van groot ontwikkelings om beter aan te sluit en in te pas by die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys" (Onderwysnuusflitse, 1973:34).

Die Wet op Onderwysdienste No. 41 van 1967 bied duidelike riglyne ten opsigte van die hantering van die verstandelik gestremde leerling (vgl. 3.2.1). Hier word kortliks gelet op die volgende: spesiale skole, skoolplig, vrystelling, uitstelling of oorplasing.

3.3.2.1 Woordomskrywing: Spesiale Onderwys

Ordonnansie 20 van 1968 omskryf Spesiale Onderwys as

"onderwys van 'n gespesialiseerde aard wat verskaf word om by die behoeftes van gestremde kinders te pas, en ook algemene onderwys, voorligting, beroepsonderwys, en mediese, tandheelkundige en geestelike ondersoek en behandeling, asook versorging in 'n openbare skoolkoshuis".

3.3.2.2 Skoolplig

Die Wet op Onderwysdienste, No. 41 van 1967, artikel 36 bied aan die Direkteur-generaal die volgende bevoegdhede met betrekking tot gestremde kinders wat aan skoolplig onderworpe is:-

1. Hy kan ingevolge wetsbepaling 'n kind wat aan skoolplig onderworpe is en nie 'n spesiale skool bywoon nie en wat,

na hy vermoed, 'n gestremde kind is, laat ondersoek om te bepaal of hy 'n gestremde kind is.

2. Hy mag die ouer van hierdie kind opdrag gee om die kind na 'n bepaalde plek te bring vir so 'n ondersoek.

3. As hy na die ondersoek bevind dat die kind gestremd is, stel hy die ouer in kennis -

(a)dat die kind gestremd is en buitengewone onderwys behoort te ontvang;

(b)dat die ouer binne dertig dae teen dié bevinding na die Minister kan appelleer;

(c)as die ouer se appèl verwerp word, moet hy toesien dat sy kind dié buitengewone onderwys ontvang soos deur die Direkteur-generaal bepaal word. Die Direkteur-generaal bepaal na oorlegpleging met die ouer na watter spesiale skool die kind gestuur moet word.

4. Indien die ouer versuim om die kind na die betrokke skool binne die vasgestelde tydperk te stuur, kan die Direkteur-generaal die kind na genoemde skool laat neem.

Die duur van verpligte bywoning by 'n spesiale skool in Transvaal word soos volg deur Ordonnansie 20 van 1968 art. 9 weergegee: 'n kind wat as verstandelik gestremd deur die Direkteur geklassifiseer is, moet daardie spesiale skool (of waarheen hy oorgeplaas word) bywoon tot die laaste skooldag van die jaar waarin hy die ouderdom van 20 jaar bereik, of totdat hy die kursus soos deur die Direkteur bepaal, voltooi het, of totdat hy volgens die mening van die Direkteur gereed is vir skoolverlating.

Indien 'n ouer nie toesien dat sy kind hierdie verpligte bywoning by 'n spesiale skool voltooi nie, kan die Direkteur

stappe neem om skoolbesoek te verseker (Ord. 20 van 1968, art. 9).

3.3.2.3 Vrystelling, uitstel of oorplasing

Indien die Direkteur na 'n verslag van 'n bevoegde beampte dit wenslik of noodsaaklik ag, mag hy uitstel van verpligte bywoning van 'n spesiale skool aan 'n kind verleen totdat die kind gereed is vir dié onderwys. Die Direkteur mag ook in sekere gevalle toestemming gee vir algehele vrystelling van skoolplig. Die Direkteur mag toestemming verleen vir die oorplasing van 'n spesialeskoolleerling na 'n ander openbare skool. In hierdie geval verval die klassifikasie ten opsigte van daardie kind (Ord. 20 van 1968, art. 10).

Hierdie wet en ordonnansie bied ooreenstemmende erkenning en beskerming aan die verstandelik gestremde kind volgens internasionale standaarde (vgl. 3.2.9). In hierdie ondersoek sal daar gepoog word om moontlike foute en tekortkominge uit te wys wat in die praktyk mag bestaan.

Vervolgens word daar gelet op die kriteria vir die uitkenning van hierdie leerlinge, en daarna word die prosedure van plasing weergegee soos dit van toepassing is in die Transvaalse spesiale skole.

3.4 VERWYSINGSKRITERIA EN PLASINGSMETODE VIR LEERLINGE NA SPESIALE ONDERWYS

3.4.1 Uitkenning van verstandelik gestremde leerlinge

Vaughan (1981:94-5) bied die volgende kriteria aan vir die uitkenning van hierdie leerlinge:-

- . "Skoolvordering om die leerlinge se skolastiese agtergrond te verken (die eerste en belangrikste kriterium)

- . Prestasie soos gemeet deur gestandaardiseerde skoolastiese toetse
- . Biografiese gegewens om die leerlinge se sosio-ekonomiese agtergrond te verken
- . Mediese verslae
- . Persoonlikheidsstruktuurondersoek
- . Aanlegtoetsresultate
- . Verstandsvermoë.

Hierdie groep leerlinge val min of meer in die IK-groep 50 - 80 van die verstandelike vermoë van die Blanke skoolbevolking in die R.S.A".

3.4.2 Aanmelding en plasingprosedure

Die verloop van die prosedure word soos volg uiteengesit in die Transvaalse Onderwysdepartement se Handleiding vir Spesiale Onderwys, 1981:

- . Die klas- of voogonderwyser voer samesprekings met die departementshoof: opvoedkundige leiding, waarna die aangeleentheid na die hoof verwys word.
- . Die hoof bespreek die aangeleentheid met die ouers en beide partye sal hierna probeer om die prestasie van die kind te verbeter.
- . As die hoof daarna besluit dat die kind wel Spesiale Onderwys benodig, vul hy vorm T.O.D. 157 in en stuur twee afskrifte aan die plaaslike onderwyshulpsentrum.
- . Die onderwyshulpsentrum reël met die hoof vir die toetsing van die leerling.
- . Die hoofde moet aan die begin van die derde termyn rapporteer watter twaalfjarige leerlinge nie sal slaag nie, sodat vroegtydige toetsing kan plaasvind.

- . Persoonlike onderhoud/e word met die ouers van die leerlinge gevoer. Die hoof laat vorm T.O.D. 157 voltooi en versoek die ouer om vorm T.O.D. 137 (toestemming vir bywoning van 'n spesiale skool) te voltooi.
- . Die hoof lig die ouers gedurende die onderhoud/e ook in oor watter spesiale skool die naaste aan hulle geleë is. Die naam van dié skool mag op vorm T.O.D. 137 ingevul word as daar geen besware van die ouers is nie. Sou hulle 'n ander skool verkies, moet hulle motivering aan vorm T.O.D. 137 geheg word. Sou die ouers weier om genoemde vorm te teken, moet die hoof nogtans die naaste skool se naam op die vorm aanbring.

Die Streekinspekteur van Onderwys sal hom vergewis of die gekose skool voldoen aan die Departementele voorskrifte. Hy doen die nodige aanbeveling aan die Departement.

- . Sou die leerling vir spesiale onderwys aanbeveel word, voltooi die hoof twee verdere T.O.D. 157-vorms en stuur dit saam met vorm 137 aan die onderwys hulpsentrum.
- . Na voltooiing van hierdie vorms word dit binne 14 dae na toetsing aan die Departement gestuur.
- . Hierna stel die Departement alle betrokkenes in kennis dat die leerling Spesiale Onderwys moet ontvang.
- . Geen leerling mag in die spesiale skool geplaas word sonder die magtiging van die Departement nie.

Indien ouers weier om hulle kind te laat oorplaas, stel die hoof van die betrokke skool die Departement van die weiering in kennis. Die Departement klassifiseer die leerling formeel en stuur 'n formele klassifiseringsbrief vergesel van 'n

appèlvorm aan die ouers. Die skoolhoof word in kennis gestel van die klassifisering en word versoek om die leerling, indien geen appèl ontvang word nie, na 21 dae oor te plaas vir Spesiale Onderwys.

Die Departement erken die ontvangs van die appèl van die ouers en die hoof word versoek om die leerling by die skool te hou tot verdere Departementele opdragte (T.O.D. Handleiding vir Spesiale Onderwys, 1981: 3 - 5.1).

3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar veral gelet op die Spesiale Onderwys, die spesiale skole, die leerlinge se besondere behoeftes, gedifferensieerde onderwys, wetsbepalings ten opsigte van Spesiale Onderwys en die identifisering en plasingsmetodes van leerlinge na spesiale skole.

In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die spesiale voorsiening wat vir die verstandelik gestremde leerlinge gemaak word ten opsigte van 'n eie kurrikulum en daarna volg 'n verkenning van die beroepsmoontlikhede vir hierdie leerlinge.

KURRIKULUM EN BEROEPSMOONTLIKHEDE VIR SPESIALESKOOLLEERLINGE

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat grondige kriteria neergelê word vir die plasing van verstandelik gestremde leerlinge in spesiale skole.

In spesiale skole funksioneer 'n besondere kurrikulum wat 'n bydrae moet lewer ten opsigte van hierdie leerlinge se uiteindelijke indiensplasing. Kirk & Johnson (1954:11) stel dit dan ook pertinent dat die primêre oorweging by hierdie leerlinge daarin geleë is dat hulle nie voldoende baat kan vind by die kurrikulum van die gewone skool nie, en gevolglik aangewese is op 'n spesiale kurrikulum vir hulle sosiale en beroepsmoontlikhede.

Vervolgens volg 'n kort bespreking van die kurrikulum en daarna word gelet op die beroepsmoontlikhede vir hierdie leerlinge.

4.2 KURRIKULUM VIR SPESIALE ONDERWYS

4.2.1 Algemene perspektief

Op internasionale vlak word aanvaar dat aan verstandelik gestremde leerlinge 'n eiesoortige kurrikulum voorsien moet word wat hulle in staat sal stel om as volwaardige lede van die gemeenskap opgeneem te word.

Die kurrikulum van die spesiale skool moet meer direk gerig wees op die verstandelik gestremde leerlinge se besondere behoeftes, hulle aanleg en belangstellings, en hulle persoonlikheidsamestellings (vgl.3.2.6) as in die geval van die

leerlinge in die gewone skole.

Du Preez (1977:83) konstateer dat die verstandelik gestremde kind in sy strewe om te leer veral gerig word deur die gevoelskontak tussen dié leerlinge en die onderwyser en die appèl wat die leerstof tot die kind rig. Konkrete, aanskoulike en gesistematiseerde leerstof lei tot hoër leergerigtheid. Volgens Le Roux (1970:50) moet daar nie slegs aandag geskenk word aan die leerling se akademiese opheffing nie. Die suksesvolle inskakeling van die kind by die gemeenskap moet die uiteindelijke doelwit wees.

Maat (1975:310-1) se gevolgtrekkings na sy omvattende ondersoek van die verstandelik gestremde leerlinge stem tot nadenke. Volgens hom behoort die leefwêreld van hierdie leerlinge die basis te vorm by die ontwerp van 'n kurrikulum. Verstandelik gestremde leerlinge verkeer in affektiewe nood (vgl. 3.2.6), daarom word alle leerstof eers affektief deur hulle beleef voordat hulle dit met hulle beperkte intellek verwerk. Met inagneming van hulle verstandelike vermoëns moet die onderwysers versigtig wees om nie te hoë eise aan hulle te stel of te hoë verwagtings te koester nie.

Elke leerling, ook die verstandelik gestremde, moet die geleentheid tot maksimale ontwikkeling gegun word. "Any attempts by education planners, the government and institutions are eventually (sic eventually - JPG) paralysed if man is not taught to realise his potential to its optimum capacity" (Van der Merwe, 1982:36).

Met McLeod (1981:93) se siening kan akkoord gegaan word. Volgens hom het die verstandelik gestremde leerlinge nie soseer remediërende onderrig nodig nie. In hulle onderwys moet

hulle beperkinge erken en aanvaar word. Hulle benodig aangepaste programme waar vordering en prestasie realisties verbeeld sal word.

Die verstandelik gestremde leerlinge het wat hulle intellektuele vermoëns betref minder as vyf talente ontvang. Dit bly egter die taak van die ouers, skool en gemeenskap om vir hierdie leerlinge die nodige fasiliteite te skep, om hulle op te voed tot volwaardige beroepsvolwassenheid.

"Sien jy 'n man wat vaardig is in sy werk - hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie" (Spr. 22-28).

Burt (1969:575) stel dit baie duidelik waarom verstandelik gestremdes 'n spesiale kurrikulum moet hê.. "If he is to develop to the full limit of his own meagre powers, the backward child must have a special curriculum, a special timetable, and special teaching methods adapted to his narrower mind".

Die beste uitweg blyk dus om die kurrikulum van die spesiale skole so aantreklik, realisties en voortreflik te maak dat die leerlinge skoolbywoning as eerste prioriteit sal stel. Daar moet besef word dat hierdie kurrikulum 'n beperkter veld sal dek sodat hierdie leerlinge se onderrig vergemaklik kan word. Onderrig moet so beplan word dat die doel en uitkomst eerder daarop gerig moet wees om van die leerlinge doeltreffende en geskikte werkers te maak as perfekte foutlose skoliere. Dit is foutief om te aanvaar dat hierdie leerlinge meer tyd aan formele onderrig moet bestee; uiteindelik kan hulle hierdeur geskaad word. Onderwysers moet hulle laat lei deur die onvermydelike beperkings van die kinders en liefs konsentreer op hulle besondere gawes waardeur hulle beter presteer (Burt, 1969:605-610).

4.2.2 Doelstellings van die kurrikulum

Erickson (1965:48-9) glo dat die volgende doelstellings die koers van die kurrikulum behoort aan te dui. Dit word toegespits op die ontwikkeling van vermoëns en gedrag wat noodsaaklik is vir suksesvolle aanpassing:-

- . Persoonlike en sosiale aanvaarding

Besondere aandag moet geskenk word aan die ontwikkeling van gedrag, voorkoms, houdings, vermoëns en gewoontes wat die verstandelik gestremde aanvaarbaar sal maak vir sy medeskoliere.

- . Sekuriteit (geborgenhed) en onafhanklikheid

Die opvoedingsprogram moet voorsiening maak vir die verstandelik gestremde kind se ontwikkelingsgroei (kognitief, fisiek, sosiaal, emosioneel) wat vasgelê word deur sy eie groeipatrone; dit lei tot sukses en 'n besef van eiewaarde. 'n Gevoel van sekuriteit word teweeggebring as gevolg van die aanvaarding van eie vermoëns en die integrasie van sodanige talente en verwagtings (vgl. ook 3.2.6).

- . Persoonlike tevredenheid

'n Lae prestasievlak word nie noodwendig gesien as mislukking nie, want die verstandelik gestremde kan besef dat hy nie so goed kan presteer as ander leerlinge nie; desnieteenstaande moet sy leerstof voorsiening maak vir volgehoue liggaamlike en psigiese groei en leer. Onderrigmetodes wat interessant aangebied word, en wat waardevolle aktiwiteite vir almal inhou, verseker dat die verstandelik gestremde geleenthede gebied word vir persoonlike tevredenheid.

- . Gemeenskapsverantwoordelikheid

Deur die daaglikse werks- en speelaktiwiteite word die

verstandelik gestremde gelei om gesag te respekteer, om andere te konsidereer, verantwoordelikheid ten opsigte van homself en andere te aanvaar, om betrokke te wees in gemeenskapsaktiwiteite en om norme en waardes te ontwikkel wat vir die samelewing aanvaarbaar is (Erickson, 1965:48-9).

Samevattend kan die kurrikulum van die spesiale skool gesien word as 'n omvattende program wat daarop gerig behoort te wees om die verstandelik gestremde voor te berei tot die hoogsmoontlike normale beroeps- en sosiale bevoegdheid in sy samelewing.

4.2.3 Kurrikulum²⁾ vir die Transvaalse spesiale skole
Leerlinge ontvang sowel skolastiese as praktiese onderrig. As algemene departementele beleid geld dat die beskikbare roostertyd tussen skolastiese en praktiese onderrig op ongeveer 50:50 persent bepaal moet word (T.O.D. Handleiding vir Spesiale Skole, 1981:15).

4.2.3.1 Verpligte vormende, nie-eksamenvakke

- | | |
|--------------------------------------|-------------------|
| . Godsdiensonderrig | 1 uur |
| . Liggaamlike Opvoeding | $\frac{1}{2}$ uur |
| . Klasmusiek | $\frac{1}{2}$ uur |
| . Jeugweerbaarheid en beroepsleiding | 1 uur |

2) "Op die mesovlak word onder kurrikulum al die vakke wat binne die skoolprogram aangebied word, of al die vakke wat 'n bepaalde leerling neem, verstaan wat dan vir die leerling sy kurrikulum uitmaak" (Krüger, 1979:46).

4.2.3.2 Verpligte skolasitiese eksamenvakke

. Eerste taal	3 uur
. Tweede taal	2 uur
. Wiskunde	2½ uur
. Geskiedenis - Aardrykskunde	1 uur
. Wetenskap en Higien	1 uur

4.2.3.3 Praktiese vakgroepe

Oriëntering

Eerste jaar

Eerstejaarleerlinge ontvang basiese onderrig vir die volle tydperk (een jaar) wat aan praktiese werk toegeken is.

Tweede jaar

Leerlinge maak kennis met die vakke wat gedurende die derde, vierde en vyfde jaar by die skool aangebied word. Die tyd wat aan die praktiese werk toegeken is, word gelykop verdeel onder die vakgroepe wat by die skool aangebied word. Leerlinge ontvang onderrig in al die vakgroepe.

Die derde, vierde en vyfde jaar...

Seuns

Gedurende hierdie jare ontvang seuns onderrig in slegs een van die groepe praktiese vakke wat in onderstaande tabel aangetoon is. Leerlinge wat nie in staat is om alle komponente baas te raak nie kan slegs in een van die komponente onderrig word.

METAALWERKDIENSTE	MOTORVOERTUIGHERSTELWERK- DIENSTE	BOUWERKDIENSTE
Paswerk en	Duikklopwerk	Houtbewerking
Masjinerie	Spuiterfwerk	
Sweiswerk	Motorvoertuigherstellwerk	Steenmessel- en
	(A) (Sonder Duikklop- en	pleisterwerk
Plaatmetaalwerk	Spuiterfwerk	Skilderwerk
	Motorvoertuigherstellwerk	Loodgieterswerk
	(B) (Met Duikklop- en	
	Spuiterfwerk	

20 weke

20 weke

20 weke

Meisies

Gedurende die derde, vierde en vyfde jaar en daarna ontvang leerlinge onderrig in 'n komponent van die huishoudkundige vakke, plus onderrig in 'n komponent van 'n ander vakgroep, behalwe as twee komponente uit die huishoudkundige groep vir bogenoemde tydperk gekies word.

In gevalle waar die leerlinge 'n huishoudkundige komponent plus 'n ander praktiese vakgroep neem, word een derde van die praktiese werk se tydstoekening aan die huishoudkundige komponent toegestaan en twee derdes aan die ander praktiese vakgroep. Leerlinge wat nie in staat is om die verskeidenheid komponente van 'n vakgroep onder die knie te kry nie, kan slegs in een van die komponente onderrig word.

HUISHOUDKUNDIGE	MONTEERWERK	HANDEL EN ANDER DIENSTE
Inrigtingbestuur	Monteerwerk	Haarkapper-assistente
Naaldwerk en kleding		Kopieertik
Huishoudkunde		Winkel- en kantoorpraktyk

(T.O.D. Handleiding vir Spesiale Onderwys, 1981: 16-18).

4.3 BEROEPSMOONTLIKHEDE VIR SPESIALESKOOLLEERLINGE

4.3.1 Inleiding

Die opvoeding wat die verstandelik gestremde leerling in die spesiale skool ontvang, moet in sy uiteindelijke beroepsvolwassenheid kulmineer. Duidelike riglyne vir hierdie opvoeding word neergelê in die doelstellings (vgl. 2.3.4).

Die begrip beroepskeuse impliseer dat daar 'n verskeidenheid beroepe is waaruit die individu 'n keuse kan maak. Hierdie keuse word egter beperk deur verskeie faktore (vgl. 2.3.3.3). Volgens Steyn (1979:2) bestaan daar geen twyfel dat die leerling van die spesiale skool van die gewone skoolkind verskil nie. Hierdie kind is uniek in sy persoonsamestelling en omstandighede en beskik ook oor 'n meer beperkte keusemoontlikheid wat sy beroepstoeikoms betref. Dikwels word hierdie leerlinge as gevolg van sekere beperkings in beskikbare beroepe geplaas.

Volgens Maat (1975:219) is daar tot op hede nog nie voldoende navorsing gedoen ten opsigte van die arbeidsmoontlikhede van die verstandelik gestremde leerlinge in die bedryfslêwe nie.

4.3.2 Oorsigtelike beskouing

Plaaslike omstandighede, die opleiding van die verstandelik

gestremde leerlinge en die omgewing (plattelands of stedelik) speel 'n rol by die indiensneming van hierdie leerlinge.

'n Instansie soos Yskor, Pretoria, het byvoorbeeld gedurende 1980 uit drie plaaslike skole vir verstandelik gestremde leerlinge 20 leerlinge aanvaar vir vakleerling-sweisers, grof-smede, walsdraaiers en messelaars en 30 as operateurs (Botha, 1981:39).

Twee ander faktore wat ook belemmerend inwerk op die verstandelik gestremde leerlinge se indiensneming, is onkunde en vooroordeel. Volgens Maat (1975:218) is instansies nie goed genoeg ingelig omtrent hierdie leerlinge se moontlikhede nie. Volgens hom is daar sekere kategorieë beroepe waarin verstandelik gestremdes baie suksesvol is. Werkgewende instansies is dikwels onongelig omtrent hierdie kinders se bekwaamhede in verskeie beroepe.

Volgens Botha (1981:40) is die vooroordeel veral daarin geleë dat werkgewers van mening is dat die verstandelik gestremdes nie met die nie-gestremdes in die werksituasie kan meeding nie. Gevolglik is hulle ongeneë om verstandelik gestremdes die geleenthede te gun om hulleself te bewys. Botha beweer dat verstandelik gestremdes wat selektief in werksituasies geplaas is waar hulle gestremdheid nie 'n belemmering is nie, dikwels meer produktief en verantwoordelik is omdat hulle deeglik besef dat hulle hulle werk ten alle koste moet behou. Hierdie spesiale kurrikulum (vgl. 4.2.3) behoort sekere weë te open ten opsigte van die verstandelik gestremde leerling se beroepsmoontlikhede.

4.3.3 Beroepsmoontlikhede vir verstandelik gestremde leerlinge

Die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n omvattende inligtingstuk saamgestel wat 'n verskeidenheid beroepe van moontlike werkgewende instansies aantoon. 'n Verkorte weergawe hiervan bied 'n duideliker beeld van hierdie leerlinge se beroepsmoontlikhede, veral in Transvaal.

Daar is verskeie werkgewende instansies wat aan die verstandelik gestremde leerlinge werksgeleenthede bied, die volgende is van die bekendstes:

Die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, die Transvaalse Provinsiale Administrasie (o.a. hospitale, koshuise en vervoerdienste), munisipaliteite, die Kamer van Mynwese, die bounywerheid, die metaal-, meubel, en motornywerheid, die Suid-Afrikaanse Weermag, die drukkersnywerheid, Evkom, Yskor, Pretoria Metal Products, supermarkte, haarkappersalonne en die Poskantoor.

'n Redelike wye spektrum van beroepe bestaan en die verstandelik gestremde leerlinge behoort hulle keuses te maak volgens die voorberoepsgerigte opleiding wat hulle aan die spesiale skole deurloop het. Hierdie beroepe omvat alle voorberoepsgerigte kursusse soos dit voorkom in die kurrikulum vir die Transvaalse spesiale skole (vgl. 4.2.3).

Dit is interessant om daarop te wys dat werkgewende instansies ook bereid is om aan die verstandelik gestremde leerlinge werksgeleenthede te bied waarvoor hulle nie opleiding ontvang het nie. Hierdie beroepe sluit onder andere die volgende in: ambulansmanne, bierbrouers, binderassistente, bloemiste, blokmanne, dieretuinopsigters, meterlesers, operateurs, verpleeghulp, ens.

Al die werkgewende instansies lê sekere minimum

toelatingsvereistes neer vir indiensneming van die verstandelik gestremde leerlinge. In verskeie gevalle het hulle ook keuringsprogramme waaraan voldoen moet word (Vir verdere inligting kan T.O.D. Inligtingstuk Nr. 5: Spesiale Kursus, geraadpleeg word).

4.4 SAMEVATTING

Die kurrikulum wat tans in die spesiale skole funksioneer, bied 'n redelike verskeidenheid beroepsmoontlikhede aan die verstandelik gestremde leerlinge. Uiteraard word die leerlinge se beroepskeuses beïnvloed veral met inagneming van die plaaslike omstandighede (vgl. 4.3.2).

Die effektiwiteit en die realiteit van die spesiale skool se kurrikulum en die beroepsmoontlikhede wat dit vir hierdie leerlinge inhou, sal in Hoofstuk 6 blootgelê word.

'n Besinning oor die doel en metode van ondersoek, en 'n motivering vir die vraelys en die Departementele Opname van Skoolverlaters wat vir die insameling van die nodige data gebruik sal word sal vervolgens die aandag geniet. Die toepassing van die vraelys word ook bespreek.

HOOFSTUK 5

MEETMIDDELS

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die empiriese ondersoek. Die doel en metode van die ondersoek word kortliks weergegee en 'n motivering word gebied waarom die vraelys-metode as die mees geskikte ondersoektegniek gekies is. Hier-na volg 'n uiteensetting van die empiriese ondersoek en die samestelling van die vraelys. Ten slotte word daar verduidelik waarom die Departementele Opname van Skoolverlaters 'n essensiële komponent van hierdie ondersoek vorm.

5.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is

- . om faktore in die huidige spesialeskoolstelsel te identifiseer wat 'n moontlike negatiewe of stremmende effek op die verstandelik gestremde leerlinge se uiteindelijke beroepsvolwassenheid en gevolglike beroepskeuse kan hê, en
- . om na die ondersoek moontlike aanbevelings te doen wat kan lei tot verbeterde indiensnemingsmoontlikhede vir verstandelik gestremde leerlinge in die spesiale skool (vgl. 1.5).

5.3 METODE VAN ONDERSOEK

5.3.1 Keuse van 'n metode

Vir hierdie ondersoek is daar oorweging geskenk aan persoonlike onderhoudsvoering met en/of vraelyste aan hoofde van spesiale skole in Transvaal.

Hier word kortliks gelet op die voor- en nadele van gemelde metodes; daarna volg 'n beskrywing van die gekose metode.

5.3.1.1 Die voor- en nadele van persoonlike onderhoude as navorsingsmetode

As 'n navorsingstegniek is die onderhoud 'n beplande gesprek wat gevoer word met die uitsluitlike doel om sekere informasie in te win "and, if it is to yield dependable generalization, must subscribe to the same criteria as other scientific strategies. It is to gather valid and reliable information through the responses of the interviewee to a planned sequence of questions" (Mouly, 1978:201).

Voordele van persoonlike onderhoude

- * Buigsaamheid: Die onderhoudsvoerder kan onder andere die metode van vraestelling wysig indien dit wenslik is. Vaaghede of onsekerhede van 'n respondent kan uit die weg geruim word deur die herbewoording van vrae (Sax, 1979:322).
- * Rapport: Volgens Mouly (1978:202) bied die onderhoud geleentheid tot beter rapport wat die respondent stimuleer om meer volledige en geldige antwoorde te verskaf.
- * Bykomstige inligting: Die onderhoudsvoerder kan inligting bekom van die respondent se gedrag wat op geen ander wyse moontlik is nie (Lovell & Lawson, 1970:114).
- * Terugvoering: Volgens Hopkins (1976:149) kan 'n hoër terugvoering ten opsigte van onderhoude verwag word (meer as 90% terugvoering word as normaal aanvaar).
- * Kinders en ongeletterdes: Johnson (1977:158) beklemtoon die voordeel wat die persoonlike onderhoud bied om inligting van kinders en ongeletterdes te verkry. Best (1977:182) vind onderhoudsvoering ook baie voordelig ten opsigte van

individue met taalprobleme en van beperkte intelligensie.

- * Motivering: Die meeste onderhoude poog om rapport tussen die onderhoudsvoerder en respondent te skep. Volgens Sax (1979:233) is respondente meer openlik en reguit sodra hulle die onderhoud aanvaar as nie-bedreigend; respondente se motivering kan dus gedurende die persoonlike onderhoud verhoog word.

Nadele van persoonlike onderhoude

- * Volgens Mouly (1978:203) spruit die swakheid van die onderhoud hoofsaaklik voort uit sy buigsaamheid. Die onderhoudsvoerder word toegelaat om sy benadering te varieer om aan te pas by die omstandighede. Hierdeur kan hy die interpretasie van sy gevolgtrekkings kompliseer, sy persoonlikheid in die situasie projekteer en dusdoende die gegewens subjektief beïnvloed.
- * Die opleiding van onderhoudsvoerders is baie belangrik. Aansluitend by Mouly noem Sax (1979:233-4) die persoonlike waardes en menings van die onderhoudsvoerder en hy beklemtoon die noodsaaklike en deeglike opleiding van hierdie navorsers. Die aard van die persoonlike verhouding tussen die onderhoudsvoerder en respondent vereis 'n vaardigheid en sensitiwiteit wat as 'n kuns beskou kan word (Best, 1977: 182).
- * Die koste en tyd wat gepaard gaan met persoonlike onderhoudsvoerings is baie hoog, veral as dit vergelyk word met metodes wat nie die teenwoordigheid van 'n onderhoudsvoerder vereis nie (Lovell & Lawson, 1970:122). As gevolg van die ekonomiese koste in terme van geld en tyd word die aantal respondente in hierdie tegniek dikwels beperk (Borg, 1981:87).

* Engelhart (1972:108) is van mening dat herhaalde onderhoude wat met die individue in die steekproef gevoer word, meer verteenwoordigende data kan lewer as dié wat deur geposte vraelyste verkry word. As die vorige nadeel egter in ag geneem word, sal dit nog hoër kostes meebring.

5.3.1.2 Die voor- en nadele van vraelyste as navorsingsmetode 'n Vraelys word veral gebruik om feitelike gegewens in te samel, (Best, 1977:157) wat dikwels op geen ander wyse verkry kan word nie (Hopkins, 1976:145). Volgens Mouly (1978:188-9) is vraelyste onderhewig aan die meeste kritiek, maar is dit nogtans die instrument wat die meeste aangewend word om opvoedkundige inligting te bekom.

Voordele van vraelyste

- * 'n Groot voordeel van die vraelysmetode is die meer ekonomiese benutting van tyd en geld. Uitgawes ten opsigte van opleiding en persoonlike besoeke word beperk (Sax, 1979:244).
- * Daar is 'n neiging tot hoër betroubaarheid. Omdat die vraelyste meestal anoniem is, word eerlike antwoorde meer gereidelik verkry (Cohen & Manion, 1980:253).
- * Meer respondente kan in 'n vraelys betrek word as deur persoonlike onderhoude (Sax, 1979:244), en dit lei daartoe dat 'n meer geldige en verteenwoordigende steekproef verkry kan word (Mouly, 1978:189).
- * Elke respondent ontvang presies dieselfde vraelys as die ander, gevolglik is hierdie data meer vergelykbaar as dié wat deur persoonlike onderhoude verkry is (Sax, 1979:245: Mouly, 1978:189).

Nadele van vraelyste

- * 'n Lae persentasie word soms terug ontvang (Cohen & Manion,

1980:253); gevolglik kan dit lei tot 'n minder verteenwoordigende steekproef (Mouly, 1978:189; Sax, 1979:245).

- * Die geldigheid van data wat deur vraelyste verkry word, berus hoofsaaklik by die vermoë en gewilligheid van respondente om die verlangde inligting te voorsien (Mouly, 1978:190).
- * Probleme mag ontstaan by die interpretasie van die vraelys. Hierdie gevaar word veral verhoog deur vrae wat dubbelsinnig of swak geformuleer word (Mouly, 1978:190).
- * Dit is moeilik om die motiveringspeil van die respondente vas te stel, gevolglik is dit moeilik om die geldigheid van hulle response te beoordeel (Sax, 1979:245).

Hopkins (1976:145) bied 'n goeie opsommende opmerking as hy sê dat die misbruik eerder as die aard van die vraelys, die oorsaak is van sy swak reputasie as navorsingsmetode.

Na deeglike besinning is daar besluit om die vraelysmetode vir hierdie studie te gebruik, veral om die volgende redes:-

- . Die hoeveelheid tyd en geld wat bestee sou moes word om persoonlike onderhoude te voer met elke hoof van 'n spesiale skool in Transvaal.
- . As persoonlike onderhoude gevoer moes word, kon die bekendheid met die respondente lei tot meer subjektiewe ondersoekresultate.

5.3.2 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode

5.3.2.1 Inleiding

Crawford (1928:177) is van mening dat die vraelys nie moet dien as 'n lui plaasvervangende metode om inligting in te samel, of om feitelike gegewens te verkry wat uit amptelike

verslae bekombaar is nie. Vraelyste word deur navorsers gebruik om noodsaaklike inligting te verkry. Die kennis, waardes, voorkeure en houdings wat individue ten opsigte van 'n spesifieke aangeleentheid het, kan onder meer gemeet word (Tuckman, 1972:173).

5.3.2.2 Die ontwerp van die vraelys

i. Konstruksie van die vraelys

Sax (1979:246) se opmerking ten opsigte van die benutting van die vraelystegniek roep navorsers tot besinning as hy sê: "A questionnaire, no matter how well designed, does not represent an end in itself. It is a means of gathering information for specific purposes...The outcome is likely to be trivial whenever the investigator is unable to justify the need for the questionnaire".

Die eerste stap in die konstruksie van 'n doelmatige vraelys is om 'n omvattende beeld van die ondersoek te verkry, die doel van die studie te formuleer en om vas te stel watter inligting benodig word (Mouly, 1978:191).

Die navorser moet 'n duidelike en relevante vraag kan stel wat 'n antwoord wat soortgelyk aan die vraag is, sal oplewer (Hopkins, 1976:145). Hoe duideliker die probleem gestel word, hoe meer doeltreffend sal elke item in verband met die doel van die ondersoek gebring kan word (Mouly, 1978:191).

Verder moet die formaat van die vraelys so gestruktureerd wees dat die respondent geen probleme sal ondervind om sy response weer te gee nie, die formulering van die vrae moet van so 'n aard wees dat 'n item nie heeltemal verkeerd vertolk sal word nie, en die samestelling van die vrae moet 'n logiese opeenvolging vertoon. 'n Verdere vereiste is dat

die instruksies so skerpsnydend afgerond is dat alle moontlike dubbelsinnigheid geëlimineer is (Hopkins, 1976:145). Mouly (1978:191) stel dit dan ook duidelik dat die beplanning van 'n vraelys 'n tydrawende en intellektueel veeleisende onderneming is. Elke aspek van die ondersoek moet versigtig uitgepluis word - die keuse van die populasie, die lengte van die vraelys, die inhoud, formaat, die spesifieke bydrae van elke item, die appèl van die begeleidende brief, ens.

a. Gestruktureerde (geslote) items

Wanneer gestruktureerde items in die vraelys gebruik word, moet die respondent 'n keuse doen uit 'n verskeidenheid antwoorde wat aangebied word (De Landsheere, 1973:64). Vrae wat veral gerig is op numeriese data, onder meer "ja" of "nee"-response, onderstropping en kontrole, is verkieslik in vraelyste waar die antwoorde op die vraelyste moet verskyn. Gestruktureerde items is ook verkieslik wanneer daar so min moontlik geskryf moet word (Engelhart, 1972:99).

b. Ongestruktureerde (ope) items

Hierdie items in 'n vraelys bied aan die respondent die geleentheid tot vrye response. As voorbeeld kan die volgende vraag gestel word:

Waarom verkies u om u graadkursus aan hierdie universiteit te volg?.....(Best, 1977:159).

Nadat die vraag gestel is, mag die respondent op eie vrye keuse reageer. Dit bied die versekering dat die respondent sy eie antwoorde sal gee sonder om noodwendig met die navorsers se antwoord saam te stem (Tuckman, 1978:201).

Best (1977:159) stel as voorvereiste dat geen leidrade gegee moet word nie. Gevolglik kan aanvaar word dat

ongestruktureerde items voorsiening maak vir intensiewer response.

ii.Kriteria vir die ontwerp van items

- * Die aantal items in 'n vraelys moet beperk word. Dit is beter om slegs 'n paar relevante items in 'n vraelys te hê as 'n klomp onbeduidendes (Crawford, 1928:181; Lovell & Lawson, 1970:94; Mouly, 1978:193).
- * Dubbelsinnigheid moet vermy word. Items moet so duidelik gestel word dat respondente liefs meer tyd kan neem om breedvoeriger te antwoord as om te interpreteer (Crawford, 1928:183; De Landsheere, 1973:68; Hopkins, 1976:145; Lovell & Lawson, 1970:92; Mouly, 1978:193).
- * Items moet so gerangskik word dat hulle as kruisverwysings kan dien: daar is wel afsonderlike vrae, maar almal is afgestem op die doel van die navorsing (De Landsheere, 1973:66; Mouly, 1978:193).
- * 'n Oorsig van die items moet gemaak word om te verseker dat al die noodsaaklike data verkry sal word en dat die respondent nie tyd hoef te verkwis om onbeduidende vrae te beantwoord nie (Hopkins, 1976:145).
- * Komplekse vrae moet vermy word - dit kan lei tot verwarring en bemoeilik die interpretering (Lovell & Lawson, 1970:92).
- * Items wat versteuring of angs mag teweegbring, moet versigtig hanteer word (Borg, 1981:55; De Landsheere, 1973:69; Lovell & Lawson, 1970:93-4).
- * Bevooroordeeldheid mag ontstaan as vrae so bewoord word dat die response op 'n "aanbevole" rigting afstuur (Engelhart, 1972:99; Johnson, 1977:152).

- * Dubbele ontkennings veroorsaak dikwels probleme en verwarring.
- * Nuttelose veronderstellings is vervelig en mag wrewel opwek (Best, 1977:161; De Landsheere, 1973:68).
- * Gelaaide items moet vermy word - een vraag moet lei na een antwoord (Best, 1977:161).
- * As 'n aspek beklemtoon moet word, onderstreep bepaalde woorde (Best, 1977:161).
- * Items moet in die toepaslike taal gestel word vir al die respondente (Best, 1977:162; De Landsheere, 1973:67).
- * Vrae moet so duidelik gestel word dat waninterpretasie so ver moontlik vermy kan word.
- * Tegniese woorde en ongewone terme moet verduidelik word (Engelhart, 1972:99).

iii. Tegniese versorging

Die tegniese versorging van 'n vraelys hou direk verband met die hoeveelheid vraelyste wat terug ontvang word.

- * Kleurbladsye kan 'n bydrae lewer tot die geheelbeeld van die vraelys en die aanwending van verskillende kleure by instruksies kan die taak van die respondent vergemaklik (Cohen & Manion, 1980:85).
- * Die herhaling van instruksies is wenslik - die response van die respondent is afhanklik van sy insig (Cohen & Manion, 1980:86; Hopkins, 1976:145).
- * Die inleidende vrae behoort eenvoudig te wees met 'n hoë belangstellingswaarde sodat deelname aangemoedig kan word (Cohen & Manion, 1980:86).
- * Goeie kwaliteit koeverte waarop die naam en adres van die respondent verkieslik getik is, moet gebruik word. Ook

die antwoordkoeverte moet van kwaliteit getuig (Best, 1977: 166; Cohen & Manion, 1980:86; Hopkins, 1976:146).

- * Navorsingstukke moet liefers nie gedurende Desembermaand gepos word nie (Cohen & Manion, 1980:86).
- * Die metode van duplisering van die vraelys is belangrik om beter terugontvangste te bevorder (Engelhart, 1972:101; Hopkins, 1976:145).
- * Besluite moet geneem word ten opsigte van die anonimiteit van respondente.
- * Die navorser moet 'n effektiewe metode vir die insameling en hantering beplan vir die vraelyste wat terugontvang word (Hopkins, 1976:146-7).
- * Die spasiëring van die tikwerk is belangrik - ruim spasie ontlok breedvoeriger beantwoording van vrae (Crawford, 1928: 186).

iv. Anonimiteit

Anonimiteit word meestal op grond van professionele en etiese gronde gehandhaaf. Respondente moet veral verseker wees ten opsigte van hulle anonimiteit wanneer inligting wat hulle verskaf van delikate of intieme aard is. Anonimiteit lewer volgens verskeie outeurs meer objektiewe response. Die grootste nadeel hieraan verbonde is dat terugontvangste baie moeilik gekontroleer kan word. Om hierdie probleem uit die weg te ruim, kan respondente gevra word om wel hulle name te verstrek, maar dan moet die navorser hulle verseker dat niemand hulle persoonlik sal kan identifiseer nie (Best, 1977:168; Crawford, 1928:185-6; Sax, 1979:259).

v. Samestelling van die voorlopige vraelys

Dit is haas onmoontlik om te voorspel hoe 'n vraelys deur

respondente geïnterpreteer sal word as die navorser nie eers 'n voorlopige vraelys aan 'n aantal proefpersone rig en die response analiseer voordat hy sy finale vraelys uitstuur nie (Borg, 1981:85).

'n Voorlopige vraelys kan 'n verskeidenheid foute blootlê:

- . Sou alle respondente identies antwoord op 'n spesifieke item, mag dit blyke gee van 'n gebrek aan diskriminasie.
- . 'n Oormaat van ontoepaslike response kan dui op swak bevoording of dubbelsinnighede.
- . Swak instruksies en administratiewe haakplekke word dikwels deur 'n voorlopige vraelys uitgewys.
- . Sensitiewe gebiede kan vasgestel word.
- . As sekere items onbeantwoord terugontvang word, moet hulle hersien word (Engelhart, 1972:101; Tuckman, 1978:231).

vi. Verspreiding en terugontvangste

Volgens Best (1977:167) is dit belangrik om vraelyste slegs aan diegene te stuur wat oor die verlangde inligting beskik en wat genoegsame belangstelling sal hê om objektief en konsensieus te reageer. Mouly (1978:196) beaam hierdie siening en is verder van mening dat indien vraelyste slegs aan persone gestuur word wat 'n persoonlike belang daarby het, dit die terugontvangste alleenlik kan bevorder. Lovell & Lawson (1970:95-6) beskou 10 tot 40% terugontvangste as normaal, hoër as 60% as baie hoog. Volgens hulle lei lae terugontvangste noodwendig tot 'n laer betroubaarheid van die ondersoek.

5.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.4.1 Keuse van proefpersone

Die doel van hierdie ondersoek is om moontlike bydraende faktore en probleemareas in die huidige onderwys vir spesiale skole vas te stel wat daartoe kan lei dat die verstandelik gestremde leerlinge in hulle latere beroepskeuses as volwasse benadeel mag word (vgl. 1.5 en 5.2).

In hierdie ondersoek is daar besluit om skoolhoofde van spesiale skole te betrek, en wel om die volgende oorwegings:-

- . Hulle beklee die hoogste bevorderingsposte aan hulle onderskeie skole en kan hulle meer gesaghebbend uitlaat oor omstandighede aan hulle skole.
- . As hoofde beskik hulle oor die beste ervaring van spesiale skole, hulle het die bevorderingspad van assistente, departementshoofde en adjunkhoofde deurgemaak.
- . Hulle beklee 'n oorkoepelende funksie; hulle moet kennis dra van beide die skolastiese en voorberoepsgerigte opleiding van alle leerlinge in hulle skole.
- . Hulle beskik oor kennis en ervaring van die skoolkurrikulum en met die spesialeskoolleerlinge.
- . As hoofde van spesiale skole raak hierdie ondersoek hulle direk en hulle belangstelling en betrokkenheid is relevant (vgl. 5.3.2.2 vi).

5.4.2 Samestelling van die vraelys

5.4.2.1 Motivering en ontwerp van die vraelys

Na aanleiding van die doel van hierdie ondersoek (vgl. 5.2) en met inagneming van die literatuurstudie (vgl. 2.3 en 2.3.4) is daar besluit om meer inligting deur middel van 'n vraelys oor die volgende aspekte te bekom:-

- . Skolastiese aangeleenthede aan spesiale skole (waaronder die vakke en leerplanne wat aangebied word en die standaarde

- wat gestel word - (vgl. vrae 1 - 3).
- . Die voorberoepsgerigte vakke en gepaardgaande indiensnemingsmoontlikhede (vgl. vrae 4 - 7).
 - . Die volwassenheidspeil van verstandelik gestremde leerlinge by skoolverlating (vgl. vrae 8 - 9).
 - . Die mate van ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid by die spesiale skole (vgl. vrae 10 - 11).

5.4.2.2 Keuse van die soort items vir die vraelys

Oorweging is geskenk aan sowel die geskiktheid van gestruktureerde as die ongestruktureerde items (vgl. 5.3.2.2 i a-b). Na deeglike besinning is besluit om beide items in hierdie navorsing in te sluit. Waar respondente hul menings met 'n besliste "Ja" of "Nee" moes aantoon, is dit van essensiële belang geag dat die "Nee" of "Ja" gemotiveer moet word, sodat die vraelys in sinvolle ooreenstemming gebring kon word met die doel van hierdie studie (vgl. 5.2).

5.4.2.3 Eerste redaksie van die vraelys

Na aanleiding van die motivering vir die vraelys (vgl. 5.4.2.1) en die riglyne en kriterium vir die ontwerp van 'n vraelys (vgl. 5.3.2.2), is besluit op 'n eerste redaksie wat soos volg saamgestel is: begeleidende brief, verduideliking aan die respondente en die vraelys (vgl. Bylaes A - B).

5.4.2.4 Tweede redaksie van die vraelys

Die vraelys is met die studieleiers bespreek, die nodige wysigings is aangebring en hierna is die tweede redaksie opgestel. Hierdie redaksie is aan drie van die hoofde uit die steekproef ter voltooiing voorgelê.

Na die terugontvangs is die tweede redaksie weer met die

studieleiers bespreek en sekere regstellings is aangebring. Skriftelike toestemming vir die uitstuur van die vraelys aan die hoofde van spesiale skole in Transvaal is van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry.

5.4.2.5 Aspekte van die finale vraelys

a. Breë temas wat deur die vraelys gedek word

Die vraelys bestaan uit elf vrae met onderafdelings waarop die hoofde met 'n besliste "Ja" of "Nee" moes antwoord met 'n gepaardgaande motivering of aanbeveling.

Vrae 1 - 3 handel oor skolastiese aangeleenthede. Hier wil spesifiek vasgestel word of die hoeveelheid vakke in die skolastiese leerprogram³⁾ voldoende is, of die standarde op peil is, en of die huidige leerplanne voldoende bydraes lewer tot die beroepsvolwassenheid van die verstandelik gestremdes (m.a.w. spesialeskoolleerlinge).

Vrae 4 - 7 handel oor die voorberoepsgerigte vakke se bydraes tot die indiensnemingsmoontlikhede van verstandelik gestremde leerlinge. Tans funksioneer 'n jaarvlakstelsel in die Spesiale Onderwys. Hier word gepoog om moontlike negatiewe of positiewe aspekte van die stelsel aan te dui. Verlengde skoolplig ten opsigte van hierdie leerlinge mag 'n bydrae lewer tot hulle

3) Die kurrikulum van die spesiale skool bestaan uit sowel die skolastiese as praktiese vakgroepe (vgl. 4.2.3). In die vraelys word die skolastiese leerprogram (vgl. vrae 1,2 en 3) gevolglik ook geskei van die praktiese vakgroepe (vgl. vrae 4,5,6 en 7).

indiensnemingsmoontlikhede. Hierdie vraag mag 'n aanduiding bied van die volwassenheidsvlak van die spesialeskoolleerlinge wanneer hulle die skool verlaat vir indiensneming. Voorberoepsopleiding mag 'n invloed hê op die indiensneming van die spesialeskoolleerlinge. Die standaard van voorberoepsopleiding word ter tafel gelê en reaksies hierop kan 'n positiewe of negatiewe tendens aandui wat die verstandelik gestremde leerling, spesifiek die spesialeskoolleerling, se indiensnemingsmoontlikhede mag beïnvloed.

Vrae 8 - 9 is veronderstel om 'n aanduiding te gee van die verstandelik gestremde leerlinge in die spesiale skole se mate van beroepsvolwassenheid by skoolverlating. Uiteraard speel die verstandelike en psigiese volwassenheid 'n deurslaggewende rol by skoolverlating van die verstandelik gestremde leerlinge. Die mate van ewililibrium tussen hierdie twee entiteite mag 'n invloed hê op die leerlinge se indiensnemingsmoontlikhede.

Vraag 10 is daarop gerig om die mate van oerbetrokkenheid vas te stel (vgl. 1.2).

Vraag 11 is veronderstel om 'n weergawe te bied van die gemeenskapsbetrokkenheid betreffende hierdie leerlinge. Hier, net soos in Vraag 10, kan 'n idee gevorm word van die verantwoordbare ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid by spesialeskoolleerlinge. Die resultate sal ontleed word om moontlike gebreke bloot te lê en om die oorsake hiervan vas te stel. Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid speel 'n vername rol in die opvoeding en uiteindelijke indiensplasing van hierdie leerlinge.

b. Lengte van die vraelys

Daar is gepoog om die vraelys so kort en bondig moontlik saam

te stel, sonder dat enige noodsaaklike inligting agterweë sou bly. Die vraelys bestaan uit elf vrae met onderafdelings (vgl. Bylae B).

c. Anonimiteit van die vraelys

Hoofde van skole is verseker dat die beantwoording van die vraelys as absoluut vertroulik hanteer sou word veral met inagneming van par. 5.3.2.2 (iv)

d. Voorkoms van die vraelys en begeleidende brief

Op die voorblad van die vraelys verskyn die volgende:-

- . 'n Samevattende uiteensetting van die vrae.
- . 'n Versoek om alle vrae te beantwoord.
- . 'n Voorbeeld van die beantwoording van die vrae.

Die respondente word na die laaste vraag bedank vir hulle bereidwillige samewerking.

In die begeleidende brief kom die volgende gegewens voor:-

- . Die volledige adresse van die afsender en die betrokke skoolhoof.
- . Bekendstelling van die navorser.
- . 'n Motivering vir die beantwoording van die vraelys.
- . 'n Versoek om spoedige terugsending.
- . 'n Versekering van die vertroulike hantering van alle vraelyste.
- . 'n Aangehegte toestemmingsbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement.

5.4.2.7 Terugontvangste

Vraelyste is aan die 26 hoofde van spesiale skole in Transvaal gestuur. 24 (92,3%) van die vraelyste is terugontvang.

Omdat die vraelyste absoluut anoniem gehanteer is, en die

terugontvangste goed was, is geen verdere korrespondensie met die hoofde gevoer nie.

5.5 DEPARTEMENTELE OPNAME VAN SKOOLVERLATERS

Die Transvaalse Onderwysdepartement het goedgunstiglik toestemming verleen dat daar in hierdie ondersoek gebruik gemaak mag word van 'n feitlik volledige opgawe van skoolverlaters van spesiale skole van 1982 (vgl. Bylae C). 24 van die 26 spesiale skole van Transvaal (92,3%) is in hierdie opname verteenwoordig.

Die opname is 'n integrerende deel van hierdie ondersoek. Nie alleen verskaf dit ondergenoemde data nie; dit is ook 'n feitlike weerspieëling van die indiensneming van verstandelik gestremde leerlinge wat volg op die onderwysstelsel wat tans in die spesiale skole funksioneer.

Hierdie opname was onontbeerlik vir die ondersoek omdat dit na 'n deeglike analise onder meer die volgende essensiële data verskaf het:-

- * Die aantal leerlinge - seuns en meisies wat die skool gedurende 1982 verlaat het.
- * Die leerlinge se onderskeie ouderdomme by skoolverlating.
- * Die jaarvlakke (kursusse) wat hulle by skoolverlating voltooi het.
- * Die beroepskeuses van hierdie leerlinge en/of die werkgewende instansies.
- * 'n Beeld word ook gebied van die leerlinge wat oorgeplaas is na beskutte arbeid, drosters, werksoekers, werkloses en leerlinge wat besig was met verdere studie/opleiding of dié wat diensplig moes verrig.

5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel en metode van ondersoek bespreek. Hierna is aandag gegee aan die empiriese ondersoek waar onder meer die volgende aspekte uitgelig is: die keuse van die proefpersone, die samestelling van die vraelys, die eerste en tweede redaksies van die vraelys, die begeleidende brief en die terugontvangste van die vraelys. Laastens word 'n motivering gebied vir die integrering van die Departementele Opname van Skoolverlaters vir hierdie ondersoek.

In Hoofstuk 6 word die response van die vraelys bespreek en geanaliseer.

HOOFSTUK 6

EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die vraelysitems ontledend aangebied, die response geanaliseer, die motiverings en/of aanbevelings van respondente (waar van toepassing) word weergegee, en die response word geïnterpreteer.

6.2 Vraag 1(a) en 1(b)

6.2.1 Inleiding

By hierdie vraag moet die respondente aandui of hulle 'n uitbreiding van die huidige skolastiese leerprogram noodsaaklik ag al dan nie. Respondente wat met Ja-response gereageer het, word versoek om aanbevelings te doen. Response op Vraag 1(a) word aangebied in Tabel 6.1. Aangesien Vraag 1(b) direk verband hou met Vraag 1(a), word die twee komponente as 'n eenheid behandel. Vraag 1(b) leen hom nie tot tabellering nie.

6.2.2 Vraelysresponse

Tabel 6.1 Vraag 1(a)

"Moet die hoeveelheid vakke van die huidige skolastiese leerprogram uitgebrei word?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	4	20	0	24
%	16,7	83,3	0	100

6.2.3 Analise van response

Die meerderheid respondente, naamlik 20 van die 24 (83,3%) het met Nee-response aangedui dat hulle 'n uitbreiding van die

huidige skolastiese leerprogram nie wenslik ag nie. Slegs vier respondente (16,7%) was ten gunste hiervan.

6.2.4 Vraag 1(b)

Respondente wat met 'n Ja-respons gereageer het, is versoek om vakke aan te beveel ter uitbreiding van die skolastiese leerprogram. Dienooreenkomstig behels hierdie respondente se aanbevelings die volgende:-

- . Vakke moet van 'n meer funksionele aard wees; dit moet meer gedifferensieerd toegepas kan word, en moet aansluiting vind by die laergraadvakke van die sekondêre skool.
- . 'n Volledige ondersoek moet ingestel word om vas te stel watter beroepsgeleenthede werkgewende instansies kan aanbied, en watter vereistes hulle stel ten opsigte van die indiensneming van die verstandelik gestremde leerlinge.

Uit hierdie reaksies wil dit voorkom asof dit nie die hoeveelheid vakke as sodanig is wat aanleiding gegee het tot die Ja-response nie, maar wel die funksionering en wyse van implementering van die vakke by die onderskeie spesiale skole.

6.2.5 Gevolgtrekking

Die afleiding kan gemaak word dat die respondente nie 'n uitbreiding van die huidige skolastiese leerprogram wenslik ag nie. Dit word egter gerade geag dat daar wel aandag gegee word aan die aanbevelings (vgl. 6.2.4), aangesien die omvang en aktualiteit hiervan ook duidelik weerspieël word in die response van Vraag 3.

6.3 Vraag 2

6.3.1 Inleiding

Die doel van hierdie vraag is om vas te stel of respondente dit noodsaaklik ag dat die standaarde van skolastiese leerplanne

verhoog moet word soos aangedui in Tabel 6.2.

6.3.2 Vraelysresponse

Tabel 6.2 Vraag 2

"Moet die standaarde van die volgende skolasiese leerplanne verhoog word: Afrikaans, Engels, Wiskunde en kulturele vakke?"

	Afrikaans			Engels			Wiskunde			Kult. vakke		
Aantal response	<u>Ja</u>	<u>Nee</u>	<u>Geen</u>	<u>Ja</u>	<u>Nee</u>	<u>Geen</u>	<u>Ja</u>	<u>Nee</u>	<u>Geen</u>	<u>Ja</u>	<u>Nee</u>	<u>Geen</u>
	13	11	0	9	15	0	14	10	0	11	13	0
%	54,2	45,8	0	37,5	62,5	0	58,3	41,7	0	45,8	54,2	0

6.3.3 Analise van response

Die meerderheid respondente, naamlik 13 (54,2%) het met Ja-response aangedui dat die standaard van Afrikaans verhoog moet word; 11 respondente (45,8%) het dit nie wenslik geag nie. 15 (62,5%) het met Nee-response hulle tevredenheid uitgespreek ten opsigte van die huidige standaard van die Engelse leerprogram, terwyl nege (37,5%) voorstanders was van 'n verhoogde standaard. Die meeste respondente - 14 (58,3%) het met Ja-response aangetoon dat die standaard van Wiskunde verhoog kan word, terwyl tien (41,7%) nie hierdie mening toegedaan was nie. Die grootste aantal respondente - 13 van die 24 - (54,2%) dui met Nee-response aan dat die standaard van die kulturele vakke nie verhoog hoef te word nie, terwyl 11 respondente (45,8%) die teenoorgestelde mening toegedaan was.

6.3.4 Gevolgtrekking

Volgens hierdie data blyk dit dat die respondente slegs ten gunste is van verhoogde standarde ten opsigte van die skolasiese leerprogramme van Afrikaans (54,2%) en Wiskunde (58,3%). Aangesien die verskil tussen Ja- en Nee-response by Afrikaans

minder as 10% is, word dit nie as betekenisvol gesien nie. Dit blyk ook dat die respondente tevrede is met die standarde wat tans gehandhaaf word vir die Engelse en kulturele vakke se leerplanne.

6.4 Vraag 3(a) en 3(b)

6.4.1 Inleiding

Met hierdie vraag wil daar vasgestel word of respondente daarvan oortuig is dat die huidige skolastiese leerplanne wel kultureel in aanvaarbare beroepsgevormdheid van die leerlinge.

Hierdie response word aangetoon in Tabel 6.3.

Vraag 3(a) en 3(b) hou verband met mekaar en omdat respondente gevra word om slegs op Nee-response aanbevelings te doen by Vraag 3(b), word daar by laasgenoemde nie 'n tabel voorsien nie.

6.4.2 Vraelysresponse

Tabel 6.3 Vraag 3(a)

"Lewer die huidige skolastiese leerplanne voldoende bydraes tot die finale beroepsgevormdheid van die leerlinge?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	9	15	0	24
%	37,5	62,5	0	100

6.4.3 Analise van response

Die meerderheid respondente (15 van die 24, met ander woorde 62,5%) het met hulle Nee-response aangetoon dat die huidige skolastiese leerplanne onvoldoende bydraes lewer ten opsigte van die finale beroepsgevormdheid van die leerlinge.

6.4.4 Vraag 3(b)

"Indien u Nee antwoord, doen asseblief aanbevelings".

In hierdie deel van die vraag word gelet op die moontlike

leemtes wat in die huidige skolastiese leerplanne mag voorkom. Die 15 (62,5%) Nee-respondente doen die volgende samevattende aanbevelings:-

- . Vakke moet meer gerig wees op beroepsplasinge.
- . Meer tyd moet aan beroepsvormende vakke bestee word - die leerlinge bereik nie hulle maksimale potensiaal nie.
- . 'n Spesiale kursus wat aansluiting vind by die laergraad van die sekondêre skole kan vir die meer begaafde leerlinge ingestel word.
- . Die standarde van Afrikaans, Wiskunde en Wetenskap moet verhoog word ten opsigte van leerlinge wat besondere belangstelling en aanleg ten opsigte hiervan openbaar.
- . Ambagsteorie, Tegniese Tekene en Meetkunde kan ingesluit word by die leerplanne. Hierdie vakke moet gesien word as verrykende komponente van bestaande vakke en nie as 'n uitbreiding van die huidige kurrikulum nie.

6.4.5 Samevattende gevolgtrekking

Uit die gegewens wat uit Vrae 1,2 en 3 verkry is, blyk dit baie duidelik uit hierdie ondersoek dat die huidige skolastiese leerprogramme gebrekkige bydraes lewer ten opsigte van die finale beroepsgevormdheid van spesialeskoolleerlinge.

6.5 Vraag 4(a) en 4(b)

6.5.1 Inleiding

Die Transvaalse spesiale skole funksioneer op 'n jaarvlak- in plaas van die gewone standerstelsel. In Vraag 4(a) wil daar vasgestel word of die huidige stelsel negatiewe bydraes lewer tot die indiensnemingsmoontlikhede van hierdie leerlinge. Response word aangedui in Tabel 6.4. In Vraag 4(b) word respondente gevra om motiverings te bied ten opsigte van hulle

response, gevolglik word dit nie getabelleer nie. Hierdie vrae hou direk verband en word as eenheid saamgevat by die gevolgtrekking in 6.5.5.

6.5.2 Vraelysresponse

Tabel 6.4 Vraag 4(a)

"Het die jaarvlakstelsel 'n negatiewe effek op die indiensneming van leerlinge?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	24	0	0	24
%	100	0	0	100

6.5.3 Analise van response

Al 24 (100%) respondente het met Ja-response gereageer en is daarvan oortuig dat die jaarvlakstelsel 'n negatiewe effek op die indiensnemingsmoontlikhede van leerlinge het.

6.5.4 Vraag 4(b)

Respondente is gevra om motiverings te bied ten opsigte van hulle antwoorde op Vraag 4(a). Hierdie motiverings bied die volgende inligting:-

- . Die oorheersende mening van die respondente (23), is dat hierdie toestand te wyte is aan die onbekendheid en onverstaanbaarheid (gevolglik onaanvaarbaarheid) van hierdie norm by sowel die werkgewende instansies as die gemeenskap.
- . Twee respondente wys op die knelpunt voortspruitend uit die jaarvlakstelsel, naamlik dat akademiese kwalifikasies vereis word by die toetreding tot vakleerlingskappe, ('n besondere skool het selfs skriftelike bewyse ingedien van probleme wat hulle hiermee ondervind het) en dat arbeids- en loonwette hoofsaaklik aan die standerdstelsel gekoppel word.

6.5.5 Gevolgtrekking

Volgens hierdie inligting blyk dit dat daar volkome sekerheid by die respondente bestaan dat 'n jaarvlakstelsel geen positiewe bydraes lewer tot die indiensemingsmoontlikhede van spesialeskoolleerlinge nie. Dit blyk ook uit hulle motiverings dat die werkgewende instansies uitermate swak bereik en betrek word met die funksionering van 'n jaarvlakstelsel (vgl. ook Bylae C).

6.6 Vraag 4(c) en 4(d)

In aansluiting by Vraag 4(a) en 4(b), word die standerstelsel alternatiewelik voorgehou as 'n moontlike stimulerende effek by die indiensemings van spesialeskoolleerlinge. Response op Vraag 4(c) word in Tabel 6.5 aangedui. Vraag 4(d) hou verband met Vraag 4(c) en hier word soos in vorige soortgelyke vrae gehandel.

6.6.1 Vraelysresponse

Tabel 6.5 Vraag 4(c)

"Sal 'n standerstelsel indiensemings positief stimuleer?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	24	0	0	24
%	100	0	0	24

6.6.2 Analise van response

Respondente het met 100% Ja-response aangetoon dat die standerstelsel die indiensemings van leerlinge positief sal stimuleer.

6.6.3 Vraag 4(d)

Respondente is versoek om hulle Ja of Nee-response in Vraag 4 (c) te motiveer.

Die besware en probleme wat in Vraag 4(b) uitgelig is, sal

volgens die respondente deur 'n standerdstelsel uit die weg geruim word.

Daar word ook aangevoer dat 'n standerdstelsel sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe norme aandui wat daartoe meehelp dat die spesialeskoolleerlinge op 'n mededingende wyse kan inskakel by ons nasionale onderwysstelsel ten opsigte van indiensneming.

6.6.4 Gevolgtrekking

Volgens die response bestaan daar dus geen twyfel dat 'n standerdstelsel slegs 'n positiewe bydrae sal lewer tot die indiensneming van spesialeskoolleerlinge nie.

Die samevattende gevolgtrekking wat dus gemaak kan word uit Vraag 4(a), 4(b), 4(c) en 4(d), is dat die jaarvlakstelsel 'n besliste negatiewe effek uitoefen op die indiensneming van spesialeskoolleerlinge.

6.7 Vraag 5(a) en 5(b)

6.7.1 Inleiding

Die doel van Vraag 5(a) is om te bepaal of verlengde skoolplig 'n gunstiger bydrae sal lewer tot die indiensnemingsmoontlikhede van spesialeskoolleerlinge. Die response op hierdie vraag word in Tabel 6.6 aangetoon.

Respondente moet in Vraag 5(b) motiverings bied ten opsigte van hulle response op Vraag 5(a), gevolglik word hierdie inligting nie getabelleer nie. Die onderafdelings is komplementêr en word dus as 'n eenheid behandel.

6.7.2 Vraelysresponse

Tabel 6.6 Vraag 5(a)

"Oor die algemeen gesproke, meen u dat verlengde skoolplig vir die leerlinge hulle indiensnemingsmoontlikhede noemenswaardig

sal verhoog?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	19	5	0	24
%	79,2	20,8	0	100

6.7.3 Analise van response

19 respondente (79,2%) het met Ja-response aangedui dat verlengde skoolplig hierdie leerlinge se indiensnemingsmoontlikhede sal verhoog terwyl vyf (20,8%) nie hierdie mening toegedaan was nie.

6.7.4 Vraag 5(b)

Hier is die respondente gevra om hulle Ja- of Nee-response te motiveer.

Die belangrikste motiverings op Ja-response behels die volgende:-

- . 13 respondente is daarvan oortuig dat verlengde skoolplig kan lei tot 'n hoër mate van fisieke, verstandelike en psigiese volwassenheid.
- . Drie respondente bepleit intensiewe voltydse beroepsgerigte opleiding gedurende die laaste jaar van verlengde skoolplig, wat volgens hulle 'n moontlike deur kan open vir toetrede tot vakleerlingskappe vir hierdie leerlinge.
- . Vier respondente is daarvan oortuig dat 'n beter benutting van potensiaal sal geskied - wat kan lei tot 'n meer effektiewe inskakeling van hierdie leerlinge by 'n werksituasie.
- . Daar is ook 'n mening uitgespreek dat verlengde skoolplig vir hierdie leerlinge hulle in staat moet stel om hoër kwalifikasies te kan bereik - hulle behoort gevorderde sertifikate te ontvang.

Die vyf respondente wat met Nee-response gereageer het se

kommentaar kan soos volg saamgevat word:-

- . Werkgewers stel nie veel belang in hierdie leerlinge se kwalifikasies nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die werkgewers se houding jeens die jaarvlakstelsel (vgl. 6.5.4).
- . Een respondent was van mening dat die vyfjarige spesiale-skoolkursus reeds te lank is en volgens hom behoort leerlinge op sestienjarige ouderdom reeds hulle skolastiese plafonne te bereik het.
- . 'n Ander respondent noem dat die huidige stelsel wel voorsiening maak dat hierdie leerlinge se skoolplig verleng kan word tot twintigjarige ouderdom. Die praktyk lewer egter duidelike bewyse dat die ordonnansie wat dit wettig (vgl. 3.3.2.2), baie selde afgedwing kan word. Dit is dan ook verstaanbaar waarom so 'n hoë persentasie respondente (79,2%) voorstanders is van verlengde skoolplig vir hierdie leerlinge.

6.7.5 Gevolgtrekking

Respondente toon baie duidelik deur hulle response, aanbevelings en motiverings aan dat verlengde skoolplig vir hierdie leerlinge slegs tot hulle eie voordeel sal strek.

6.8 Vraag 6(a) en 6(b)

6.8.1 Inleiding

Met Vraag 6(a) wil daar bepaal word of die aantal beroepsrigtings wat by spesiale skole aangebied word, voldoende is. Tabel 6.7 bied die weergawe van hierdie response aan. Vraag 6(a) en 6(b) hou verband met mekaar en vorm dus 'n globale eenheid wanneer daar tot 'n gevolgtrekking gekom word. In Vraag 6(b) word respondente wat met Ja-response gereageer het, gevra om aan te dui watter addisionele beroepsrigtings hulle

by hulle skole wil aanbied. Tabellering van hierdie vraag is nie van toepassing nie.

6.8.2 Vraelysresponse

Tabel 6.7 Vraag 6(a)

"Meen u dat die aantal beroepsrigtings waarin leerlinge aan u skool opgelei word, uitgebrei behoort te word?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	12	10	2	24
%	50,0	41,7	8,3	100

6.8.3 Analise van response

12 respondente (50%) het met Ja-response aangedui dat die voorberoepsgerigte rigtings uitgebrei behoort te word, terwyl tien (41,7%) respondente 'n uitbreiding hiervan nie nodig geag het nie. Twee (8,3%) het hierdie vraag nie beantwoord nie. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar nie tot 'n besluit gekom kon word nie, of uitlatings wat per abuis plaasgevind het.

6.8.4 Vraag 6(b)

Respondente is in hierdie vraag versoek om addisionele beroepsrigtings aan te dui wat hulle verkies om by hulle skole aan te bied. Die aantal voorberoepsrigtings wat skole mag aanbied, word hoofsaaklik beperk deur hulle leerlinggetalle. Etlike respondente spreek hulle begeerte uit ten opsigte van 'n breëre aanbieding van rigtings soos aangedui in 4.2.3.3. Om oorvleueling te vermy word slegs die addisionele rigtings wat deur respondente aanbeveel is, aangedui:-

- . Swaarvoertuigbestuurders
- . Stoffeerwerk

- . 'n Elektriese rigting
- . Vakteorieë en Tegniese Tekene moet in die leerprogramme opgeneem word.

6.8.5 Gevolgtrekking

Uit hierdie inligting wil dit voorkom asof die aantal voorberoepsgerigte rigtings wat by spesiale skole aangebied word nie problematies van aard is nie. Die addisionele rigtings wat wel aanbeveel word (vgl. 6.8.4), kan slegs 'n positiewe en verrykende bydrae lewer tot die rigtings wat tans aangebied word.

6.9 Vraag 7(a) en 7(b)

6.9.1 Met Vraag 7(a) word beoog om die standaard van beroepsopleiding te bepaal van leerlinge wat die skool vir indiensneming verlaat. Response op hierdie vraag word in Tabel 6.8 aangetoon. In Vraag 7(b), wat voortvloei uit Vraag 7(a), moet respondente aandui in watter mate die standaard verhoog kan word. Hierdie gegewens leen hulle nie tot tabeltering nie.

6.9.2 Vraelysresponse

Tabel 6.8 Vraag 7(a)

"Meen u dat die standaard van beroepsopleiding van leerlinge hoog genoeg is as hulle die skool verlaat?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	11	12	1	24
%	45,8	50,0	4,2	100

6.9.3 Analise van response

12 respondente (50%) dui met Nee-response aan dat die standaard van die voorberoepsgerigte opleiding verhoog kan word.

11 (45,8%) is tevrede met die standaard, terwyl een respondent (4,2%) nie gereageer het nie. Laasgenoemde respondent het waarskynlik die vraag per abuis oorgeslaan of was onseker van die aangeleentheid.

6.9.4 Vraag 7(b)

Hier word respondente versoek om aanbevelings te doen vir die verhoging van standarde van die voorberoepsgerigte rigtings indien hulle met Nee-response gereageer het.

- . Respondente is daarvan oortuig dat dié opleiding nie tred hou met moderne ontwikkeling nie. Om meer reg te laat geskied aan hierdie leerlinge se opleiding, beveel hulle die volgende aan:-
- .. Beter geleenthede en fasiliteite moet geskep word vir leerlinge wat 'n hoër mate van bekwaamheid of aanleg het.
- .. Vaktheorieë moet 'n deel van die kurrikulum vorm.
- .. Die aanstelling van ervare beroepsleiers met voldoende praktiese ervaring wat in noue kontak met werkgewende instansies verkeer.
- .. Instrukteur-onderwysers behoort 'n beter opleiding te geniet.
- .. Verlengde afdwingbare skoolplig kan 'n bydrae lewer tot verhoogde standarde in opleiding.

6.9.5 Gevolgtrekking

Die meeste van bogenoemde wenke is daarop gerig om die standaard van opleiding so te verhoog dat dit leerlinge met die nodige vermoëns in staat kan stel om toelating te verkry tot vakleerlingskappe (verwys 6.10.4).

Volgens die response wil dit voorkom asof die oordeel oor die standarde by die onderskeie skole nie ooreenstem nie

(verwys Vraag 7(c)), of dat die onderskeie skole hulle eie standaarde stel.

6.10 Vraag 7(c)

6.10.1 Inleiding

Respondente se menings word gepeil om vas te stel of 'n verhoging in die standaarde van opleiding beter indiensnemingsmoontlikhede vir leerlinge sal skep. Response op hierdie vraag word in Tabel 6.9 weerspieël.

6.10.2 Vraelysresponse

Tabel 6.9 Vraag 7(c)

"Indien die standaard van beroepsopleiding verhoog word, meen u dat dit tot verhoogde indiensneming sal lei?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	19	3	2	24
%	79,2	12,5	8,3	100

6.10.3 Analise van response

19 respondente (79,2%) het met Ja-response aangetoon dat hulle verhoogde standaarde van voorberoepsopleiding noodsaaklik ag vir die verhoogde indiensnemingsmoontlikhede van hierdie leerlinge. Drie (12,5%) het met Nee-response aangedui dat verhoogde standaarde nie 'n bydrae sal lewer nie, terwyl twee (8,3%) nie hierdie vraag beantwoord het nie. Laasgenoemde twee respondente kon blykbaar nie 'n keuse uitoefen nie, of die vraag het hulle ontglip. Dit kan afgelei word dat daar by een van hierdie respondente gewis onsekerheid was omdat hy beide Vraag 7(a) en 7(c) nie beantwoord het nie.

6.10.4 Gevolgtrekking

Dit is insiggewend om daarop te let dat slegs 50% respondente

in Vraag 7(a) nie tevrede was met die standaard van beroepsopleiding nie, terwyl 79,2% in Vraag 7(c) baie duidelik aandui dat verhoogde standaarde beslis 'n bydrae kan lewer tot verhoogde indiensnemingsmoontlikhede vir hierdie leerlinge.

Hierdie diskrepansie kan moontlik soos volg verklaar word:

12 respondente (50%) het reeds in Vraag 7(a) aangedui dat hulle nie tevrede is met die huidige standaard van voorberoepsopleiding nie. Hulle motiverings en aanbevelings word in Vraag 7(b) aangebied. In Vraag 7(c) word pertinent gevra of verhoogde standaarde tot hoër indiensnemingsmoontlikhede vir die leerlinge sal lei. As die standaarde verhoog word, impliseer dit dat daar beter geleenthede en fasiliteite vir die leerlinge geskep moet word(soos aangedui deur die Nee-respondente). In Vraag 7(c) was die Ja-respondente moontlik geaktiveer om die gepaardgaande konsekwensies van verhoogde standaarde in te sien en het daarom tot die logiese gevolgtrekking gekom dat verhoogde standaarde tot hoër indiensnemingsmoontlikhede van hierdie leerlinge sal lei.

6.11 Vraag 8(a) en 8(b)

6.11.1 Inleiding

Vraag 8(a) het ten doel om die respondente se menings te verkry ten opsigte van die verstandelike ontwikkelingspeil van leerlinge wanneer hulle die skool vir indiensneming verlaat. Response op hierdie vraag word aangetoon in Tabel 6.10. Omdat Vraag 8(b) aanbevelings aantoon wat op Vraag 8(a) betrekking het, word hulle as 'n eenheid in die gevolgtrekkings weergegee. Vraag 8(b) se response leen hulle nie tot tabellering nie.

6.11.2 Vraelysresponse

Tabel 6.10 Vraag 8(a)

"Is u van mening dat die meerderheid leerlinge wat u skool verlaat vir indiensneming verstandelik voldoende ontwikkel is?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	10	14	0	24
%	41,7	58,3	0	100

6.11.3 Analise van response

14 respondente (58,3%) het met Nee-response aangedui dat leerlinge se verstandelike ontwikkelingspeil by skoolverlating nie na wense is nie, terwyl tien (41,7%) hierdie leerlinge se verstandelike ontwikkelingspeil by skoolverlating aanvaarbaar gevind het.

6.11.4 Vraag 8(b)

Respondente wat met Nee-response gereageer het, word versoek om aanbevelings te doen:-

- . Nege respondente beveel aan dat skoolplig afgedwing moet word tot ten minste agtienjarige ouderdom.
- . Respondente beveel aan dat 'n gevorderde sertifikaat aan leerlinge wat daartoe in staat is uitgereik moet word.
- . Twee respondente is van mening dat die kurrikuluminhoude verhoog moet word en leerlinge moet in sekere rigtings kan spesialiseer.

6.11.5 Gevolgtrekking

Daar is 'n redelike aanduiding dat hierdie leerlinge se verstandelike ontwikkeling by skoolverlating nie na wense is nie. Dit blyk uit die inligting dat hierdie leerlinge die meeste baat sal vind deur op 'n latere ouderdom die skool vir indiensneming te verlaat.

6.12 Vraag 9(a) en 9(b)

6.12.1 Inleiding

Leerlinge se psigiese, liggaamlike en verstandelike volwassenheid by skoolverlating is van kardinale belang. As volwassenes behoort hulle onder meer outonome gewetensbesluite te maak en persoonlike verantwoordelikheid vir hulle besluite te aanvaar. Die doel van Vraag 9(a) is om respondente se menings te verkry ten opsigte van die psigiese volwasseheidspeil van leerlinge wat die skole vir indiensneming verlaat. Response op hierdie vraag word in Tabel 6.11 aangedui. In Vraag 9(b) moet respondente aanbevelings doen as hulle deur Nee-response sou aandui dat hulle nie tevrede is met die psigiese volwasseheidspeil van leerlinge by skoolverlating nie. Die vrae vorm 'n eenheid en word dus soos in vorige soortgelyke vrae hanteer.

6.12.2 Vraelysresponse

Tabel 6.11 Vraag 9(a)

"Is u tevrede met die psigiese volwassenheid van die meerderheid van die leerlinge (emosionaliteit, selfstandigheid, verantwoordelikheid, ens.) by hulle skoolverlating?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	7	17	0	24
%	29,2	70,8	0	100

6.12.3 Analise van response

17 respondente (70,8%) het met Nee-response aangedui dat leerlinge psigies nie voldoende ontwikkel is as hulle die skool verlaat nie, terwyl sewe (29,2%) hierdie aspek aanvaarbaar vind.

6.12.4 Vraag 9(b)

Respondente wat van mening is dat leerlinge se psigiese volwassenheid onvoldoende is by skoolverlating, word gevra om aanbevelings te doen wat hierdie aangeleentheid kan verbeter.

- . 15 van hierdie respondente beveel aan dat skoolplig vir leerlinge verleng moet word tot ten minste agtienjarige ouderdom.
- . 'n Beroepsgereedheidsprogram moet vir alle leerlinge ingestel word.
- . Nasorg en steungewing vir alle skoolverlaters word bepleit.

6.12.5 Samevattend

Volgens hierdie gegewens is dit baie duidelik dat respondente daarvan oortuig is dat hierdie leerlinge se psigiese ontwikkelingspeil nie voldoende is as hulle die skool vir indiensneming verlaat nie; dat 'n beroepsgereedheidsprogram noodsaaklik is; dat verlengde skoolplig essensieel vir hierdie leerlinge is, en 'n pleidooi word gelewer vir deeglike nasorg en steungewing aan hierdie leerlinge nadat hulle die skool vir indiensneming verlaat het.

6.13 Vraag 10(a), 10(b) en 10(c)

6.13.1 Inleiding

Die ouers en gemeenskap het 'n verantwoordelikheid teenoor alle skoolpligtige kinders (vgl.1.2). Ouers van leerlinge in spesiale skole moet medeverantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van hulle kinders se opvoeding.

Die doel van Vraag 10(a) is dus om die mate van ouerbetrokkenheid te bepaal. Response op hierdie vraag word aangedui op Tabel 6.12. Vrae 10(b) en 10(c) vorm integrerende dele van Vraag 10(a) en hiervoor word dus nie tabelle voorsien nie.

6.13.2 Vraelysresponse

Tabel 6.12 Vraag 10(a)

"Is die mate van ouerbetrokkenheid by u skool bevredigend?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	5	19	0	24
%	20,8	79,2	0	100

6.13.3 Analise van response

19 respondente (79,2%) het met Nee-response aangedui dat die ouerbetrokkenheid by hulle skole onvoldoende is, terwyl vyf (20,8%) blyke gegee het van hulle tevredenheid daarmee.

6.13.4 Vraag 10(b)

Respondente wat met Ja-response gereageer het, moes aantoon op watter wyses ouerbetrokkenheid na vore tree.

Die volgende aangeleenthede word uitgelig:-

- . Die belangstelling en deelname van ouers aan funksies en aktiwiteite wat aangebied word, is bevredigend.
- . Oueraande wat deur die skole aangebied word, word redelik goed bygewoon.
- . Daar is ouer-onderwysersverenigings wat deeglik funksioneer.

6.13.5 Vraag 10(c)

Respondente wat met Nee-response aangedui het dat ouerbetrokkenheid onvoldoende is, word gevra om aanbevelings te doen om hierdie aangeleentheid te verbeter. Response op Vrae 10(b) en 10(c) is uiteraard komplementêrend van aard en word gevolglik nie herhaal nie. Hierdie versoek het ook die volgende aan die lig gebring:-

- . Sommige ouers woon baie ver van die skole af. Hier word veral gedink aan die plattelandse skole waar vir

- koshuisleerlinge voorsiening gemaak moet word. Sommige ouers woon meer as 100 km van die skole af. Uiteraard word hulle deelname aan die skoolaktiwiteite hierdeur gestrem.
- . Die ligging van skole speel ook 'n rol. Respondente meld hier dat die omgewing waarin 'n skool geleë is en die inkomstegroepe van die ouergemeenskap 'n beduidende effek toon ten opsigte van hulle betrokkenheid en veral hulle finansiële ondersteuning ten opsigte van die skoolaktiwiteite en -aangeleenthede.
 - . Daar moet gepoog word om die stigma wat aan Spesiale Onderwys kleef te verwyder.
 - . Daar moet toegesien word dat by hierdie leerlinge 'n beter toekomsverwagting geskep word (byvoorbeeld: meer bruikbare sertifikate moet in vooruitsig gestel word).

6.13.6 Gevolgtrekking

Uit hierdie response kan afgelei word dat die ouerbetrokkenheid by spesiale skole veel te wense oorlaat. Volgens respondente kan hierdie toestand gedeeltelik verbeter word deur inisiatiewe wat vanaf die skole sal moet uitgaan (oueraande, funksies, ens.).

6.14 Vraag 11(a), 11(b) en 11(c)

6.14.1 Inleiding

Soos aangetoon in 1.2, dra die breëre gemeenskap ook sekere verantwoordelikhede ten opsigte van die skoolgaande jeug. Die doel van Vraag 11(a) is om 'n peiling te maak van die gemeenskapsbetrokkenheid. Response op hierdie vraag word in Tabel 6.13 aangetoon. Vrae 11(b) en 11(c) is onderafdelings van Vraag 11(a) en word gevolglik nie getabelleer nie.

6.14.2 Vraelysresponse

Tabel 6.13 Vraag 11(a)

"Is die mate van gemeenskapsbetrokkenheid by u skool bevre- digend?"

	Ja-response	Nee-response	Geen response	Totaal
Aantal response	13	11	0	24
%	54,2	45,8	0	100

6.14.3 Analise van response

Die meerderheid respondente (54,2%) het met Ja-response aangedui dat hulle tevrede is met die gemeenskapsbetrokkenheid. 11 respondente (45,8%) toon met Nee-response aan dat daar leemtes in dié verband by hulle skole bestaan.

6.14.4 Vraag 11(b)

Respondente wat met Ja-response gereageer het, moes aandui waarin die gemeenskapsbetrokkenheid na vore kom.

- . Respondente beveel aan dat die skole beter bekend gestel moet word aan die gemeenskap. Om dit te bewerkstellig word aanbeveel dat meer aandag gegee moet word aan funksies soos oueraande en uitstallings van leerlingwerk. Spesiale uitnodigings moet aan die gemeenskap gerig word.
- . Verskeie respondente noem dat die dienslewering wat die leerlinge aan die gemeenskap kan bied, meer publisiteit moet geniet. Hier word veral gedink aan motorherstelwerk, sweiswerk, haarkappery en bouwerk.
- . Die betrokke gemeenskappe stel oortuigend belang. Verkopings wat deur die skole gereël word, word goed ondersteun, en gereelde donasies word ook ontvang.

6.14.5 Vraag 11(c)

Nee-respondente word gevra om aanbevelings te doen om groter gemeenskapsbetrokkenheid te bewerkstellig.

Vrae 11(a), 11(b) en 11(c) is ook hier aanvullend tot mekaar.

Aanbevelings wat aangebied word, is onder meer die volgende:-

- . Meer uitnodigings moet aan die gemeenskap gerig word om die skole te besoek.

- . Daar moet gestrewe word om groter empatie vir hierdie leerlinge by die gemeenskap te wek.

Een van die respondente stel hierdie aangeleentheid in 'n duidelike perspektief as hy die onbetrokkenheid van die gemeenskap toeskryf aan die algemene onbekendheid van die spesiale skole en leerlinge by die onderskeie gemeenskappe.

6.14.6 Gevolgtrekking

Die afleiding wat hier gemaak kan word, is dat die gemeenskapsbetrokkenheid middelmatig vertoon. Daar bestaan genoegsame ruimte vir verbeteringe soos duidelik weerspieël word in die aanbevelings van die respondente (vgl. 6.14.4 en 6.14.5).

6.15 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die vraelysresponse aangebied en geanaliseer en is tot sekere gevolgtrekkings gekom.

Hoofstuk 7 bied 'n samevatting, gevolgtrekkings word gemaak, en 'n aantal aanbevelings word gedoen.

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar eerstens 'n samevatting van die vorige ses hoofstukke aangebied, daarna word sekere gevolgtrekkings gemaak en ten slotte word 'n aantal aanbevelings wat uit hierdie studie voortvloei aan die hand gedoen.

7.2 SAMEVATTING

7.2.1 Agtergrond van die studie

God het die mens beveel om die aarde te onderwerp en daaroor te heers (Gen.1:27-8). Hy gee aan elke mens sy talente en eis van elkeen verantwoording hiervan by die uitvoering van sy arbeidsopdrag. Die onderwysstelsel van 'n land moet toesien dat elke leerling, ook die verstandelik gestremde, tot sy volle potensiaal sal ontwikkel.

Verstandelik gestremde leerlinge het soos alle ander leerlinge die begeerte om 'n selfstandige volwasse bestaan in die samelewing te voer. Aan die Spesiale Onderwys is die belangrike taak opgedra om die spesialeskoolleerlinge deur opvoeding en onderwys tot beroepsvolwassenheid te lei (vgl. 1.1).

7.2.1.1 Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid (vgl. 1.2)

Die ouers en gemeenskap het die taak van die onderwys van hulle kinders grotendeels aan die skole opgedra. Dit sou egter futiel wees as dit sou impliseer dat die skool hierdie taak ten uitvoer kan bring sonder die ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid. Die ouers, gemeenskap en skool is te alle tye medeverantwoordelik

om toe te sien dat die gestremde leerlinge ook eendag hulle regmatige plekke in die volwasse beroepswêreld sal beklee.

7.2.1.2 Probleemstelling

Verstandelik gestremde leerlinge (spesialeskoolleerlinge) het eiesoortige behoeftes wanneer hulle opvoeding en onderwys ter sprake kom, en dit bring mee dat alle betrokkenes tot gereelde en deurgronde besinning gebring moet word.

In hierdie studie wil daar dus ingegaan word op die huidige opvoedingsfasiliteite wat die Transvaalse Onderwysdepartement bied ten opsigte van hierdie leerlinge se latere beroepsvolwassenheid (vgl. 1.3).

7.2.1.3 Motivering vir die ondersoek (vgl. 1.4).

Die moderne tegnologiese ontwikkeling vervang verouderde beroepsmoontlikhede en nuwe werkseleenthede word daaglik geskep. Die vraag is of die onderwysstelsel van die spesiale skole wel tred hou met veranderde omstandighede. Vorige navorsers op die gebied van Spesiale Onderwys het reeds 'n dekade gelede gewaarsku teen beperkende beroepseleenthede wat vir hierdie leerlinge mag ontstaan as daar nie gereelde aandag geskenk word aan onder andere die kurrikulum en fasiliteite van die spesiale skole nie (vgl. 1.4).

7.2.2 Opvoeding en beroepsvolwassenheid (vgl. 2.1)

7.2.2.1 Inleiding

Die kind is tot opvoeding aangewese en sy toekomstige gemeenskapsdeelname is grotendeels afhanklik van die opvoeding en onderwys wat hy geniet het. Opvoeding impliseer die begeleiding tot beroepsvolwassenheid.

7.2.2.2 Opvoeding (vgl. 2.2)

Ten opsigte van hierdie begrip is die standpunt gehuldig dat

alle opvoeding gerig en gelei word deur 'n lewens- en wêreld-beskouing en vir die Christenopvoeder sentreer opvoeding dus om die Woord van God. Om beter lig op genoemde begrip te werp, is daar na die sieninge van verskeie outeurs gekyk.

7.2.2.3 Beroepsvolwassenheid (vgl. 2.3)

Eerstens is daar gelet op die begrip volwassenheid wat as die einddoel van opvoeding gestel word. Hier is die gedagterigtings van Van Zyl (1973:213-218) en Garbers (1961:71-2) weergegee.

Hierna volg 'n weergawe van Super se beroepsontwikkelingsteorie wat van besondere en relevante betekenis vir die Spesiale Onderwys is (vgl. 2.3.3).

Mortensen en Schmuller (1966:115) bied 'n weergawe van Gordon Allport se kriteria ten opsigte van beroepsvolwassenheid - genoemde outeur gee veral aandag aan die volgende belangrike aspekte van 'n beroepsvolwassene: sy selfbeeld, kontak met andere, emosionele sekuriteit, realistiese optredes, objektiewe beskouing en harmonieuse lewe met 'n rigtinggewende filosofie. Die doelstellings wat beoog word vir spesialeskoolleerlinge wat die skool vir indiensneming verlaat, word ook bespreek en die volgende aangeleenthede word uitgesonder: selfverwesenliking, menslike verhoudings, ekonomiese doeltreffendheid, gemeenskapsbetrokkenheid en verstandelike, psigiese en godsdienstige aspekte (vgl. 2.3.4).

7.2.3 Spesiale Onderwys

7.2.3.1 Inleiding

Spesiale Onderwys impliseer spesiale leerlinge, spesiale skole en 'n spesiale kurrikulum, wat op die behoeftes van genoemde leerlinge ingestel is (vgl. 3.1).

7.2.3.2 Verstandelik gestremdheid

7.2.3.3 Definisies

Hier word gelet op etlike definisies van verstandelike gestremdheid. Die definisie wat Kirk & Johnson (1954:13) bied, word hier aanvaar as die mees omvattende en vind die beste aansluiting by die Wet op Onderwysdienste, 41 van 1967. Volgens die skrywers moet die verstandelik gestremde kind gediagnoseer word as een met 'n lae intelligensie, wat nie by die gewone kurrikulum van die openbare skool voldoende baat kan vind nie, maar wat wel tot so 'n mate opgevoed kan word dat hy sosiaal en beroepsgewys sy plek kan volstaan op voorwaarde dat spesiale opvoedkundige fasiliteite vir hom voorsien word.

7.2.3.4 Identifisering van verstandelik gestremde leerlinge (vgl. 3.2.2)

'n Samevatting van die mees algemene eienskappe wat die verstandelik gestremde leerlinge openbaar, kan soos volg weer-gegee word: Hulle

- . leer moeilik
- . is aangewese op die konkrete denkvlak
- . ondervind probleme met die hantering van nuwe of vreemde situasies
- . ondervind minderwaardigheidsgevoelens
- . presteer swak op akademiese vlak
- . vertoon lae intelligensiemetings
- . taalvermoë is swak
- . vertoon dikwels 'n negatiewe selfbeeld
- . beleef frustrasies as gevolg van swak akademiese vermoëns
- . het minder inhibisies
- . is sosiaal en akademies opvoedbaar

- . openbaar gedragsafwykings
- . vind nie noemenswaardig baat by die gewone kurrikulum nie.

7.2.3.5 Klassifikasie

Hier is gelet op 'n aantal klassifiseringswyses asook die terminologie en die groepering wat verskeie outeurs handhaaf. Vir eenvormigheid in die Republiek van Suid-Afrika is dit wenslik om te volstaan by die subgroeperings soos deur Maat (1975:16) voorgestel:-

- (1) IK hoër as 90 - verstandelik normale en bo-normale leerlinge
- (2) IK tussen 80 en 90 - verstandelik donnormale (beperk-normale) leerlinge
- (3) IK tussen 50 en 80 - verstandelik gestremde (subnormale) leerlinge
- (4) IK laer as 50 - verstandelik ernstig en uiters gestremde leerlinge (vgl. 3.2.3).

7.2.3.6 'n Algemene perspektief op verstandelik gestremde leerlinge (vgl. 3.2.5).

Etlike outeurs se sienings omtrent hierdie leerlinge word aangebied.

7.2.3.7 Psigologiese behoeftes (vgl. 3.2.6).

Die basiese psigologiese behoeftes van hierdie leerlinge vertoon slegs graadverskille as dit vergelyk word met dié van ander leerlinge. Aandag word onder meer aan die volgende behoeftes gegee:-

- . Veiligheid en geborgenheid, die gee en ontvang van liefde, die aanvaarding deur andere, selferkenning en onafhanklikheid en verantwoordelikheid.

7.2.3.8 Oorsake van verstandelike gestremdheid (vgl. 3.2.7).

'n Samevatting van die mees algemene oorsake soos genetiese, prenatale, perinatale, postnatale en sosiokulturele faktore word bespreek.

7.2.3.9 Omvang van verstandelike gestremdheid (vgl. 3.2.8)
Gedurende 1971 was die omvang van verstandelike gestremdheid in Amerika 2,7%. Volgens die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het Transvaal 'n voorkoms van 2,8% (28 uit elke 1 000 leerlinge) gedurende 1981 gehad.

7.2.3.10 Internasionale beskerming van die verstandelik gestremde kind (vgl. 3.2.9)

Koch & Koch (1974:9 - 11) het 'n weergawe aangebied van The International League of Societies for the Mentally Handicapped. Die 9 artikels wat hierin vervat is, is kortliks aangedui.

7.2.3.11 Spesiale skole (vgl. 3.2.10)

Hier word die belangrikheid van die bestaan van spesiale skole beklemtoon.

7.2.4 Die gedifferensieerde onderwysstelsel en Spesiale Onderwys as 'n noodwendige faset hiervan (vgl. 3.3)

7.2.4.1 Gedifferensieerde onderwys (vgl. 3.3.1)

Eerstens geniet die verduidelikings van 'n aantal gesaghebbendes die aandag; daarna volg 'n indeling van die vier skoolfasies en die studierigtings wat op senior sekondêre vlak aangebied word soos dit uiteengesit is in die Staatskoerant van 12 Nov. 1971 en Ordonnansie R 2029:19-20.

7.2.4.2 Wetsbepalings ten opsigte van Spesiale Onderwys (vgl. 3.3.2)

Spesiale Onderwys verteenwoordig een van die vernaamste fasette van gedifferensieerde onderwys, en die Wet op Onderwysdienste No. 41 van 1967 en Ordonnansie 20 van 1968 bied duidelike

riglyne ten opsigte van die hantering van die verstandelik gestremde leerling. Hier word kortliks gelet op die volgende:-
Spesiale skole, skoolplig, vrystelling, uitstelling of oorplasing.

7.2.5 Verwysingskriteria en plasingmetodes vir leerlinge na spesiale skole (vgl. 3.4)

Die uitkenning van verstandelik gestremde leerlinge volgens die kriteria soos aanbeveel deur Vaughan (1981:94-5) word aangetoon. Daarna word die aanmelding en plasingprocedure uiteengesit soos dit deur die Transvaalse Onderwysdepartement se Handleiding vir Spesiale Onderwys (1981) neergelê word (vgl. 3.4.2).

7.2.6 Kurrikulum en beroepsmoontlikhede vir spesialeskoolleerlinge

7.2.6.1 Inleiding (vgl. 4.1)

In spesiale skole funksioneer 'n besondere kurrikulum wat 'n bydrae moet lewer ten opsigte van hierdie leerlinge se uiteinde-like indiensplasing.

7.2.6.2 Kurrikulum vir Spesiale Onderwys (vgl. 4.2.1)

Op internasionale vlak word aanvaar dat aan verstandelik gestremde leerlinge 'n eiesoortige kurrikulum voorsien moet word wat hulle in staat sal stel om as volwaardige lede van die gemeenskap opgeneem te word.

7.2.6.3 Doelstellings van die kurrikulum (vgl. 4.2.2)

Die doelstellings word toegespits op die ontwikkeling van vermoëns en gedrag wat noodsaaklik is vir suksesvolle aanpassing in die arbeidswêreld. Hier word gelet op persoonlike en sosiale aanvaarding, sekuriteit (geborgenhed) en onafhanklikheid, persoonlike tevredenheid, en gemeenskapsverantwoordelikheid.

7.2.6.4 Kurrikulum vir die Transvaalse spesiale skole (vgl. 4.2.3)

Leerlinge ontvang sowel skolastiese as praktiese onderrig en die kurrikulum sluit verpligte vormende -nie-eksamenvakke, verpligte skolastiese eksamenvakke en die afsonderlike praktiese vakgroepe vir seuns en meisies in.

7.2.7 Beroepsmoontlikhede vir spesialeskoolleerlinge (vgl. 4.3)

Die opvoeding wat die verstandelik gestremde leerling in die spesiale skool ontvang, moet kulmineer in sy uiteindelijke beroepsvolwassenheid.

Plaaslike omstandighede, die opleiding van die verstandelik gestremde leerlinge en die omgewing (plattelands of stedelik) speel 'n rol by die indiensneming van hierdie leerlinge. Die beroepsmoontlikhede van hierdie leerlinge en die werkgewende instansies word kortliks uiteengesit (vgl. 4.3.3).

7.2.8 Meetmiddels

7.2.8.1 Die doel van die ondersoek (vgl. 5.2)

Die doel van die ondersoek behels die volgende:-

- . om faktore in die huidige spesiale skole te identifiseer wat 'n moontlike stremmende effek op die verstandelik gestremde leerlinge se uiteindelijke beroepsvolwassenheid en gevolglike beroepskeuse kan hê, en
- . om na die ondersoek moontlike aanbevelings te doen wat kan lei tot verbeterde indiensnemingsmoontlikhede vir verstandelik gestremde met ander woorde, spesialeskoolleerlinge (vgl. ook 1.5).

7.2.8.2 Die metode van ondersoek (vgl. 5.3)

Hier is eerstens gelet op die keuse van 'n metode. Persoonlike

onderhoudsvoering en vraelyste word onder die loop geneem om tot 'n finale keuse te kom.

Nadat die vraelys as die geskikste metode van navorsing vir hierdie studie bevind is, word hierdie metode van nader beskou. Daar word onder andere op die volgende belangrike aspekte gelet: Die konstruksie, kriteria vir die ontwerp van items, die tegniese versorging, anonimiteit, samestelling van die voorlopige vraelys, en die verspreiding en terugontvangste van die vraelys.

7.2.8.3 Die empiriese ondersoek (vgl. 5.4)

Relevante aspekte wat hier onder die aandag gebring is, is die volgende:-

- . Die keuse van proefpersone
- . Die eerste redaksie van die vraelys
- . Die tweede redaksie van die vraelys
- . Aspekte van die finale vraelys.
- .. Breë temas wat deur die vraelys gedek word
- .. Die lengte van die vraelys
- .. Anonimiteit van die vraelys
- .. Voorkoms van die vraelys en begeleidende brief
- . Terugontvangste

7.2.9 Departementele Opname van Skoolverlaters (vgl. 5.5)

Die opname is 'n integrerende deel van hierdie ondersoek. Die volledige besonderhede van hierdie opname is in Bylae C aangedui.

7.2.10 Empiriese ondersoek (vgl. 6.1 - 6.15)

Die vraelysitems word ontledend aangebied, die response geanaliseer, die motiverings en/of aanbevelings van respondente (waar van toepassing) word weergegee, en die response word geïnterpreteer.

7.2.10.1 Bespreking van elke vraelysitem (vgl.6.2 - 6.14.6)

Die vraelysitems is afsonderlik soos volg bespreek: vraag, inleiding, vraelysresponse, analise van response en daarna is tot gevolgtrekkings gekom.

7.3 GEVOLGTREKKINGS

7.3.1 Inleiding

Die vraelys bestaan uit 11 vrae wat soos volg gegroepeer is:-

- . Vrae 1 tot 3 handel oor skolastiese aangeleenthede.
- . Vrae 4 tot 7 is gesentreer om die beroepsgerigte vakke met gepaardgaande indiensnemingsmoontlikhede.
- . Vrae 8 en 9 het betrekking op die volwassenheidspeil van die leerlinge by skoolverlating.
- . Vrae 10 en 11 is onderskeidelik gerig op die ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid.

Die gevolgtrekkings word dus volgens genoemde indelings gedoen.

7.3.2 Skolastiese aangeleenthede (vgl. vrae 1 - 3)

- . Die vakke van die huidige skolastiese leerprogram is voldoende en 'n uitbreiding hiervan word nie wenslik geag nie.
- . Die standarde van Afrikaans en Wiskunde is nie na wense nie - dit kan verhoog word en byvoegings van sekere komponente vir byvoorbeeld Wiskunde blyk sinvol te wees (sien aanbevelings).
- . Die respondente is oor die algemeen tevrede met die standarde wat gehandhaaf word ten opsigte van Engels en die kulturele vakke.
- . Volgens die ondersoek is dit duidelik dat die huidige skolastiese leerprogram nie voldoende bydraes lewer tot aanvaarbare beroepsgevormdheid van die leerlinge nie (sien aanbevelings).

7.3.3 Die beroepsgerigte vakke en indiensnemingsmoontlik-
hede (vgl. vrae 4 - 7)

- . Die funksionering van 'n jaarvlakstelsel het 'n absolute negatiewe effek op die indiensneming van die leerlinge. Dit word toegeskryf aan die onbekendheid, die onverstaanbaarheid en gevolglike onaanvaarbaarheid van hierdie stelsel.
- . Daar is volkome sekerheid by die respondente dat 'n plaasvervangende standerdstelsel slegs positiewe bydraes sal lewer tot die indiensneming van spesialeskoolleerlinge en die negatiewe konnotasies wat met die leerlinge se kwalifikasies verband hou, kan dusdoende uit die weg geruim word.
- . Verlengde skoolplig sal 'n noemenswaardige bydrae lewer tot die verhoogde indiensnemingsmoontlikhede van hierdie leerlinge. As skoolplig tot agtienjarige ouderdom verhoog sou word, kan die volgende inligting aandag geniet:-
 - .. 523 (70,3%) van die 743 seuns wat skool verlaat het aan die einde van 1982 was jonger as 18 jaar (sien Bylae C). Verlengde skoolplig kan moontlik die werkloosheidsyfer (19,1% vgl. Bylae C) van seuns laat afneem. 357 (76%) meisies het die skool verlaat voor agtienjarige ouderdom (vgl. Bylae C), terwyl die werkloosheidsyfer hier 25,3% was (vgl. Bylae C).
- . Die aantal beroepsgerigte rigtings aan spesiale skole is blykbaar voldoende. Daar is wel sekere aanpassings wat gedoen kan word (sien aanbevelings).
- . Verhoogde standaarde van die voorberoepsgerigte rigtings sal beslis 'n bydrae lewer tot die verhoogde indiensneming van spesialeskoolleerlinge. Die volgende inligting is insigwend:-
 - .. Skoolverlaters (seuns) het die volgende beroepe aanvaar of

was deur die volgende werkgewende instansies in diens geneem wat direk of indirek ooreenstem met die praktiese vakgroepe (vgl.4.2.3.3):- Boubedryf (10), ketelmakery (5), letterskilder (3), loodgieter (2), motorherstelwerk (19), mynbou (12), paneelklop en spreiverf (43), plaatmetaalwerk (4), S.A. vervoerdienste (24), skrynwerker (8), sweiser (21), vakleerlingskap (35). Hierdie 186 beroepe wat aanvaar is, verteenwoordig slegs 24,2% van die 766 seuns wat skool verlaat het. In ooreenstemming hiermee vertoon die syfers vir die meisies soos volg: Haarkappery (49), werk as klerke/kassiere/winkelassistente (95), matrones (4), in die S.A. vervoerdienste (14), verpleging (18) en as skoonmaaksters (3). Hierdie 183 beroepe verteenwoordig 37,9% van die 482 meisies wat die skool vir indiensneming verlaat het (vgl. Bylae C).

7.3.4 Die volwassenheidspeil van leerlinge wat die skool vir indiensneming verlaat (vgl. vrae 8 en 9)

- . Leerlinge se verstandelike ontwikkeling by skoolverlating is nie na wense nie. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan te vroeë skoolverlating (vgl.7.8.3). Dit moet ook in aanmerking geneem word dat 174 (37,2%) van die 469 meisies nie jaarvlak 5 voltooi het nie (vgl. Bylae C). Die syfer vir seuns vertoon ietwat beter, maar is nogtans kommerwekkend. Slegs 492 (66,2%) van die 743 seuns het jaarvlak 5 voltooi (vgl. Bylae C).
- . Die psigiese volwassenheidspeil van skoolverlatende spesiale-skoolleerlinge wek ook kommer. Hierdie aangeleentheid sal aandag geniet wanneer die aanbevelings bespreek word.

7.3.5 Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid (vgl.vrae 10 en 11)
19 respondente (79,2%) het duidelik aangedui dat die ouerbe-
trokkenheid by spesiale skole nie na wense is nie. In die lig
van die verantwoordelikheid wat die ouers het ten opsigte van
hulle kinders se opvoeding (vgl.1.2), sal ernstige aandag aan
hierdie saak geskenk moet word.

In teenstelling hiermee, kom dit voor asof die gemeenskapsbe-
trokkenheid redelik goed vertoon. Die probleemareas wat aan-
getoon word in Vraag 10(c) blyk ernstig te wees en verskeie
partye (onder meer die Transvaalse Onderwysdepartement, die
skole asook die ouergemeenskappe), sal hieraan aandag moet
skenk.

7.4 AANBEVELINGS

7.4.1 Inleiding

Uit die geraadpleegde literatuur vir hierdie ondersoek het dit
duidelik geblyk dat Spesiale Onderwys wel internasionale be-
langstelling geniet. In die Republiek van Suid-Afrika is daar
oor die afgelope dekades, maar veral gedurende die laaste,
ernstige pleidooie gelewer ten opsigte van 'n meer gemoderni-
seerde Spesiale Onderwysstelsel (R.G.N. Verslag nr. O-27:1975:
Maat (R.G.N. Verslag nr. O-40:1975 en die R.G.N. Onderzoek na
die Onderwys: Onderwys vir Kinders met Spesiale Onderwys-
behoeftes:1981). Na hierdie ondersoeke is daar aanbevelings
gedoen wat tot op hede nog nie na wense gerealiseer het nie. In
hierdie studie is die keuse van respondente spesifiek afgestem
op hoofde van spesiale skole (vgl. 5.4.1) om sodoende van die
mees temporêre knelpunte in die Transvaalse Spesiale Onderwys
aan die lig te bring.

Die terugontvangste van die vraelyste (92,3%) kan as besonder hoog beskou word (vgl. 5.3.2.2). Die aanbevelings soos hier aan die hand gedoen, kan dus as verteenwoordigend van die hoofde van spesiale skole in Transvaal gesien word. Die aanbevelings word gedoen volgens die numeriese indeling van die vraelys.

7.4.2 Aanbevelings

7.4.2.1 Aanbevelings ten opsigte van skolastiese aangeleenthede (vgl. vrae 1 - 3)

- . Die funksionele aard van die vakke behoort direk die aandag te verdien. Hierdie leerlinge is aangewese op die praktiesgerigte vakgroepe (vgl. 4.2.3.3). Die voorstel kan dus gemaak word dat hulle ook die nodige taal aanleer wat 'n besliste bydrae sal lewer ten opsigte van hulle latere beroepslewe. Hiervolgens sal 'n positiewe en stimulerende aktivering kan geskied as die skolastiese leerplanne ook die taal en terme insluit wat byvoorbeeld verband hou met motorherstelwerk, sweiswerk, bouwerk, naaldwerk, huishoudkunde, haarkappery, ensovoorts. Hierdie aanbeveling is onderhewig aan die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. Dusdoende kan die skolastiese en praktiese rigtings van die spesiale skole beter aaneenskakeling vind en die leerlinge sal die voordele hiervan geniet.
- . Onderzoek kan ingestel word om vas te stel watter beroepsgeleentheid werkgewende instansies kan aanbied en die gepaardgaande vereistes wat hulle stel ten opsigte van die indiensneming van verstandelik gestremde leerlinge. Dit kan ook 'n beter gemeenskapsbetrokkenheid meebring (vgl. 6.14.5).
- . Dit word aanbeveel dat daar aandag geskenk word aan die standarde van Afrikaans en Wiskunde (vgl. 6.3.4). Voorstelle

van respondente dat die spesialeskoolkursusse aansluiting moet vind by die laergraadvakke van die sekondêre skole blyk moontlik te wees ten opsigte van die meer begaafde leerlinge. Meetkunde kan ook ten voordeel van bogenoemde leerlinge as 'n komponent van Wiskunde ingesluit word.

7.4.2.2 Aanbevelings ten opsigte van die voorberoepsgerigte vakke met gepaardgaande indiensnemingsmoontlikhede (vgl. vrae 4 - 7)

Die aanbevelings op hierdie vrae hou direk of indirek verband met mekaar en soms is die implementering van een aanbeveling 'n voorwaarde vir die realisering van ander. As voorbeeld kan genoem word dat verlengde skoolplig kan lei tot verhoogde kwalifikasies.

- . Resultate in hierdie ondersoek het onteenseglik getoon dat daar so gou doenlik oorgeskakel moet word van die huidige jaarvlak- na 'n standerstelsel (vgl. 6.5.2 en 6.6.1). Die skolastiese oorskakeling mag ietwat netelig voorkom, maar die aanbevelings (vgl. 7.9.2.1) kan moontlik as primêre riglyne dien. By die oorskakeling van die praktiese kursusse word nie oncoorkomentlike probleme voorsien nie. Die standerstelsel mag daartoe bydra dat leerlinge van spesiale skole toelating tot vakleerlingskappe kan verkry as hulle standerd 7 slaag.
- . Daar word aanbeveel dat die skoolplig van leerlinge van spesiale skole streng toegepas word soos dit voorgeskryf is in Ordonnansie 20 van 1968, art. 9 (vgl. 3.3.2.2). Dit word aanbeveel dat spesialeskoolleerlinge intensiewe voltydse beroepsgerigte opleiding gedurende die laaste jaar van skoolplig ontvang. Die strenger toepassing van skoolplig kan

daartoe lei dat hierdie leerlinge hoër kwalifikasies kan verkry.

- . Die aantal voorberoepsrigtings wat by skole aangebied word, blyk voldoende te wees (vgl. 6.8.3). Daar kan ernstige ooringing geskenk word aan die aanbevelings van die respondente (vgl. 6.8.4) en implementering hiervan is wel moontlik as dit soos volg geskied: Swaarvoertuigbestuur en Stoffeerwerk kan as komponente van motorvoertuigherstelwerkdienste ingevoer word (vgl. 4.2.3). Vakteorieë en Tegniese Tekene kan gesien word as essensiële byvoegings tot die praktiesgerigte kursusse wat tans by die skole aangebied word. 'n Elektriese rigting kan ook as 'n komponent van motorherstelwerk deur seuns gekies word (Bedrading, ens.) of as 'n nuwe vakgroep. Deur die implementering van hierdie voorstelle kan nuwe werksgeleenthede vir leerlinge geskep word.
- . Die standaarde van beroepsopleiding ten opsigte van die praktiese vakke kan verhoog word (vgl. 6.10.3). Dit impliseer egter dat daar ook aan die volgende aandag verleen moet word (vgl. 6.9.4):
 - * Daar moet beter geleenthede en of fasiliteite geskep word vir leerlinge met 'n hoër mate van bekwaamheid.
 - * Vakteorieë behoort 'n deel van die kurrikulum te vorm.
 - * Die aanstelling van ervare beroepsleiers met voldoende praktiese ervaring en wat in noue kontak met werkgewende instansies verkeer, word wenslik geag.
 - * Instrukteur-onderwysers behoort 'n beter opleiding te geniet. Die meeste van hierdie personeel beskik nie oor enige onderwyskwalifikasies nie - hulle word hoofsaaklik aangesel op grond van hulle tegniese kwalifikasies.

Indiensopleiding vir die verkryging van 'n onderwysdiploma kan oorweeg word.

7.4.2.3 Aanbevelings ten opsigte van leerlinge se verstandelike en psigiese volwasseheidspeil by skoolverlating (vgl. vrae 8 - 9)

Aangesien respondente hulle duidelike kommer uitgespreek het ten opsigte van die verstandelike en psigiese volwasseheid van leerlinge by skoolverlating (vgl. 6.11.2 - 6.12.5), word die volgende aanbevelings gedoen:-

- . Skoolplig moet strek tot tenminste agtienjarige ouderdom.
- . 'n Beroepsgereedheidsprogram moet vir alle leerlinge wat van voorneme is om die skool te verlaat ingestel word.
- . Daar moet nasorg en steungewing verleen word aan alle skoolverlaters (vgl. 6.12.4 en 6.12.5).

7.4.2.4 Aanbevelings ten opsigte van die ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid (vgl. vrae 10 - 11)

Die ouerbetrokkenheid by spesiale skole is 'n bron van kommer (vgl. 6.13.1 - 6.13.6). Die volgende word aanbeveel vir 'n verbetering van genoemde situasie:-

- . Oueraande en funksies moet meer gereeld aangebied word. Deur beide die ouers en kinders te betrek word meer belangstelling gewek en groter deelname moontlik gemaak.
- . Skole, ouers en kinders moet poog om die stigma wat aan Spesiale Onderwys kleef te verwyder.
- . Daar moet toegesien word dat by hierdie leerlinge 'n beter toekomsverwagting geskep word (byvoorbeeld: meer bruikbare sertifikate kan in vooruitsig gestel word). Hierdie voorstel is primêr afhanklik van die vorige aanbevelings.

Die gemeenskapsbetrokkenheid noodsaak verdere stimulerings. Die volgende word aan die hand gedoen (vgl. 6.14.1 - 6.14.6):-

- . Skole kan beter aan die gemeenskap bekend gestel word. Meer aandag kan gegee word aan oueraande, uitstallings van leerlingwerk en spesiale uitnodigings kan aan die gemeenskap gerig word (vgl. ook 4.3.2).
- . Die dienslewering wat die leerlinge aan die gemeenskap bied, kan meer publisiteit geniet. Dit is essensieel dat leerlinge gedurende hulle opleiding in motorherstelwerk, sweiswerk, haarkappery en bouwerk voldoende ervaring opdoen en terselfdertyd leer hulle om met volwassenes kontak te maak wat hulle latere inskakeling by die beroepsgemeenskap kan vergemaklik.

7.5 SLOT

Hierdie ondersoek het aangetoon dat daar in die Transvaalse Spesiale Onderwys sekere knelpunte teenwoordig is. Die opvoeding van hierdie leerlinge moet ook lei tot beroepsvolwassenheid. In die lig van die huidige gebreke is daar gevolglik sekere aanbevelings gedoen wat 'n bydrae kan lewer tot beter beroepsmoontlikhede vir spesialeskoolleerlinge.

SUMMARY

In this study the author reflects on the education which pupils receive at special schools in the Transvaal.

The aim of the study has been to determine possible contributory factors to and problem areas in the present field of Special Education which might lead to special school pupils being disadvantaged in their later professional choices as adults. Following the completion of the study a number of recommendations are made which arose out of the study.

In order to obtain a proper perspective on Special Education, the following aspects were investigated: education and professional maturity; special schools; the curriculum and professional options for special school pupils; and means of measurement.

A questionnaire covering a number of important aspects of Special Education was sent to all the principals of special schools in the Transvaal. Upon receipt of the completed questionnaires they were analysed and interpreted. A Departmental Survey of special school pupils who left school in the course of 1982 was integrated with the results of the questionnaire in order to obtain a more comprehensive synthesis with regard to the education offered and the pupil's ultimate choice of profession and their employment opportunities.

From the study it emerged that there are definitely certain weaknesses within the present situation in Special Education which inhibit these pupil's professional maturity and their ultimate employment prospects.

Certain conclusions were reached and a number of recommendations were offered in order to make a contribution towards a possibly more favourable education of these pupils.

BIBLIOGRAFIE

- . BARBE, W.B. 1963. The exceptional child. Washington: The Center for Applied Research in Education, Inc.
- . BARNARD, J.S. red. 1975. Remediërende onderwys in die praktyk. Johannesburg: Perskor.
- . BARNARD, S.S. 1979. Blanke onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief. Durban: Butterworth.
- . BEST, J.W. 1972. Research in education. New Jersey: Prentice-Hall, Inc. Englewood Cliffs.
- . BORG, W.R. 1981. Applying educational research. New York: Longman Inc.
- . BORST, C.B. 1983. Opvoedende onderrig in huis, skool en kerk. Voorligter, Mei 1983, 46 (6):32.
- . BOTHA, S.P. 1981. Werk vir gestremde jeugdiges. Rehabilitasie in Suid-Afrika. 26 (2): 39-40, Junie 1982.
- . BURT, C. 1969. The backward child. London: University Press.
- . COHEN, L. & MANION, L. 1980. Research methods in education. London: Croom Helm.
- . CRAWFORD, C.C. 1928. The technique of research in education. The University of Southern Calif.
- . CRUICKSHANK, W.M. 1958. Current educational practices with exceptional children (In Cruickshank, W.M. red. Education of exceptional children and youth) New Jersey: Prentice-Hall.
- . DE LANDSHEERE, G. 1973. Inleiding tot het onderwiskundig onderzoek. Rotterdam: Standaard Wetenschappelijke uitgeverij.
- . DU PREEZ, J.J. 1977. Die verstandelik-gestremde kind - 'n totaliteitsiening. Die Unie, Sept. 1977, 74 (3):79-84.
- . ENGELHART, M.D. 1972. Methods of educational research. Chicago: Rand McNally & Co.

2. ERICKSON, M.J. 1965. The mentally retarded child in the classroom. New York: McMillan Co.
- . GARBERS, J.G. 1961. Beroepsbepaling pedagogies benader. Amsterdam: J.M. Meulenhoff e.a.
- . GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. en PLUG, C. 1979. Psi-gologie-woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.
- . GROBLER, J.A. 1967. Die gestremde kind in sy verhouding tot sy onmiddellike omgewing: ouers, huisgenote, ens. Referate gelewer tydens die Nasionale konferensie oor die gestremde kind: 22 - 31 Maart, Pretoria.
- . GUNTER, C.F.G. 1970. 'n Christelik georiënteerde opvoedings-filosofie. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.
- . HAMILTON, J.H. 1969. Die verstandelik-gestremde leerling - 'n opvoedkundig-sielkundige verkenningstudie (Ongepubli-seerde M.Ed.-skripsie) Universiteit van Stellenbosch.
- . HEWETT, F.M. & FORNESS, S.R. 1974. Education of exceptional learners. Sydney: Allyn & Bacon, inc.
- . HOPKINS, C.D. 1976. Educational research: A structure for inquiry. Ohio: Charles E Merrill.
- . JOHNSON, D.J. & MYKLEBUST, H.R. 1967. Learning disabilities, educational principles and practices. New York: Grane & Stratton.
- . Johnson, G.O. 1971. Psychological characteristics of the mentally retarded (In Cruickshank, W.M. The psychology of exceptional children and youth) New Jersey: Prentice-Hall.
- . JOHNSON, M.C. 1977. A review of research methods in education. Chicago: Rand McNally College Publishing Co.

- . JOOSTE, J.H. 1972. Die taak van die primêre skool in die stelsel van gedifferensieerde onderwys met spesiale verwysing na die oorgangsfase tussen senior primêre en junior sekondêre fases in die onderwysprogram. Onderwysbulletin, Jg/Vol. XVII (1): Maart 1973.
- . KIRK, S.A. & GALLAGHER, J.J. 1979. Educating exceptional children. Boston: Houghton Mifflin Co.
- . KIRK, S.A. & JOHNSON, G.O. 1954. Educating the retarded child. London: George G. Harrap & Co. Ltd.
- . KOHNSTAMM, P.H. 1963. Persoonlikheid in wording. Haarlem: Tjeenk Willink & Zoon.
- . KOCH, R. & KOCH, K.J. 1974. Understanding the mentally retarded child - a new approach. New York: Random House.
- . KOK, J.C. 1972. Die opvoedingsmilieu as oorweging vir gedifferensieerde onderwys. Differensiasie - SAVBO Publikasiereeks, 20 - 22 Jan. (6):3.
- . KRUGER, R.A. 1979. Beginsels en kriteria vir kurrikulum ontwerp (Proefskrif (D.Ed) RAU.
- ✓ . LE ROUX, A.G. 1970. Die verstandelik vertraagde kind. Pretoria: Van Schaik.
- . LOGUE, G., APPLEFORD, M., DESAI, I., JUNGHBLUTHE, C. & WOLMARANS, D. 1972. The slow learning child. Durban: Phoenix Publications.
- . LOVE, H.D. 1970. Parental attitudes toward exceptional children. Illinois: Charles C. Thomas.
- . LOVELL, K. & LAWSON, K.S. 1970. Understanding research in education. University of London Press Ltd.
- . MAAT, S.J. 1975. Onderwys en Skoolvoorligting vir Verstandelik Gestremde Leerlinge (R.G.N. Verslag Nr. O-40) Pretoria.

- . McLEOD, J. red. 1968. The slow learner in the primary school. Sydney: Ian Novak.
- . MORTENSEN, D.G. & SCHMULLER, A.M. 1966. Guidance in today's schools (2nd edition). New York: John Wiley & Sons.
- . MORTENSEN, D.G. & SCHMULLER, A.M. 1976. Guidance in today's schools. (3rd edition). New York: John Wiley & Sons.
- . MOULY, G.J. 1978. Educational research. Toronto: Allyn & Bacon, Inc.
- . NIEMANN, G.S. 1979. Die ontwikkeling van gedifferensieerde sekondêre onderwys vir blankes in Transvaal, 1910 - 1975 (ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO).
- . NORRIS, W., HATCH, R.N., ENGELKES, J.R. & WINBORN, B.B. 1979. The career information service (4th edition). Chicago: Rand McNally College Publishing Co.
- . PERRY, N. 1974. Teaching the mentally retarded child. New York: Columbia-University Press.
- . RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1975. Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys.. 'n Nasionale Onderwysstelsel vir Verstandelik Gestremde Leerlinge. Dl. III, Vol. 8. Verslag nr. 0 - 27.
- . RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Onderzoek na die Onderwys: Onderwys vir Kinders met Spesiale Onderwys-behoeftes. Pretoria.
- . RADLEY, R. 1962. Die verstandelik vertraagde. Rehabilitasie in S.A., Junie, 6 (20):95-103. Pretoria.
- . ROBBERTSE, P.M. 1972. Die misdeelde kind en sy beroepsmoontlikhede in die moderne maatskappy (R.G.N. Publikasie Nr. 33: 3. Pretoria: N.G. Boekhandel.

- . ROGERS, C.R. 1961. On becoming a person. Boston: Houghton Mifflin Co.
- . SAX, G. 1979. Foundations of educational research. New Jersey: Prentice-Hall, Inc. Englewood Cliffs.
- . SLATER, E. & ROTH, M. 1969. Clinical psychiatry. London: Baillière, Tindall & Cassell.
- . STANDER, G. 1981. Die gestremde kind (R.G.N. Onderzoek na die Onderwys: Onderwys vir Kinders met Spesiale Onderwys-behoeftes. Pretoria.
- . STEENKAMP, W.L., DU PREEZ, J.J. & BEKKER, J.P. 1981. Die stadige leerder in die spesiale klas. Durban: Butterworth.
- . STEENKAMP, E. & STEENKAMP, W. 1979. Die verstandelik gestremde kind. Durban: Butterworth.
- . STEYN, H.J. 1979. Beroepsleiding in die spesiale skool. (T.O.D. Oriënteringskursus van hoofde van spesiale skole). Pretoria.
- . TELFORD, C.W. & SAWREY, J.M. 1977. The exceptional individual. New Jersey: Prentice-Hall.
- . TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Des. 1982. Pretoria.
- . TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Onderwysnuusflitse(34):34. Maart 1973.
- . TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Spesiale Kursus. 'n Beroepslys met toepaslike onderwyskeuses en moontlike werkgewende instansies. Inligtingstuk Nr. 5.
- . TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. 1981. Handleiding vir Spesiale Onderwys. Pretoria.

- . TUCKMAN, B.W. 1978. Conducting educational research (2nd edition) New York: Harcourt-Brace-Jovanovich, Inc.
- . VAN DER MERWE, A.A. 1973. Die nuwe (1973) gedifferensieerde onderwysstelsel in Transvaal. Onderwysbulletin Jg/Vol. XVII (I):4-48, Maart 1973. Pretoria.
- . VAN DER MERWE, A.A. 1982. The whole problem of the under-achieving child with reference to self-image and future manpower utilisation. Education Bulletin. April 1982. Vol.XXVI (I):36.
- . VAN WYK, J.H.H. 1974. Onderwysvoorsiening aan die verstandelik vertraagde blanke leerling in Transvaal tot 1970. (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO).
- . VAN WYK, J.H. 1975. Die opvoedingstaak van die skool van die een-en-twintigste eeu. COVSA publikasie.
- . VAN ZYL, P. 1973. Opvoedkunde Dl.I. Johannesburg. Boekhandel De Jong (Edms.) Bpk.
- . VAUGHAN, T.VAN B. 1981. Die onderwys van onderrigbare verstandelik gestremde leerlinge (R.G.N. Onderzoek na die Onderwys: Onderwys vir Kinders met Spesiale Onderwysbehoeftes. Pretoria.
- . VEDDER, R. 1978. Kinderen met leer- en gedragmoeilijkheden. (8ste druk). Groningen: Wolters-Noordhoff.
- . WEINER, B.B. 1978. (In Sapir, S.G. & Wilson, B. A professional's guide to working with the learning disabled child. New York: Brunner/Mazel Publishers.
- . WOLMAN, B.B. red. 1965. Handbook of clinical psychology. New York: McGraw-Hill Book Co.

. WETTE EN ORDONNANSIES:

- . SUID-AFRIKA (Republiek). Wet op Nasionale Onderwysbeleid 39 van 1967.
 - . TRANSVAAL (Provinsie). Ordonnansie R 2029: Wet op Nasionale Onderwysbeleid 1967 - Onderwys in Skole. Staatskoerant, 12 Nov. 1971.
 - . TRANSVAAL (Provinsie). Ordonnansie 20 van 1968: Spesiale Onderwys.
-

BYLAAG A: BEGELEIDENDE BRIEF

Die Skoolhoof

.....

.....

Mnr. J.P. Goussard

Drommedarisstraat 11

POTCHEFSTROOM

.....

Geagte meneer

Ek is tans besig met M.Ed.-navorsing oor Spesiale Onderwys in Transvaal. Aangesien hierdie ondersoek u as hoof wat Spesiale Onderwys op die hart dra, direk raak, word u vriendelik versoek om die ingeslote vraelys te voltooi en so spoedig moontlik aan bostaande adres terug te stuur.

U individuele bydrae is noodsaaklik vir die suksesvolle afhandeling van hierdie ondersoek.

Wees asseblief verseker dat die beantwoording van die vraelys as absoluut vertroulik hanteer sal word.

Aangeheg vind asseblief die nodige toestemmingsbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement vir hierdie ondersoek.

Baie dankie vir u bereidwillige samewerking

Die uwe

.....

J.P. Goussard

BYLAAG B: VRAELYS AAN HOOFDE VAN SPESIALE SKOLE
IN TRANSVAAL

Die vraelys bevat 11 vrae. Vrae 1 tot 3 handel uitsluitlik oor skolastiese aangeleenthede. Vrae 4 tot 7 is gerig op die beroepsgerigte vakke met gepaardgaande indiensnemingsmoontlikhede. Vrae 8 en 9 handel oor die volwassenheidspeil van die leerlinge en vrae 10 en 11 is gerig op die mate van ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid.

U word vriendelik versoek om alle vrae te beantwoord.

Skrap asseblief die antwoord wat nie vir u van toepassing is nie. (bv. Ja/~~Nee~~....as u antwoord Ja is).

Die volgende 3 vrae is gerig op skolastiese aspekte:-

1(a) Moet die hoeveelheid vakke van die huidige skolastiese leerprogram uitgebrei word? Ja/Nee

(b) Indien u Ja antwoord, watter vakke beveel u aan?

.....
.....

2	Moet die standaard van die volgende skolastiese leerplanne verhoog word?	Afrikaans	Ja/Nee
		Engels	Ja/Nee
		Wiskunde	Ja/Nee
		Kulturele vakke	Ja/Nee

3(a) Lewer die huidige skolastiese leerplanne voldoende bydraes tot die finale beroepsgevormdheid van die leerlinge? Ja/Nee

(b) Indien u Nee antwoord, doen asseblief aanbevelings:-

Vrae 4 tot 7 handel oor die beroepsgerigte vakke en die indiensnemingsmoontlikhede van leerlinge:-

4(a) Het die jaarvlakstelsel 'n negatiewe effek op die indiensneming van leerlinge? Ja/Nee

(b) Motiveer asseblief u antwoord
.....

(c) Sal 'n standerdstelsel indiensneming positief stimuleer? Ja/Nee

(d) Motiveer u antwoord asseblief
.....

5(a) Oor die algemeen gesproke, meen u dat verlengde skoolplig vir die leerlinge hulle indiensnemingsmoontlikhede noemenswaardig sal verhoog? Ja/Nee

(b) Motiveer u antwoord asseblief.....
.....

6(a) Meen u dat die aantal beroepsrigtings waarin leerlinge aan u skool opgelei word, uitgebrei behoort te word? Ja/Nee

(b) Indien u Ja antwoord, watter beroepsrigtings sou u verder by u skool wil aanbied?
.....

7(a) Meen u dat die standaard van beroepsopleiding van leerlinge hoog genoeg is as hulle die skool verlaat? Ja/Nee

(b) Indien u Nee antwoord, dui aan in watter mate die standaard verhoog behoort te word:-
.....

(c) Indien die standaard van beroepsopleiding
verhoog word, meen u dat dit tot verhoogde
indiensneming sal lei? Ja/Nee

Vraag 8 en 9 handel oor die volwassenheidspeil van
die leerlinge by skoolverlating:

8(a) Is u van mening dat die meerderheid leerlinge
wat u skool verlaat vir indiensneming verstande-
lik voldoende ontwikkel is? Ja/Nee

(b) Indien u Nee antwoord, doen asseblief aanbe-
velings:-
.....

9(a) Is u tevrede met die psigiese volwassenheid van
die meerderheid van die leerlinge (emosionali-
teit, selfstandigheid, verantwoordelikheid, ens.)
by hulle skoolverlating? Ja/Nee

(b) Indien u Nee antwoord, doen asseblief aanbevelings:
.....
.....

Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid:-

10(a) Is die mate van ouerbetrokkenheid by u skool
bevredigend? Ja/Nee

(b) Indien u Ja geantwoord het, waarin kom die
ouerbetrokkenheid na vore?
.....

(c) Indien u Nee geantwoord het, wat beveel u aan
om groter ouerbetrokkenheid te bewerkstellig?
.....
.....

11(a) Is die mate van gemeenskapsbetrokkenheid by u
skool bevredigend?

Ja/Nee

(b) Indien u Ja geantwoord het, waarin kom die ge-
meenskapsbetrokkenheid na vore?

.....
.....

(c) Indien u Nee geantwoord het, wat beveel u aan
om groter gemeenskapsbetrokkenheid te bewerk-
stellig?

.....
.....

BAIE DANKIE VIR U BEREIDWILLIGE SAMEWERKING

BYLAAG C: DEPARTEMENTELE OPNAME VAN SKOOLVERLATORS VAN
SPESIALE SKOLE (1982)

BEROEPE VAN SKOOLVERLATORS : SEUNS: 1982

<u>BEROEP OF WERKGEWER</u>	<u>AANTAL</u>	<u>%</u>
1 Boerdery	12	1,5
2 Boubedryf	10	1,3
3 Elektrisiën/Radiotegnikus	2	0,2
4 Fotograaf	1	0,1
5 Gereedskapmaker	1	0,1
6 Glasfabriek	2	0,2
7 Groentewinkel/smous	4	0,5
8 Haarkapper	1	0,1
9 Handlanger	2	0,2
10 Kaasmaker	1	0,1
11 Ketelmaker	5	0,6
12 Konstruksiewerker	3	0,3
13 Kontroleerder	1	0,1
14 Koöperasie	2	0,2
15 Letterskilder	3	0,3
16 Loodgieter	2	0,2
17 Motorherstelwerk	19	2,4
18 Mynbou	12	1,5
19 Nutsman	6	0,7
20 Operateur	32	4,1
21 Oppasser (gestremdes)	2	0,2
22 Paneelklop en Spreiverf	43	5,6
23 Papierfabriek	1	0,1
24 Plaagbeheerder	1	0,1
25 Plaatmetaalwerker	4	0,5

26	Poskantoor	30	3,9
27	S.A. Vervoerdienste	24	3,1
28	Sirkus	1	0,1
29	Skoonmaker	3	0,3
30	Skrynwerker	8	1,0
31	Slagpale/slaghuis	11	1,4
32	Sleutelmaker	1	0,1
33	Sorteerder(medisyne)	1	0,1
34	Stoorman	1	0,1
35	Sweiser	21	2,7
36	Tegnikus	1	0,1
37	Transvaalse Provinsiale Adminis- trasie (Paaie, hospitale, ens.) en Munisipaliteit	7	0,9
38	Vakleerling (Sweis, paneelklop, skrynwerk	35	4,5
39	Verkoopman/klerk/assistent	11	1,4
40	Verwer	1	0,1
41	Vormmaker	1	0,1
42	Vragmotorbestuurder	2	0,2
43	Yskashersteller	1	0,1
A	Beskutte arbeid/Welsyn/ongeskik vir arbeid	11	1,4
B	Verhuis	8	1,0
C	Dros	6	0,7
D	Soek werk (Mannekrag)	9	1,1
E	Werkloos/onbekend	147	19,1
F	Verdere studie/opleiding - veral as tegnikus	26	3,3
G	Diensplig: Jan./Julie	227	29,6
		766	100,0%

SEJNS: SKOOLVERLATERS (1982)

SKOOL	OUDERDOM					Totaal	JAARVLAK				
	16	17	18	19	20		1	2	3	4	5
1	21	9	7	1	-	38	3	-	2	17	16
2	6	57	1	-	-	64	-	1	1	12	50
3	2	13	22	2	1	40	-	-	2	21	17
4	7	17	3	-	-	28	-	-	2	2	24
5	16	11	4	-	-	31	-	1	1	11	18
6	-	9	12	5	3	29	-	-	6	10	13
7	-	12	-	-	-	12	-	-	-	3	9
8	-	8	4	1	-	13	-	-	-	-	13
9	-	9	28	5	-	42	-	-	-	7	35
10	3	29	16	-	-	48	-	-	3	2	43
11	-	17	3	1	1	22	-	-	2	-	20
12	1	33	2	3	-	39	-	-	4	5	30
13	1	6	2	1	-	10	-	-	1	3	6
14	1	29	9	-	-	39	-	-	2	6	31
15	-	48	-	-	-	48	-	-	-	30	18
16	16	11	3	-	-	30	-	3	7	9	11
17	12	12	8	-	-	32	2	2	2	10	16
18	-	3	6	-	-	9	-	-	-	-	9
19	24	14	2	-	1	41	-	-	14	15	12
20	-	5	4	-	1	10	-	-	1	7	2
21	-	1	35	2	-	38	-	-	-	5	33
22	-	3	10	-	-	13	-	-	-	2	11
23	-	30	5	1	-	36	-	-	-	-	36
24	6	20	4	1	-	31	1	-	4	7	19
	116	407	190	23	7	743	6	7	54	184	492
%	15,6	54,7	25,5	3,1	1,0	100	0,8	0,9	7,2	24,7	66,2

BEROEPE VAN SKOOLVERLATERS: MEISIES: 1982

<u>BEROEP OF WERKGEWER</u>		<u>AANTAL</u>	<u>%</u>
1	Ammunisiefabriek	1	0,2
2	Dierebeskerming	1	0,2
3	Droogskoonmakers	1	0,2
4	Drukkery-assistente	4	0,8
5	Haarkappery	49	10,1
6	Klerk/Kassiere/Winkelassistente	95	19,7
7	Letterskilder	1	0,2
8	Matrone(assistente)	4	0,8
9	Model	1	0,2
10	Nutsdame	5	1,0
11	Ontvangsdame	2	0,4
12	Operatrise	1	0,2
13	Oppaster (kleuterskole, ens.)	9	1,8
14	Plaas/Boerdery	2	0,4
15	Poskantoor: Telefoniste/Bestellers, ens.	42	8,7
16	Suid-Afrikaanse Vervoerdienste	14	2,9
17	Suid-Afrikaanse Weermag	3	0,6
18	Skoonmaaksters	3	0,6
19	Slaghuis	1	0,2
20	Verpleging/Hospitaal	18	3,7
A	Verdere opleiding/studie, ens.	52	10,7
B	Vrystelling/Beskutte arbeid	10	2,0
C	Getroud/Swanger	35	7,2
D	Verhuis - ander provinsies	5	1,0
E	Dros	1	0,2
F	Onbekend/Werkloos	122	25,3
		482	100,0

MEISIES: SKOOLVERLATORS: (1982)

	<u>SKOOL:</u> <u>OUDERDOM</u>						<u>JAARVLAK</u>				
	16	17	18	19	20	Tot.	1	2	8	4	5
1	19	6	4	2	-	31	-	3	3	12	13
2	5	22	-	-	-	27	-	1	2	7	17
3	2	12	8	2	-	24	-	-	2	13	9
4	9	4	4	1	-	18	-	-	2	1	15
5	12	8	3	-	-	23	-	1	1	9	12
6	-	8	2	1	-	11	-	-	-	4	7
7	2	9	3	1	-	15	-	-	1	6	8
8	-	1	2	-	-	3	-	-	-	1	2
9	-	13	6	2	-	21	-	-	4	4	13
10	11	5	4	2	-	22	-	-	1	7	14
11	-	11	4	-	-	15	-	-	-	-	15
12	12	21	4	-	-	37	-	-	3	5	29
13	1	5	-	-	-	6	-	-	1	2	3
14	2	17	3	-	1	23	-	-	1	5	17
15	-	23	-	-	-	23	-	-	-	9	14
16	3	12	8	-	-	23	2	2	2	8	9
17	10	7	3	-	-	20	-	-	1	3	16
18	-	8	2	-	-	10	1	-	1	2	6
19	19	11	1	-	-	31	-	-	8	15	8
20	2	2	5	-	-	9	-	-	-	5	4
21	1	3	14	1	1	20	-	-	1	3	16
22	-	13	7	3	-	23	-	-	-	-	23
23	-	12	5	-	-	17	-	-	-	-	17
24	6	8	2	1	-	17	-	-	3	6	8
	116	241	94	16	2	469	3	7	37	127	295
%	24,7	51,3	20,0	3,4	0,4	100%	0,6	1,4	7,8	27,0	62,8

LYS VAN TABELLE

6.1	Vraag 1(a) "Moet die hoeveelheid vakke van die huidige skolastiese leerprogram uitgebrei word?"	76
6.2	Vraag 2 "Moet die standarde van die volgende skolastiese leerplanne verhoog word: Afrikaans, Engels, Wiskunde en kulturele vakke?"	78
6.3	Vraag 3(a) "Lewer die huidige skolastiese leerplanne voldoende bydraes tot die finale beroepsgevormdheid van die leerlinge?"	79
6.4	Vraag 4(a) "Het die jaarvlakstelsel 'n negatiewe effek op die indiensneming van leerlinge?"	81
6.5	Vraag 4(c) "Sal 'n standerdstelsel indiensneming positief stimuleer?"	82
6.6	Vraag 5(a) "Oor die algemeen gesproke, meen u dat verlengde skoolplig vir die leerlinge hulle indiensnemingsmoontlikhede noemenswaardig sal verhoog?"	84
6.7	Vraag 6(a) "Meen u dat die aantal beroepsrigtings waarin leerlinge aan u skool opgelei word, uitgebrei behoort te word?"	86
6.8	Vraag 7(a) "Meen u dat die standaard van beroepsopleiding van leerlinge hoog genoeg is as hulle die skool verlaat?"	87
6.9	Vraag 7(a) "Indien die standaard van beroepsopleiding verhoog word, meen u dat dit tot verhoogde indiensneming sal lei?"	89

6.10	Vraag 8(a) "Is u van mening dat die meerderheid leerlinge wat u skool vir indiensneming verlaat verstandelik voldoende ontwikkel is?"	91
6.11	Vraag 9(a) "Is u tevrede met die psigiese volwassenheid van die meerderheid van die leerlinge (emosionaliteit, selfstandigheid, verantwoordelikheid, ens.) by hulle skoolverlating?"	92
6.12	Vraag 10(a) "Is die mate van ouerbetrokkenheid by u skool bevredigend?"	94
6.13	Vraag 11(a) "Is die mate van gemeenskapsbetrokkenheid by u skool bevredigend?"	96